


'n Vergelyking tussen die verengelsingsbeleid na die Tweede Britse besetting van die Kaap aan die begin van die 19de eeu en die verengelsingsbeleid na die oorname van die ANC-regering in 1994 in Suid-Afrika

Student: Belinda Gabriels



Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister in die Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier: Dr. G.S. van der Merwe

Desember 1999

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Voorwoord

In hierdie werkstuk word die stelselmatige verdringing van Afrikaans deur Engels na die oorname van die ANC-regering in 1994 onder die loep geneem. Na 1994 het Afrikaans net nog een van elf amptelike tale geword. Alhoewel die elf tale se amptelike status in die grondwet verskans word, word hier aangetoon hoe Engels in die praktyk voorrang geniet.

Hierdie verdringing van Afrikaans deur Engels toon sterk ooreenkomste met Somerset se verengelsingsbeleid tydens die tweede Britse besetting aan die begin van die 19de eeu. Deur dié verengelsingsbeleid is gepoog om alle bande met die vorige heerser van die Kaap, naamlik Nederland, te verbreek en om hegte bande met die moederland, Brittanje te smee. Dit was gemik op die drie vestings van die Hollandse kultuur, naamlik die onderwys, die kerk en die regstelsel. Hierdie verengelsingsbeleid het grootliks aanleiding gegee tot die ontstaan van Afrikanernasionalisme en die Afrikaanse letterkunde.

Na die ANC-oorname is Afrikaans op die agtergrond geskuif weens die verbintenis van die taal met Afrikanernasionalisme en die apartheidsregering. Ons sien hoe Afrikaans - net soos tydens die tweede Britse besetting - stelselmatig in die regeringsinstansies en openbare dienste deur Engels verdring word. Die werkstuk fokus op die verengelsingsbeleid en die afskaling van Afrikaans na 1994, die invloed daarvan op die ontwikkeling van Afrikaans en 'n vergelyking tussen die twee verengelsingsperiodes. Daar word veral gelet op Afrikaans as oorlewingstaal wat van onderdrukkerstaal en weerstandstaal ontwikkel het tot inklusiewe en versoeningstaal.

Summary

This document evaluates the Anglisation policy of the ANC-government since 1994. After 1994 Afrikaans lost its privileged status of the apartheid years to become one of eleven official languages of South Africa. Although the official status of all eleven languages are entrenched in the constitution, English are in practice becoming the lingua franca of the government to the detriment of the Afrikaans language.

This supplanting of Afrikaans by English shows a marked resemblance to Somerset's Anglisation policy during the second British rule (1806). The policy of Anglisation was an attempt to sever all links with the previous Dutch rule at the Cape. It aimed to obliterate the Dutch culture by Anglicizing the schools, the judiciary and the church. This in turn gave rise to Afrikaner nationalism and the creation of Afrikaans literature.

After the formation of the ANC-government in 1994 Afrikaans was downscaled due to its links with the previous apartheid government. Similar to the second British rule, Afrikaans is substituted by English in the government services and public life. This document looks at the Anglisation policy of the ANC-government and the downscaling of Afrikaans after 1994; its influence on the development of the Afrikaans language and a comparison between the two Anglisation periods. A special emphasis is placed on the survival qualities of Afrikaans and its metamorphosis from the language of the oppressor to that of a language of reconciliation and inclusiveness.

INHOUDSOPGAWE

1.	Die Verengelsingsbeleid aan die Kaap (1806-1875)	
1.1	Inleiding	1
1.2	Die verengelsingsbeleid	4
1.2.1	Die verengelsing van die kerk	5
1.2.2	Die verengelsing van die onderwys	8
1.2.3	Die verengelsing van die regstelsel	12
1.3	Die mislukking van die verengelsingsbeleid	13
1.3.1	Redes vir die mislukking	14
1.4	Die teenreaksie op die verengelsingsbeleid	16
1.4.1	Die ontstaan van Afrikanernasionalisme	18
1.4.1.1	Die Afrikanerbond	21
1.4.2	Die media	22
2.	Die verengelsingsbeleid en die afskaling van Afrikaans na 1994	
2.1	Inleiding	23
2.1.1	Taal en etnisiteit	24
2.1.2	Die Kaapse beweging	25
2.1.3	Die geografiese verspreiding van Afrikaans	27
2.2	Die status van Afrikaans sedert 1994	28
2.2.1	SAUK se afskaling van Afrikaans	29
2.2.2	Verengelsing van SAL	31
2.2.3	Verengelsing van Eskom	32
2.2.4	Verengelsing van die Poskantoor	32
2.2.5	Verengelsing van die Polisie	33
2.2.6	Verengelsing van die Departement van Arbeid	33
2.2.7	Verengelsing van die skoolbeleid	33
2.3	Reaksie teen die afskaling van Afrikaans	35
2.3.1	Openbare protes teen die afskaling van Afrikaans	35

2.3.2	Die stigting van nuwe taal- en kultuurorganisasies	38
2.3.2.1	Pansat	39
2.3.2.2	Oorlegplatform	41
2.4	Redes vir versaking van Afrikaans en voorkeur aan Engels	41
2.5	Verhoogde inklusiwiteit van Afrikaans	42
2.6	Samevatting	43
3.	Die invloed van die ANC-verengelsingsbeleid op die ontwikkeling van Afrikaans	
3.1	Inleiding	44
3.2	Die afbreek van die preutse/konserwatiewe beeld van Afrikaans	44
3.2.1	Televisie	45
3.2.2	Tydskrifte	46
3.2.3	Koerante	47
3.2.4	Die reklamewese en die Afrikaanse taal	48
3.2.5	Musieklirieke	53
3.2.6	Die Letterkunde	56
3.2.7	Seks in Afrikaans	59
3.2.8	Wilde Afrikaanse Woordeskat	60
3.2.9	Afrikaanse Taalfeeste	62
3.2.9.1	Die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees	62
3.2.9.2	Aardklop, die Nasionale kunstefees in Potchefstroom	65
3.2.10	Afrikaans betree die Internet	66
3.3	Afrikaans as oorlewingstaal	68
3.3.1	Afrikaans se voortbestaan berus op krag van sy variëteite	69
4.	'n Vergelyking tussen die twee verengelsingsperiodes	
4.1	Inleiding	72
4.2	Ooreenkomste en verskille tussen die twee verengelsingsperiode	73
4.2.1	Die onderwys	73

4.2.2	Die kerk	76
4.2.3	Die regstelsel	78
4.3	Die verskil in kontak met Engels tussen die twee periodes.	80
4.3.1	Die diglossie tussen die spreektaal en skryftaal	81
5.	Slotsom	84
	Bronnelys	90

Hoofstuk 1

Die Verengelsingbeleid aan die Kaap (1806-1875)

1.1 Inleiding

Die Kaap het in 1795 onder Britse bewind gekom. Hiermee is die beheer van die Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanje (VOC) van bykans anderhalf eeu beëindig en het die Kaap 'n oorgangsfase betree wat tot 1806 sou duur. Gedurende dié oorgangstyd het die bestuur aan die Kaap twee keer verander. Eers het die Britte die Kaap vanaf 1795 tot 1803 beheer. Daarna was die Kaap weer vir 'n kort periode, 1803-1806, onder die beheer van die Bataafse regering in Nederland en onder die sorg van die Asiatiese Raad, die liggaam wat vir die administrasie en verdediging van die Hollandse kolonie verantwoordelik was. Daarna is die Kaap weer onder Britse bewind geplaas.

Sowel Brittanje as die sogenaamde Bataafse Republiek het bestuursveranderinge in die Kaap aangebring wat hulle benadering teenoor die Kaap duidelik weerspieël het. Volgens Van Aswegen (1989: 163) was dit vir Brittanje, wat die Kaap pas militêr verower het, nodig om sy gesag stewig te vestig. Só het Brittanje na die eerste Britse besetting van die Kaap in 1795, die Kaap onder die militêre bestuur van goewerneur Craig geplaas. Hierdeur wou Brittanje enige tekens van onrus en verset in die kiem smoor.

In 1797 is die militêre bestuur met 'n burgerlike bestuur onder goewerneur George Macartney vervang. Hierdie vorm van bestuur het tot 1806 voortgeduur. Daarna het die Britse bestuurstelsel 'n tipiese Kroonkoloniebestuur aangeneem. Aan die hoof van die kolonie was 'n goewerneur wat as die direkte verteenwoordiger van die Britse owerheid in Londen met volle wetgewende, uitvoerende en regterlike gesag bekleed was. Hy was ook die hoogste militêre bevelvoerder. Hierdie goewerneur het sy mag deur proklamasies bekragtig en het slegs aan die Minister van Kolonies in Londen

verantwoording gedoen. Volgens Muller (1968: 123) was die regspraak ondergeskik aan die goewerneur omdat hy al die lede van die Raad van Justisie, behalwe die president, kon benoem en ontslaan. Alle gesag, in sowel strafregtelike as burgerlike appèlhowe, het ook by die goewerneur berus.

Hy moes regeer ooreenkomstig die bestaande wette en instruksies wat hy van Londen ontvang het. As gevolg van die afstand het baie tyd met korrespondensie verlore gegaan. Daarom was die goewerneur dikwels verplig om eers op te tree en dan te wag vir bekragtiging daarvan uit Londen. Intussen het soveel tyd verstryk dat ministeriële aanwysings weinig sin gehad het. “Die Politieke Raad van die VOC-tydperk het verdwyn, en die goewerneur was in baie opsigte ’n alleenheerser slegs verantwoordelik aan die owerhede in Londen” (Van Aswegen, 1989: 164).

By oornamte het die Britse moondheid die koloniste belowe om die bestaande wette, voorregte en godsdienste te waarborg. “Toe die Kaap in Januarie 1806 vir die tweede keer in Engelse hande oorgaan, is die koloniste - net soos by die eerste inbesitname van 1795 - deur die voorwaardes van oorgawe die behoud van hul regte en voorregte gewaarborg. Engeland was dus gebonde om, voorlopig altans, geen veranderings van belang in die bestuursvorm van die Kolonie te maak nie en die instellings en gebruike van die ou inwoners onaangetaas te laat” (Scholtz, 1966: 4). So is die kerkorde en die Bataafse administrasie in die binnelandse distrikte behou, maar is die sentrale regeringstelsel deur ’n outokratiese eenmansbewind vervang. “Die regeringsvorm was outokraties met die goewerneur as hoof van die uitvoerende, wetgewende en regterlike mag. Daar was selfs nie eers ’n raadgevende liggaam om sy gesag te kontroleer nie” (Van der Walt, 1978: 157).

Die Britte het aanvanklik min veranderinge aangebring wat die plaaslike bestuursinstelling betref. Met uitsondering van die topstruktuur van die administrasie, het hulle van bekwame plaaslike amptenare gebruik gemaak. Die burgers is, soos tydens die bewind van die VOC, in die onderskeie burgerlike administratiewe liggame

behou. Die Romeins-Hollandse reg is as basis vir die regspraak behou, hoewel sekere Britse amptenare die toepassing van die Engelse reg bepleit het. Die stelsel van landdroste, heemrade en veldkornette is onveranderd in die distrikte behou. Om die administrasie van die distrikte te verbeter, is sommige bestaande distrikte verklein deur nóg drie distrikte, elk met sy eie plaaslike bestuur, te skep.

Die kerk was die vernaamste vesting vir die voortbestaan van die Hollandssprekende koloniste. Daarom het die nuwe Britse owerheid doelbewus daaraan gewerk om die kerk tot 'n gewillige werktuig van die veroweraar te bearbei. Die instelling van 'n kommissaris-politiek, wat die staat in die Kaapstadse kerkraad verteenwoordig het, dateer uit die tyd toe die Gereformeerde Kerk die staatskerk was. Lord Charles Somerset, wat in 1814 vir Sir John Cradock as goewerneur van die Kaap opgevolg het, het die staat se beheer oor die kerk verstewig deur die landdroste tot kommissarispolitiek in hulle onderskeie distrikte te benoem.

Somerset is met die afskaffing van die Nederlandse Politieke Raad met volle uitvoerende, wetgewende en regterlike mag bekleed. Hy was ook die hoogste militêre gesag. Sy optrede was slegs verantwoordbaar aan die koloniale sekretaris wat die Britse Kroon verteenwoordig het. In hierdie omstandighede het Somerset byna *carte blanche* gehad om 'n verengelsingbeleid aan die Kaap van stapel te stuur.

Nederlands was tot 1800 die amptelike taal aan die Kaap en Kaaps-Hollands die verkeerstaal in die Kaapkolonie. Na die tweede Britse besetting in 1806 het toestande so drasties verander dat Engels in 1822 as taal van die staatsdiens geproklameer is. Die regeringsdienste sou dus heeltemal verengels. Volgens Kannemeyer (1976: 8) het die taalproklamasie onder meer verklaar dat “the English language be exclusively used in all Judicial Acts and proceedings, either in the supreme or inferior Courts of this Colony... and that all official Acts and Documents, of the several public Offices of this Government ... be drawn up and promulgated in the English language”. Die proklamasie sou vanaf 1 Januarie 1827 in werking tree. Volgens Ponelis (in Prinsloo en

Van Rensburg, 1984: 36) het die oorname van die Kaap die Goeie Hoop deur Engeland 'n totale omwenteling teweeggebring wat mettertyd drasties op die ganse lewe en ook die taaltoestand aan die Kaap ingewerk het.

Die oorname van 'n Nederlandse kolonie waar die voertaal Nederlands was - en in 'n mate ook Afrikaans in sy Afrika-vorm - het allerlei probleme vir die Engelstalige heersers geskep. Op die alledaagse omgangsvlak was die probleme nie so ernstig nie, maar op amptelike vlak het die gebruik van Nederlands in korrespondensie en in howe vir die amptenare baie lastighede veroorsaak. So het goewerneur Cradock (1811-1814) in 1811 die stelselmatige verengelsing van die Kaapkolonie by die Britse Minister van Kolonies bepleit. In 1813 is 'n proklamasie deur Cradock uitgevaardig waarin kennis van die Engelse taal as 'n voorvereiste gemaak is vir die aanstelling van persone in die staatsdiens. Hy het die Kapenaars terselfdertyd op die voordele van die Engelse taal gewys. Hoewel Cradock se proklamasie nie streng uitgevoer is nie, het die idee dat Engels die amptelike taal van die kolonie moes wees, al hoe sterker posgevat. Die Britse Minister van Kolonies, H. Bathurst, asook senior amptenare aan die Kaap, het die idee as deel van 'n groter verengelsingprogram bepleit.

Reeds op 20 Februarie 1813 het 'n regeringskennisgewing in die *Cape Town Gazette* en *African Advertiser* die voordele aangetoon wat 'n uitgebreide kennis van die Engelse taal vir enigiemand inhou wat in die regeringsdiens wou tree. "Hierdie voorwaarde is inderdaad by alle nuwe aanstellings streng nagekom, sodat daar ná tien jaar feitlik niemand in die regeringskantore was wat nie behoorlik Engels geken het nie en die algehele verengelsing van die staatsdiens 'n betreklike gemaklike taak was" (Scholtz, 1966: 6).

1.2. Die verengelsingbeleid

In 1814 is Nederland gedwing om kragtens die bepalings van die vrede van Parys vir goed afstand van die Kaap te doen. Die eerste goewerneur onder die nuwe

kroonkoloniebesteding, was Lord Charles Somerset (1814-1827). Hy was 'n lid van die invloedryke, aristokratiese Beaufort-familie wat geen teenstand geduld het nie. As gevolg van sy invloedryke familie, sy outokratiese inslag, en die feit dat permanente Britse besetting van die Kaap nou verseker was, het Somerset sterker as sy voorgangers opgetree. "Hierdie lid van die invloedryke, aristokratiese Beaufort-familie was die toonbeeld van Tory-reaksionisme. Hiermee is 'n nuwe tydvak ingelui" (Muller, 1968: 125). Somerset het alles in die stryd gewerp om die kolonie stelselmatig te verengels. Hy kon dit doen omdat die Kaap na 1814 onder Britse bewind was.

Dit was veral Somerset se taalproklamasie van 5 Julie 1822 wat die verengelsing tot 'n spits gedryf het. In opdrag van Bathurst, die Britse Minister van Kolonies, het Somerset 'n proklamasie uitgevaardig waardeur Engels tot amptelike taal verhef is. 'n Tydskaal is ook gegee waarvolgens die proklamasie in werking sou tree.

Die verengelsingbeleid is nie baie sterk afgedwing nie en regters, landdroste en heemrade is nog in 1828 toegelaat om Hollands in hulle verrigtinge te gebruik (Van der Walt, 1978: 166).

Omdat daar geen waarborg was dat 'n Engelse staatsdiens noodwendig 'n verengelsing van die koloniste teweeg sou bring nie, was subtieler metodes nodig om dit te bewerkstellig. Daarom is die kerk en onderwys as terreine geïdentifiseer om algehele verengelsing tot stand te bring.

1.2.1 Die verengelsing van die Kerk

Die VOC het 'n redelike strak kerkorde met die Gereformeerde Kerk (N.G. Kerk) as staatskerk aan die Kaap gehandhaaf. Min verdraagsaamheid is teenoor ander denominasies getoon. Slegs Lutherane is toegelaat om 'n gemeente te stig. Dit was egter die kerkorde van De Mist wat op 25 Julie 1804 deur die regering uitgevaardig is, wat die gesagsposisie van die N.G. Kerk ingrypend geraak het. Deur die Kerkorde is

godsdienstvryheid aan alle erkende kerkgenootskappe aan die Kaap verleen. Daardeur is alle kerkgenootskappe op gelyke grondslag voor die wet geplaas. Kerke sou voortaan ook die finansiële verantwoordelikhede vir aangeleenthede soos salarisse vir predikante, onderhoud van kerkgeboue, ens. moes dra. Die Kerkorde het ook die bestaande beginsel herbevestig, nl. dat die staat beheer oor die kerk uitoefen.

Brittanje het besef dat dit noodsaaklik was om beheer te kry oor die N.G. Kerk, wat verreweg die grootste kerkgenootskap in die Kaapkolonie was. Die Britse regering was bewus van die invloed wat die kerk op die koloniste gehad het en wou verseker dat die kerk nie 'n kernpunt van verset teen die Britse bestuur word nie. Hulle het ook in die Kerk 'n nuttige instrument gesien om hulle beleid van verengelsing deur te voer.

Ter bereiking van hierdie doelwitte, het die owerheid twee dinge gedoen. Eerstens het hulle die staat se houvas op die kerk verstewig deur 'n amptenaar, die kommissaris-politiek, in Kaapstad aan te stel. Die kommissaris-politiek het wye magte in die kerkraad beklee en het die goewerneur, wat aan die hoof van die kerk gestaan het, verteenwoordig. Alle predikante is deur die owerheid aangestel en hulle moes hulle ten volle aan die gesag van die goewerneur onderwerp.

'n Tweede stap was om Skotse predikante in te voer wat lede van Presbiteriaanse denominasies was en dus heelwat ooreenkomste met die N.G. Kerk gehad het. Tydens Britse oorname was daar slegs nege Hollandse kerke. Ses daarvan was binne 130 km van Kaapstad geleë. Die stigting van nuwe gemeentes, veral in die buite-distrikte, was dringend nodig, maar weens die tekort aan predikante was dit nie moontlik nie. Dié tekort het aan die Engelse owerheid die gulde geleentheid gegee om die kerk te verengels deur van Engelse predikante gebruik te maak. "In 1817 het daar onenigheid onder die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap aan die Kaap ontstaan as gevolg waarvan verskeie van hulle uit die diens van die Genootskap getree en werkloos geword het. Somerset het hierdie gunstige geleentheid nie ongebruik laat verbygaan nie" (Scholtz, 1966: 9).

Tydens die bewind van Somerset is 'n skema ingestel waarvolgens Skotse sendelinge wat in die Kaap aangekom het, as predikante in die buite-distrikte aangestel is. Drie van die sendelinge wat by hierdie skema gebaat het, was di. George Thom, John Evans en John Taylor. Ander predikante, waaronder Andrew Murray, Henry Sutherland, Colin Fraser en George Morgan, het tydelik in Nederland gebly om die taal aan te leer. Met hulle terugkeer na Suid-Afrika het hulle bekendheid verwerf. Die invoer van Skotse predikante was vir Somerset nog nie genoeg nie. Ook die taal van die Hollandse Kerk moes deur Engels vervang word. Op hierdie wyse wou Somerset Hollands uitskakel deur die taal selfs in sy sterkste vesting, die kerk, te ondermyn en deur Engels te vervang.

Vir die owerheid was dit 'n uitgemaakte saak dat Engels as die amptelike taal ook in die kerk gebruik moes word. Die Kaapse sinode het die beginsel in 1824 aanvaar, maar sterk voorspraak gemaak vir die behoud van Nederlands as taal om die jeug mee te onderrig. Daar is besluit dat kerkdienste in sowel Engels as Nederlands gehou kon word. Die regering was sensitief teenoor die koloniste se gevoelens en het nie die gebruik van Engels in die kerke afgedwing nie. Hulle het die basiese leerboeke soos die Heidelbergse Kategismus in Engels laat vertaal en die oorskakeling na Engels as kerktaal as 'n langtermyn-aangeleentheid beskou.

Na Somerset se vertrek in 1826 is die beleid van verengelsing van die kerk voortgesit en in 1834 was nie minder nie as dertien van die drie-en-twintig predikante Skotte.

Die verengelsingspoging van die kerk het slegs gedeeltelik geslaag. Tekens van verengelsing in die kerk het wel voorgekom. Voorbeelde hiervan is die sinodeverslag van 1825 wat in beide Engels en Hollands uitgereik is en die Heidelbergse Kategismus wat in Engels vertaal is. Die vertaling van laasgenoemde is vir godsdiensonderrig in vry skole gebruik en nie in alle skole nie. Tog het dit die vrees laat ontstaan dat pogings aangewend word om die Hollandse taal in die kerk te verdring. Dit was veral teen

Somerset se poging om Engels in die kerk in te voer, dat daar sterk wal gegooi is. Die koloniste het gevrees dat die Hollandse karakter van die kerk daarmee verlore sou gaan en hulle kultuur in die proses sou ondergaan.

Een van die belangrikste faktore wat die koloniste in hierdie jare teen die sterk Engelse kultuur beskerm het, was die die N.G. Kerk. “The Reformed Churches have a far greater influence upon the morals, norms, and daily behaviour of their members than do most other Christian denominations” (Hanf, Weiland & Vierdag, 1981: 36). Die koloniste het ’n sterk etniese identiteit gehad wat sterk gekoppel was aan hulle taal en godsdiens. Dit het ’n kernpunt gebly waarrondom hulle hulle kultuur kon uitleef. In plaas daarvan dat die Skotse predikante die kerk verengels het, het die teenoorgestelde gebeur. Verskeie Skotse predikante het hulle mettertyd ook met die Afrikaners geïdentifiseer. “Die meeste Skotse predikante het met verloop van tyd nie alleen verafrikaans nie, maar enkele van hulle en hul nageslag het baie verdienstelike werk op die gebied van die kerk en die onderwys van die Afrikaner verrig” (Van der Walt, 1978: 165).

Die kerk het snel gegroei en waar daar in 1795 slegs ses gemeentes was, het die getal teen 1854 tot 49 vermeerder.

1.2.2 Die verengelsing van die onderwys

Omdat die onderwys teen 1806 nog wankelig was, was dit vir Somerset maklik om die onderwys as hoofinstrument vir sy verengelsingbeleid te gebruik. Tydens die Britse oornam van die Kaap was die vlak van onderwys in die Kaapkolonie op ’n lae peil. In Kaapstad was daar naas die slaweskool, ook ’n stuk of agt openbare laerskole en twee kerkskole. Onderwys in dié inrigtings was hoofsaaklik daarop ingestel om die kinders in die basiese Christelike beginsels te onderrig en hulle te leer lees, skryf en reken. In die distrikte was daar slegs enkele skole waar elementêre onderrig gegee is. Die onderwys was sterk onder die invloed van die kerk, wat ’n groot mate van seggenskap

gehad het in die Raad van Skolarge, soos die beheerliggaam oor die onderwys bekend gestaan het.

Kommissaris J.A. de Mist wat tydens die Bataafse bewind (1803 tot 1806) die Kaapse bestuur en administrasie ingerig het, het in die gees van die verligte idees van die VOC-bewind, 'n sterk belangstelling in die onderwys getoon. Hy was 'n sterk voorstander van staatsondersteunde onderwys om die jeug op te voed en om die invloede van die kerk in die onderwys in te kort. Hierdie doelstellinge het hy deur sy skoolorde van 1804 probeer bereik. Kragtens die skoolorde is 'n skoolkommissie van agt lede in die lewe geroep met die goewerneur as voorsitter. Drie van die lede was predikante. Die kommissie kon egter, vanweë 'n gebrek aan geld, bitter min doen om die onderwysstelsel te hervorm. Die kerk het steeds 'n sterk houvas op die onderrig in die skole gehad en sekere van De Mist se idees van sekulêre onderwys het misluk.

Somerset het veral ná 1820 doelbewus die skole as hoofinstrumente gebruik om die Kaap te verengels. Hierdeur het hy ook daarin geslaag om die onderwys op 'n ferm grondslag te herorganiseer. Voor 1820 was die onderwys wesenlik onder beheer van die kerk. Die Raad van Skolarge is later tot die Bybel- en Skoolkommissie herdoop weens die klerikale verteenwoordigers daarin. Tydens Somerset se bewind aan die Kaap (1814-1828) is die onderwys egter onder staatsbeheer geplaas. Die Engelse regering was dus die beslissende outoriteit en het deur die Koloniale Sekretaris opgetree in alle sake rakende die onderwysbelange van die Kaapkolonie. Daarnaas was die goewerneur die hoofadministrateur van die onderwys. Alhoewel die Bybel- en Skoolkommissie nog voortbestaan het en Somerset alle reëls en ordonnansies nog in oorleg met hierdie raad opgestel het, het hy onafhanklik van hierdie liggaam opgetree oor sake rakende die hoër onderwys en vry Engelse skole (*Free Schools*). Die gevolg was dat die Bybel- en Skoolkommissie geleidelik sy aandag na die godsdienstige aspekte van die onderwys verskuif en 'n suiwer kerkliggaam geword het.

Die stukrag agter Somerset se verengelsingsbeleid in die skole en elders was Bathurst, die Britse Minster van Kolonies tydens die tweede Britse besetting. Hy het sy begeerte om Engels tot die enigste amptelike taal in die Kaapkolonie te verhef, openlik uitgespreek. Eers het Ellis, voormalige koloniale ondersekretaris aan die Kaap, 'n bekende memorandum opgestel, waarin hy verengelsing teen 'n versnelde tempo bepleit het. Hy het verklaar dat die Kaap nou 'n geïntegreerde deel van die Britse Ryk was en dat dit noodsaaklik was dat alle bande met Nederland verbreek moes word. Bathurst het toe opdrag gegee dat Somerset 'n datum moes proklameer waarop Engels die enigste amptelike taal sou word.

Verengelsing, wat reeds so lank bedink en beplan is, het in 1822 sy beslag gekry. In Julie van daardie jaar het Somerset se taalproklamasie verskyn. Die voorstanders van die proklamasie het geglo dat die universele gebruik van Engels voorspoed in die hand sou werk. Daar is geglo dat verengelsing prakties uitvoerbaar sou wees, omdat Engels reeds goed bekend was weens die noue kontak van die koloniste met die Britse nedersetters. Daarbenewens het die aanstelling van Skotse predikante wat met Nederlands vertrouwd was reeds die weg vir die implementering van die taalproklamasie gebaan.

In die onderwys het die tekort aan onderwysers die geleentheid geskep om verengelsing deur die onderwys te bevorder. In die lig hiervan het Somerset vir ds. George Thom opdrag gegee om Skotse onderwysers in te voer. Skotse meesters het voorkeur gekry weens die ooreenkomste tussen die Duits Gereformeerde en Presbiteriaanse gelowe. "Skotse en Engelse predikante en onderwysers moes die Afrikaners dus nie bloot Engelsprekend maak nie. Hulle moes wesenlik Engels word" (Muller, 1968: 131).

Die eerste ses Skotse onderwysers het in 1822 in die Kaap aangekom en is volgens 'n proklamasie van 12 Junie 1822 in diens geneem. Luidens hierdie proklamasie sou die vry skole op die Britse skolestelsel geskoei wees en sou die "schoolmasters" van hierdie skole ook salarisse van die staat ontvang. Engels sou die onderrigmedium wees, terwyl

Hollands die Bybeltaal sou wees. “ A printed form replying to English teachers who had applied for these Cape post, shows that they were required, among other attributes, to be able ‘to teach the English language grammatically’ and the ‘principles of religion as exhibited in the Dutch catechism’, to the children of Dutch colonists chiefly” (Bradlow, 1862: 53).

’n Nuwe stelsel van vry Engelse skole met Engels as voertaal is op die been gebring. Engelse en Skotse onderwysers het die klasse gelei. “As Lord Charles Somerset in 1814 goewerneur aan die Kaap word, stig hy vyf en twintig vry Engelse skole waarin onderwysers uit Engeland en Skotland die kinders deur medium van Engels onderrig het, met uitsluiting van enige studie van Nederlands” (Kannemeyer, 1976: 9). Die vry Engelse Skole moes op die Engelse staatskole geskoei word en daar is gereken dat dit gewild sou wees omdat Engels ’n verpligte kwalifikasie vir toelating in die staatsdiens was. Dit sou die assimilasië van die Engelse kultuur versnel. “ Such a school would also be advantageous in affecting the more rapid assimilation to the institutions and manners of Great Britain...” (Bradlow, 1962: 53).

Aanvanklik het hierdie skole gefloreer en het dit die Hollandse skole heeltemal verdring. Die kommissaris-politiek, Sir John Truter, het in 1824 ’n verslag saamgestel waarin hy die vernaamste redes hiervoor geïdentifiseer het. Dié redes is onder meer die feit dat geen klasgelder betaalbaar was nie, die onderwys van hoogstaande gehalte was en dat Engels reeds die plek van Nederlands as amptelike taal in die staatsdiens ingeneem het. Die vry Engelse Skole het aanvanklik ook sukses behaal omdat stedelike Afrikaners wou verseker dat hulle kinders werksgeleenthede in die staatsdiens sou kry, indien Engels as ’n vereiste daarvoor gestel sou word.

Hierdie skole het egter misluk, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat Hollands nie hier as vak of as medium van onderwys aangebied is nie. Die 26 vry Engelse Skole wat deur Somerset gestig is, het na sy vertrek in 1828 geleidelik vernederlands totdat Hollands binne ’n paar jaar na sy vertrek, weer by die kurrikulum ingesluit is. As

teenreaksie op die vrye skole is private Hollandsmedium skole opgerig en het hulle binne die bestek van drie jaar (1836-1839) van 89 tot 94 vermeerder.

Die verengelsingsbeleid in die skole het dus 'n teenreaksie ontlok wat met retrospektief ook met die Soweto-opstande van die 1970's teen Afrikaans as onderrigmedium vergelyk kan word. Toe daar miskien van hulle moedertaal as onderrigmedium was en hulle eie taal daardeur onderdruk is, was daar opstand. Maar vandat die verpligte onderrig gestaak is, was daar 'n natuurlike, ongedwonge belangstelling in die vreemde taal. Op dieselfde wyse het die Hollandssprekende koloniste (voortaan Afrikaners genoem) in Somerset se tyd nie omgee dat hulle kinders die Engelse taal aangeleer het nie, solank hulle moedertaal nie daardeur verdring is nie.

1.2.3 Die verengelsing van die regstelsel

Ook op die gebied van die regstelsel het daar gedurende die Somerset-regime 'n omwenteling gekom. Gedurende dié periode was daar 'n onsekerheid oor watter regstelsel gegeld het - die Hollandse of Engelse. Mettertyd, veral ná die koms van die Britse setlaars in 1820, het 'n gedeelte van die burgers in verset gekom teen die outokratiese optrede van Somerset. Klagtes oor sy dominerende houding, veral sy beheer oor die regspraak, het die Minister van Kolonies laat besluit om die stelsel te verander.

In 1825 is 'n Raad van Advies in die lewe geroep om die goewerneur by te staan. Die liggaam het slegs uit amptenare bestaan wat die goewerneur van advies oor landsake moes bedien. Veel gesag of invloed het die Raad van Advies nie gehad nie, want die goewerneur kon bepaal waaroor hy advies wou hê. Hy was ook nie daaraan gebonde om hulle raad te volg nie. Voortvloeiend uit die klagtes van die burgers oor die regswese, het die owerhede 'n kommissie van ondersoek na die Kaap gestuur om vas te stel waar die knelpunte lê. Op grond van die verslag van hierdie kommissie het verskeie belangrike bestuursveranderinge tussen 1827 en 1834 aan die Kaap gevolg.

Die Romeins-Hollandse Reg is nie deur hierdie veranderinge geraak nie en vorm vandag nog die basis van die regstelsel in Suid-Afrika.

'n Belangrike verandering was egter die afskaffing van die stelsel van landdroste en heemrade in die distrikte in 1827. Hierdie poste is met resident-magistrate en siviele kommissarisse vervang. Hierdie veranderinge in die bestuurstelsel het 'n doeltreffender bestuur van die kolonie teweeggebring. Dit het terselfdertyd ook die gesag van die sentrale regering stewiger in die distrikte gevestig en die bestuurstelsel verengels. Totale verengelsing in die regstelsel kon egter nie deurgevoer word nie, want die koloniste het algaande meer seggenskap in die wetgewende mag gekry toe die kroonkoloniebestuur in 1834 beëindig is. Hierbenewens is ook 'n verteenwoordigende bestuurstelsel met die nuwe grondwet op 1 Julie 1853 ingestel. Hierdeur het die Afrikaners algaande meer mag gekry.

1.3. Die mislukking van die verengelsingsbeleid

Aanvanklik het die Hollandssprekende koloniste hulle nie teen die verengelsingsbeleid verset nie. Hiervoor kan verskeie redes aangevoer word:

- Die Afrikaners was nie ontevrede met die Britse bewind nie omdat die ekonomie van die land tydens die bewind beter vertoon het as in die periode vóór die Britse oorname in 1795. Somerset het ook 'n streng Oosgrensbeleid gehandhaaf. Die amptenareklas het hulle daaraan onderwerp en gesorg dat hulle en hulle kinders Engels ken. Kennis van die Engelse taal was vir hulle 'n maatstaf van vooruitgang en beskawing. Vir die stedelike Afrikaner in Kaapstad wat 'n lewensbestaan in die staatsdiens gesoek het, was die bevoorregting van Engels wel 'n belemmering. Die geleentheid was egter daar om kennis van hierdie taal op te doen, wat toe ook reeds die handelstaal van die kolonie geword het. Die meer gesiene Afrikaanse families in Kaapstad en omgewing het spoedig 'n goeie kennis van Engels verwerf

en heelwat waarde daaraan geheg. “Aanvanklik het hierdie invloed hom veral in Kaapstad geopenbaar waar die jeug hoofsaaklik in die staatsdiens betrek is en waar Engels besonder gou op die gebied van die handel die voortou geneem het” (Kannemeyer, 1976: 9).

- Die Afrikaners se reaksie op die Britse heerskappy kan ten beste as *akkommoderend* omskryf word. “Hulle was ordeliewende mense, wat hulle met voldonge feite maklik versoen het” (Van der Walt, 1978: 166). Volgens Van Aswegen (1989: 192) het die meeste koloniste die Britse heerskappy aanvaar sonder om hulle identiteit prys te gee.
- Die koloniste, van wie die oorgrote meerderheid boere was wat ’n afgesonderde lewe op hulle plase gevoer het, het weinig persoonlik met die verengelse staatsdiens in aanraking gekom.
- Ook het die koloniste leiding en organisasie ontbreek, sodat hulle nie kragtig weerstand kon bied teen die verengelsing van ’n staatsdiens waarvoor hulle nooit ’n groot liefde gehad het nie.
- Daar was aanvanklik wel ’n sterk gevoel teen die gebruik van Engels as onderrigtaal en om kinders na Engelse skole te stuur. Namate die stelsel gevestig is, het die besware meesal begin verdwyn. ’n Belangrike rede daarvoor was dat die onderwys onder Britse beheer veel beter georganiseer was en skole ook in die plattelandse distrikte opgerig is. Vir die eerste keer was dit vir heelwat meer mense moontlik om hulle kinders ’n deeglike skoolopleiding te laat ontvang.

1.3.1 Redes vir die mislukking

- Die koloniste wou hê dat Hollands erken moes word omdat dit die taal van hulle godsdiens was. Deur die toenemende verengelsing was heelwat Afrikaners teen

omstreeks 1825 onverskillig teenoor hulle eie waardes en identiteit, maar die Kerk was nog vir hulle van besondere belang omdat dit besondere hoë aansien geniet het. Daarom was die kerk, volgens Kannemeyer (1976: 10) in hierdie jare die belangrikste vesting van die Hollandse taal en nasionaliteit in die land, al was daar reeds dienste in Engels. Verreweg die meeste koloniste het aan Hollands, die taal van hulle kerk, getrou gebly. En hierin was die kern van die saak juis opgesluit. Aan Nederlands as taal was die koloniste reeds nie meer so geheg nie, maar aan hulle kerk en die taal van hulle kerk was hulle verknog.

- Somerset het die verengelsingproses te haastig en ongenaakbaar deurgevoer. Sy ongenaakbare houding teenoor die Hollandse taal en instellings het baie Afrikaners van die Engelse taal en instellings vervreem. Die koloniste was bereid om hulle by die verengelsing van die staatsdiens aan te pas en was gewillig om die Engelse taal aan te leer, maar nie ten koste van die verdringing van die Hollandse taal nie.
- Nog 'n belangrike rede vir die mislukte verengelsing, was die eentaligheid van die uitgestrekte plattelandse gemeenskap. Op plattelandse dorpe was daar ook nie voldoende ingevoerde Engelse onderwysers vir die vry skole nie en kon hierdie skole dus nie hier wortel skiet nie.
- Verskeie privaatskole het in die kolonie tot stand gekom waar die voertaal Nederlands was. Baie van die ou koloniste was ontevrede met die regeringskole en het hulle kinders weggeneem, “omdat onze moedertaal, het Hollandsch”, aldus *De Zuid-Afrikaan* van 12 October 1832, “er niet in geleerd wordt” (Van der Walt, 1978: 167). Die mislukking van die vry Engelse skole kan in 'n mate gekoppel word aan Somerset se haas om die Kaap te verengels sonder om hom te steur aan vermanings dat dit 'n geleidelike en ongedwonge proses moet wees. Die Engelse vry skole wat geen Hollands onderrig het nie, het leeggeloop en misluk. Hulle agteruitgang na Somerset se vertrek in 1828 dien as aanduiding van die wankelrige grondslag waarop hierdie skole gebou is. Die hoofdoel van die verengelsingbeleid, naamlik

om die koloniste in hart en siel te verengels, het nie gerealiseer nie, want die koloniste het hulle identiteit behou.

- Skrywers het die hewige reaksie teen die verdringing van hul moedertaal deur Engels sterk in hulle werke verwoord. Die koerant, *De Zuid-Afrikaan*, was vanaf sy totstandkoming in 1830 die mondstuk van die Afrikaner. Hierdie koerant het nie alleen sy lesers in hulle eie taal op hoogte gehou van die belangrikste sake van die dag nie, maar het hulle ook meer polities bewus gemaak deur die saak van die koloniste duidelik te stel.

1.4 Die teenreaksie op die verengelsingsbeleid

Hoewel Engels sedert 1823 die amptelike taal van die regering was, kon dit nie die spreektaal van die Nederlandse bevolking verdring nie. Vanaf vele terreine was daar 'n reaksie teen die verengelsingsbeleid. Voorbeelde hiervan is die Bybel wat in Afrikaans vertaal is en die instelling van moedertaalonderrig.

Wat die vertaling van die Bybel in Afrikaans betref, was Arnoldus Pannevis 'n baanbreker. Hy was 'n onderwyser in klassieke tale aan die Paarlse Gimnasium en 'n Nederlander wat in 1866 na Suid Afrika gekom het. Nog 'n persoon wat 'n pleidooi ten gunste van moedertaal as die mens se kosbaarste besitting gelewer het, was S. J. du Toit, 'n predikant van die Paarl.

Op 14 Augustus 1875 het 'n groep mense onder leiding van A. Pannevis, C.P. Hoogenhout en ds. S.J. du Toit in die Paarl bymekaargekom om 'n soort Afrikaans wat taamlik van Nederlands verskil het, wye as die Paarl te probeer vestig. Dié groep het hulleself die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) genoem¹. Hierdie beweging het

¹ Dit is bygewoon deur S.J. du Toit, Gideon Malherbe, D.F. du Toit (Oom Lokomotief), C.P. Hoogenhout, P.J. Malherbe, A. Ahrbeck en S.J. du Toit.

hom daarvoor beywer om taal- en politieke regte te bekom, en om Afrikaans as amptelike taal en skryftaal erkenning te laat geniet.

Met die stigting van die GRA, was Afrikaans al ongeveer 150 jaar in wording. Dié taal is egter slegs as spreektaal aangewend, terwyl Nederlands en later ook Engels as skryf- en kultuurtaal gebruik is. Volgens Kotzé (in *Lantern* 1988: 44) is Afrikaans nie geëer en goed genoeg geag om as skryfmedium in die skool, staatsdiens en kerk gebruik te word nie. Afrikaans is aanvanklik as skryftaal aangewend slegs om te wys hoe koddig die bruinmense en eenvoudige Afrikanermense gepraat het. 'n Voorbeeld hiervan is M. D. Teenstra se samespraak *Vrug van my Arbeid* wat in 1825 verskyn het en waarin die karakters Kaapse Hollands praat om die koddigheid van die taal uit te beeld.

Hoewel die GRA na drie jaar ontbind is, is hulle werk op ander maniere voortgesit. Die Afrikaanse Taalbeweging was byvoorbeeld 'n direkte uitvloeisel van die GRA. So het S.J. du Toit, een van die stigterslede van die GRA, mense aangemoedig om in Afrikaans te skryf. Hy het self ook baie in die taal geskryf (Van Rensburg, 1997: 43). Die ander stigterslid, Arnoldus Pannevis, het onder die skuilnaam, 'Een Vriend van het Nuttige', in die koerant *De Zuid-Afrikaan* (7 September 1872) die vertaling van die Bybel in Afrikaans bepleit. 'n Afrikaanse leesboek *Die Geskiedenis van Josef voor Afrikaanse Kinders en Huissowens, in hulle eige Taal geskrywe deur Een Vrind* was die pennevrug van C. P. Hoogenhout. Hoogenhout het ook op 12 April 1873 en 6 Julie van dieselfde jaar sterk vertoë gerig in *De Zuid-Afrikaan* vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Volgens Kotzé (in *Lantern* 1988: 45) was dit die eerste keer dat iemand sy geloof in die toekoms van Afrikaans in die openbare pers uitgespreek het. Hy het ook in *De Zuid-Afrikaan* van 1873-1875 onder die skuilnaam 'Klaas Waarzegger Jr.' voorbrand vir Afrikaans gemaak in die artikel getiteld 'Gesprekke Tussen Oom Jan Vasvat en Neef Daantjie Loslaat'.

In reaksie op die verengelsingsbeleid van die 19de eeu is 'n sterk nasionale gevoel gebore. In hierdie klimaat het die Afrikaanse spreektaal gegroei en het dit mettertyd as

skryftaal begin ontwikkel. Afrikaanse koerante soos *Di Afrikaanse Patriot* en *Ons Klyntji*, het byvoorbeeld die lig gesien en 'n wye leserskring geniet. Die koerante het tydens hierdie periode baie gedoen om die taaltrots en volksgevoel van die Afrikaner aan te wakker. “Publikasies in *Zuid-Afrikaan*, *Het Volksblad* en *Het Zuid-Afrikaansche Tydskrift* het 'n volksgevoel by duisende Afrikaners gekweek en 'n belangrike rol gespeel by die verheffing van Afrikaans as skryftaal en Hollands as amptelike taal” (Muller, 1968: 181).

1.4.1 Die ontstaan van Afrikanernasionalisme

Een van die gevolge van die verengelsingsbeleid was die ontwikkeling van 'n nasionale gevoel onder die blankes wat van Europese herkoms was. Die verengelsingsbeleid het dus 'n teelaarde geskep vir die totstandkoming van 'n Afrikanernasionalisme. “...if African nationalism can be seen as a response to Afrikanernationalism, Afrikanernationalism can be seen as a response to the ideology of English superiority” (Leatt, 1986: 57).

Daar is verder 'n noue verband tussen etnisiteit en nasionalisme. Nasionalisme kan gesien word as 'n uitbreiding van etnisiteit. 'n Nasie is in essensie 'n etniese groep. Nasionalisme verwys naas die geloof in gemeenskaplike bande ook na die begeerte om polities onafhanklik te wees. Dit sluit ook die strewe na selfbeskikking, 'n gemeenskaplike taal en godsdien in.

Edwards (in Du Plessis & Edwards, 1985: 144) sê : “Nationalism ... can be understood as ethnic sentiment expanded to include desires for at least some degree of self-government, for group boundaries to co-incide with those of governmental units and for the preservation, strengthening and dignity of the group”

Beoordeel vanuit die plofbare politieke en ekonomiese geskiedenis van die Afrikaner, was etnisiteit wel die enjin van groepmobilisasie en Afrikanernasionalisme. Die

Europeërs wat in die sewende eeu na die Kaap geïmmigreer het, het van verskeie lande gekom. Hoewel ook Franse en Duitse immigrante hulle hier gevestig het, was Hollands (Nederlands) die algemene taal. Die setlaars het die Christelike geloof aangehang en was almal Protestante. Hulle was ook almal wit in teenstelling met die bruin Khoisan jagters en veewagters asook die ingevoerde swart en bruin slawe uit Afrika en die Ooste.

Gedurende die eerste twee eeue is die identiteit van hierdie koloniste deur hulle Europese erfenis, kultuur, idees oor ras en materiële magte, ekonomiese toestande en demografiese verhoudings, gevorm. Hierdie Europeërs het neergesien op die “heidense, primitiewe of barbaarse” inwoners van die plekke waar hulle gevestig is. “They were white cultural chauvinists ... and considered the indigenous people of the Cape to be ‘heathens’ and ‘barbarians’” (Leatt, 1986: 69). Hierdie geloof in rasse-superioriteit is deur die administratiewe struktuur van die Kaapse kolonie gekweek. Die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie het vier kategorieë persone in die Kaap onderskei: (1) Kompanjie amptenare, (2) vryburgers, (3) slawe en (4) vreemdes (Khoikhoi en Boesman). Die Kompanjie het uitsluitlik blankes as amptenare en vryburgers gewarf. Gedurende die agtiende eeu het hierdie amptenare en vryburgers nouer bande met mekaar gesmee en dit is uit hierdie groepe wat die heersende politieke groep gevorm is. Die regering het ’n proklamasie uitgevaardig wat slawe verbied het om hulle hande in ’n struweling vir ’n witman op te lig. “Political and economic dominance, cultural and racial exclusivism, and social status all contributed to the racial order of society, which after a period of flux in the seventeenth century, became stabilized in the course of the eighteenth century” (Adam & Giliomee, 1979: 89).

In baie gevalle is die Afrikaners se Calvinistiese geloof as die wortel van hul rassisme gesien, aangesien hulle volgens hierdie leerstelling hulleself as God se uitverkorenes gesien het wat oor die land en al sy inheemse volke wat tot slawerny gedoem is, moes heers. Die koloniste se geleidelike sielkundige losmaking van Europa het ook bygedra tot hulle siening dat hulle ’n bepaalde groep vorm.

Volgens Van Jaarsveld (in Leatt, 1986: 69) was die setlaar-mentaliteit die produk van verskeie faktore. “Physical detachment from their mother country, isolation in the interior, social and economic factors, influences such as the Calvinist heritage and the Old Testament went into moulding the Afrikaner”. Omdat hulle aan hulle eie lot oorgelaat is, het hulle besef dat hulle van Afrika is en het daarom na hulleself as Afrikaners begin verwys. Hierdie benaming vir koloniste was teen die einde van die agtiende eeu sterk ingeburger. Die Afrikaners het dus ’n nasionale identiteit as plaasvervanger ontwikkel vir hulle Europese identiteit wat hulle besig was om te verloor.

Volgens Giliomee (in Adam & Giliomee, 1979: 98) was baie van die voorwaardes vir die ontstaan van ’n gevoel van nasionalisme wel al met die Eerste Britse besetting van die Kaap in 1795 teenwoordig. So was daar ’n uitkenbare taal, een geloof, ’n gedeelde historiese erfenis, en die gevoel dat hulle tot ’n afsonderlike etniese groep met spesiale status in ’n slaafhoudende- gemeenskap behoort.

Die vorming van ’n bepaalde Afrikaanssprekende groep was die gevolg van beide hulle interaksie met swartmense, sowel as die impak van die Britse bewind. Tydens Britse besetting (1795 en weer in 1906) het Engels die administratiewe en regstaal geword. Hoewel sommige Afrikaners verengels het, het die Afrikaners wat teen hierdie verengelsing was, hulle eie etnisiteit beklemtoon. So is die Afrikaner dan gesien as ’n wit burger van Suid-Afrika wat Afrikaans praat en die Protestante geloof aanhang. Taal en godsdiens is as lewensnoodsaaklike kenmerke van ’n (wit) etniese identiteit beskou. “The British attempt to anglicise local, political and social institutions met opposition in a growing Afrikaner identity, and hastened the process of national consciousness, already evident in a distinctive spoken language, a common religious faith, and a shared historical past”(Leatt, 1986: 70).

Tydens die eerste helfte van die negentiende eeu het Engels die taal van die staatsdiens en regspraak geword. Die Afrikaners in regeringsliggame, soos die *Hof van Landdrost*

en *Heemraden* en die *Raad der Gemeente*, is deur grotendeels Engelssprekende magistrats en kurators vervang. In Kaapstad en die omliggende gebiede is daar sterk druk op Afrikaanssprekendes uitgeoefen om hulle taal en lewensgewoontes vir die Engelse kultuur en sosiale waardes te verruil. As gevolg hiervan het prominente Afrikaanse families wel verengels. Baie Afrikaners het egter aanstoot geneem dat hulle taal en dus ook die gebruikers van die taal deur die Engelse as minderwaardig beskou is. "...Afrikaans is gestigmatiseer as *Kitchen Dutch* of *The Taal*, en die Afrikaanse taalgemeenskap is aan 'n aggressiewe verengelsingsbeleid onderwerp" (Ponelis in Du Plessis & Du Plessis, 1987: 13). Ponelis is ook van mening dat die Afrikaanssprekendes nie 'n kans sou gehad het teen die hipertaalbewuste Engelse as hulle nie politieke mag verkry het en dit ten bate van die Afrikaanse taalgemeenskap aangewend het nie. Die keersy is egter dat die Afrikaanssprekende gemeenskap polities verdeel was, omdat Afrikanernasionalisme nie konsekwent taalgerig was nie. Afrikanernasionalisme was deels 'n vorm van taalnasionalisme en deels 'n vorm van kleur. So is die wit Engelssprekende en die gekleurde Afrikaanssprekende uitgesluit. "Die politisering van Afrikaans was onvermydelik - en nadelig vir die taal" (Steyn in Du Plessis & Du Plessis 1987: 77).

1.4.1.1 Die Afrikanerbond

Afrikanernasionalisme het onder meer aanleiding gegee tot die ontstaan van die Afrikanerbond. Die Afrikanerbond is in 1880 as 'n politieke organisasie gestig ná die ontbinding van die GRA. Dit het spoedig die eerste groot Afrikaner politieke party geword en het hom vir die gebruik van Nederlands in die onderwys en kerke beywer. So is Hollands in 1882 naas Engels as amptelike taal erken. Na 1884 het die Bond met sy leuse van "Afrika voor de Afrikaners", sterk magposisie verkry "sodat aangeleenthede soos beskermende tariewe vir die boerderygemeenskap, die brandewynakswessie, die Bantostemreg en die neutraliteit van die Kaapkolonie bevredigend gereël kon word" (Muller, 1968: 191).

1.4.2 Die media

Die ontstaan van Afrikaanse koerante en boek was nog 'n teenreaksie op die verengelsingsbeleid. Een van die eerste koerante, *Di Afrikaanse Patriot*, is juis na die stigting van die GRA op die been gebring om mense aan te moedig om in Afrikaans te skryf en om Afrikaans tot geskrewe taal te verhef. Dit moes die Afrikaner se taaltrots en identifisering met 'n spesifieke etniese groep aanwakker. Die bedreiging van Afrikaans deur Engels het juis die Afrikaner gedryf om meer boeke in hulle eie taal te skryf en te lees. Die Afrikaanse literatuur wat mettertyd ontstaan het, het meer vir die Afrikaanse taal gedoen as enige ander medium.

Hoofstuk 2

Die verengelsingsbeleid en die afskaling van Afrikaans na 1994

2.1 Inleiding

Ten einde die verengelsingsbeleid in die periode ná 1994 behoorlik te kan volg, is dit nodig om eers na die stand van Afrikaans te kyk soos dit voor die Mandela-regering was. Vervolgens sal dus eers aandag gegee word aan die volgende temas: *Taal en etnisiteit*, *Die Kaapse beweging* en *Die geografiese verspreiding van Afrikaans*. Afrikaans het sedert die verkryging van amptelike status in 1925 tot 'n hoogs gestandaardiseerde taal ontwikkel. Combrink (1991) is van mening dat Afrikaans die mees gekodifiseerde taal in die land is. In breë verband kan gesê word dat Afrikaans en Engels teen 1994 die bemagtigde tale van die land was, met die ander Afrikatale betreklik magteloos. Volgens Nel (1981: 71) is 'bemagtigde tale,' tale wat toegang verleen tot die vernaamste goedere en dienste in die land, die regte en voorregte, die mag en status.

Die grondwet van 1910 en sy amendement in 1925 het amptelik van Suid-Afrika 'n tweetalige land van die parallelle tipe gemaak. Afrikaans is naas Engels as die amptelike taal van die Unie van Suid-Afrika aangeneem en hierdie twee tale het as die lingua franca vir die verskillende inheemse groepe van die land gedien. "Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 word Hollands naas Engels as amptelike taal erken" (Kannemeyer, 1976: 20). In 1918 is Afrikaans tot universiteitsvak verhef en vanaf 1925 het alle Afrikaanse leerlinge onderrig deur middel van die moedertaal ontvang.

Danksy die voorkeurbehandeling van Afrikaans tydens die apartheidsjare is die taal ryk aan tegniese terme en tegniese registers. Op ander terreine het dit egter nie so goed gegaan met Afrikaans nie. Die taal se sosiolinguistiese status was teen 1994 ietwat

problematies. Ten spyte van die hoë aansien wat Afrikaans onder veral blanke gemeenskappe geniet het, is die taal in ander gemeenskappe gestigmatiseer vanweë die assosiasie daarvan met apartheid. “Om die stand van Afrikaans teen die einde van die twintigste eeu te bepaal, moet rekening daarmee gehou word dat dié taal ’n sleutelrol in die apartheidsera gespeel het en dat die implikasies hiervan ook in die na-apartheidsfase te sien is” (Van Rensburg, 1997). Tydens die apartheidjare is Standaardafrikaans op talle maniere bevoordeel. Om die ideologiese bagasie te verstaan wat Afrikaans as taal dra, is dit nodig om die verband tussen taal en etnisiteit krities te bekyk.

2.1.1 Taal en etnisiteit

Etniese groeperings is ’n sosiale groepering waarby taal nou betrokke is. ’n Taalgemeenskap kan verskillende etniese groepe insluit. Dieselfde taalgemeenskap mag ook sprekers insluit wat hulle nie as deel van ’n bepaalde etniese groep beskou nie. Taal is slegs een merker waardeur groepe hulle identiteit vergestalt. Ander groepsmerkers wat nou saamhang met etnisiteit is bv. kookkuns, kleredrag en vryetydsbesteding. Belangrik vir hierdie bespreking is dat taal in verskillende groepe met verskillende waardes gebruik word. Omdat taal ’n groepsmerker is en dus met groepwaardes saamhang, word dit ook ideologies gelaai en is geen taal ideologie vry nie.

Afrikaans is tydens die apartheidjare in verskillende groepe met verskillende waardes gebruik. In die Afrikaanse taalgemeenskap het die Afrikaanssprekende bruinman en witman, weens hulle geskiedenis, teenoorgestelde ideologieë aangehang. Hier het ons aan die eenkant die onderdruktes en aan die anderkant die magsgroep gehad. Die magsgroep (Afrikaners) het Afrikaans gemanipuleer om sy denke te verbaliseer. So het Standaardafrikaans eintlik tot stand gekom, waarin wit heerskappy, nasionalisme, Afrikanerkultuur en Christelike beskaafdheid verwoord is. Die Blankes het hulle eie taalvorm Algemene Beskaafde Afrikaans genoem, na aanleiding van die Algemeen Beskaafde Nederlands. Dit het geïmpliseer dat diegene wat nie hierdie taalvorm

gebruik het nie, “onbeskaafd” was en by implikasie dus minderwaardig. In reaksie op hierdie eksklusiewe karakter het daar reeds in die tagtigerjare woelinge rondom Afrikaans ontstaan.

2.1.2 Die Kaapse beweging

In die tagtigerjare het die beweging vir Alternatiewe Afrikaans vanuit die bruin geleedere van die samelewing ontstaan. Hulle doel was om erkenning te verkry vir die rol wat hulle gespeel het in die vorming van Afrikaans. Volgens Ponelis (1998: 65) was hulle ook ten sterkste gekant teen die feit dat Afrikaans slegs op blankes gerig was, aangesien hulle ook die taal gebruik het en 'n bydrae daartoe gelewer het. Afrikaans was ook die taal wat lede van die beweging vir Alternatiewe Afrikaans in die tagtigerjare vir hul bevrydingstoesprake gebruik het. So was Mohamed Shaikh, die eerste bruin bestuurder van die radioprogram, Afrikaans Stereo, van mening dat Afrikaans nie die taal van die onderdrukker is nie, maar dat dit eerder eerder die bevrydingstaal is. “Afrikaanse digters en skrywers, soos Adam Small, Etienne le Roux, André P. Brink, Elsa Joubert en Breyten Breytenbach het die taal gebruik om hul verset teen Afrikanernasionalisme te toon” (Ponelis, 1998).

Met die bekendstelling van die Skrywers- en Uitvoerende Beweging (SUB) in 1984 is daar van 'n Kaapse Beweging gepraat. Hierdie beweging het gepoog om Afrikaans van sy Apartheidstigma te bevry deur Kaapse Afrikaans as instrument teen onderdrukking te gebruik. Die 1980s word gekenmerk deur die opbloeit van *struggle*-literatuur wat myns insiens toevallig in Afrikaans is omdat bruin Afrikaanssprekendes soos Adam Small en Peter Snyders Afrikaanssprekendes is wat in Afrikaans ‘voel’. Die enigste rede waarom die Kaapse beweging Afrikaans as 'n bron van mobilisering gekies het, was omdat sy bruin sprekers wel oorwegend Afrikaans was. Degenaar sê juis (in Du Plessis & Du Plessis, 1987: 206) dat N. P. Van Wyk Louw se werke hom laat besef het dat hy nie net in Afrikaans verstaan nie, maar ook voel. Deur hulle protesletterkunde het die lede van

die Kaapse Beweging ook duidelik die boodskap oorgedra dat Afrikaans nie 'n witmanstaal is nie, maar aan al sy sprekers oor die kleurgrens behoort. Hulle wou met hulle literêre werke en teateropvoerings hulle solidariteit met die breë swart bevrydingstryd toon.

Die letterkunde waarin 'alternatiewe' Afrikaans (Kaapse Afrikaans) as protesmedium gebruik is, was 'n belangrike vorm van politieke propaganda. Hierdeur is daar aan die gestigmatiseerde variëteit van die Afrikaanse taal, nl. die taal van die bruinman, status gegee. Tweedens, het die geskrewe vorm van hierdie variëteit 'n groter deel van die bevolking dwarsoor die kleurgrens bereik en kon die wit Afrikaanssprekendes ook 'n groter blik kry in die psige van hulle bruin eweknieë. Hulle kon in 'n variëteit van hulle eie taal lees en hoor watter diep letsels apartheid op bruin Afrikaanssprekendes gelaat het en dat die Afrikaanssprekende gemeenskap dwarsoor die kleurgrens eintlik dieselfde kultuur deel.

Geskrewe Afrikaans is met die totstandkoming van die GRA en koerante soos *Di Patriot* en *Ons Klyntji* as witmanstaal deur die stigters en voorstanders van die apartheidsregime toegeëien. Die skrywers van die weerstandstekste het op hulle beurt weer die Afrikaanse taal in diens van die bevrydingstryd teruggeneem. Dit was volgens die taalhistorikus, wyle Achmat Davids (Van Rensburg, 1997: 113), geregverdig. Hy het Afrikaans beskou as die eindproduk van gekreoliseerde Nederlands van swart sprekers, slawe en mense wat nie tot die heersersgroep aan die Kaap behoort het nie.

Hierdie terugneem van die Afrikaans deur sy swart sprekers word in A.H.M. Scholtz, (1995) se teks *Vatmaar* vergestalt. Scholtz het weens die destydse beleid van verengelsing sy skoolopleiding in Engels gekry. Volgens hom is hy ook weens die stigmatisering van Afrikaans tydens die apartheidsjare van sy moedertaal beroof. *Vatmaar* is eers in Engels geskryf en later in Afrikaans vertaal omdat hy nie so vertrouwd met die Afrikaanse skryfmedium is nie. E.M.K. Dido, (1996) se teks *Die storie van*

Monica Peters lewer ook 'n bydrae om die stemme van die swart moedertaalsprekers tot uiting te bring.

Hierdie losmaking van Afrikaans van sy apartheidsboeie het sy swart sprekers dus aangemoedig om Afrikaans weer as moedertaal op te eis.

2.1.3 Die geografiese verspreiding van Afrikaans

Die Afrikaanse taalgemeenskap het sedert die begin van die agtiende eeu besonder uitgebrei. Die ekonomiese basis van die Afrikaner het ingrypend verander toe daar van die gevestigde landboukultuur in Wes-Kaapland na veeboerdery oorgeskakel is. Omdat veeboerdery op nomadisering berus, is Afrikaans oor Suider-Afrika en uiteindelik tot in Midde-Afrika oorgedra. Sedert die vyftigerjare is Afrikaans weens die bevrydingsbewegings in Afrika op die agtergrond gestoot en het die Afrikaanse taalgemeenskap begin krimp.

Die territoriale sentrum van die taalgemeenskap is die westelike deel van Suider-Afrika, nl. Noord – en Wes-Kaap, waar die taalgemeenskappe die langste gevestig is en waar die oorspronklike bewoners, die Koi en San, óf uitgedryf óf geabsorbeer is.

Volgens die sensus-opname (Schuring, 1991: 309) was die taalverhoudinge van die aantal sprekers van die verskillende tale in 1991 soos volg:

Tabel 1 Taalverhoudinge van sprekers (1991)

Suid-Kaap	Afrikaans (69,6%)	Engels (19,4%)	Xhosa (9,5%)
Noord-Kaap	Afrikaans 54,1%	Tswana (31,3%)	Xhosa (8,2%)
Oos-Kaap	Xhosa (57,2%)	Afrikaans (29,6%)	Engels (11,9%)
OVS (Vrystaat)	S-Sotho (55,7)	Afrikaans (15,8%)	Xhosa (11,6%)
Natal (Kwazulu Natal)	Zulu (75%)	Engels (17,7%)	Afrikaans (2,6%)
Oos-Tvl (Mpumalanga)	Swazi (29,9%)	Zulu (25,5%)	Afrikaans (12,4)
Wes-Tvl.(Noord.Prov.)	Tswana (50,6%)	Afrikaans (21,7%)	Xhosa (12,2%)
PWV-gebied (Gauteng)	Afrikaans (20,7%)	Zulu (15,5%)	Engels (15,1%)

(Uittreksel uit VN Webb se boek *Afrikaans na Apartheid*)

Die ruimtelike verspreiding van Afrikaans is dus polisentries. Die taalgemeenskap is oor die hele land versprei. Die grootste stedelike kern, soos afgelei uit die statistiek, is in die Kaap waar die posisie van Engels sterk is en verder versterk word deur die geweldige toestroming van Xhosas. Aangesien die meeste en magtigste Afrikaanssprekendes hulle in die stad bevind, is dit hier waar die lot van tale beslis gaan word. "Die Afrikaanse bevolking is nie meer hoofsaaklik 'n landelike bevolking nie, maar 'n stedelike; nie oorwegend eentalig nie, maar oor die algemeen goed tweetalig en derhalwe blootgestel aan die gevaar van taalverskuiwing..." (Steyn, 1980: 171). Dié data toon ook dat die stede van Suid-Afrika heterogeen is, wat die toepassing van 'n homogenene benadering kortwiek.

2.2 Die status van Afrikaans sedert 1994

In 1994 het die politieke mag amptelik uit die hande van die Afrikaanssprekendes begin verskuif. Die nuwe tydperk het meegebring dat Afrikaans nie meer bevoordeel kon

word nie. Volgens die nuwe grondwette (1994,1996) is daar elf amptelike tale in Suid-Afrika waarvan Afrikaans een is.

Sedert die die nuwe regering in 1994 aan bewind gekom het, is die politieke vyandigheid teen Afrikaans vinnig besig om te verander. Afrikaans begin al meer 'n plek inneem as een van die tale in 'n veeltalige Suid-Afrika. In die Afrikaanse openbare media word dikwels verwys na die oormatige diskriminasie teen Afrikaans en die onredelike bevoordeling van Engels. Die nuwe regering het vir sommige 'n tyd ingelui waartydens Afrikaans van die politieke vlek van apartheid bevry is. Vir ander weer verteenwoordig die nuwe bedeling 'n era van groot druk op Afrikaans.

Die oormatige aandag wat vandag aan Engels gegee word, blyk byvoorbeeld uit die bevoordeling van Engels in, onder meer radio- en televisieprogramme, die beplanning van 'n skooltaalbeleid en die korrespondensie van die poskantoor en openbare dienste. Voorts word enkele terreine onder die loep geneem waar die regering 'n opsigtelike verengelsingsbeleid toepas.

2.2.1 Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) se afskaling van Afrikaans

Die SAUK se afskaling van Afrikaans tydens die verkiesing, het gemoedere opgesweep. Prof. Herman Giliomee (*Die Burger*, 1994.07.25:1) het verwys na die plofbare situasie wat rondom die SAUK opbou. Afrikaanssprekendes was veral briesend oor die SAUK se plan om Afrikaans van TV1 te verwyder en dit beperkte uitsaaityd met die ander nege inheemse tale op 'n ander kanaal (CCV) te gee. "Afrikaanssprekendes van alle rasse, 'n breë spektrum van leiers op taalgebied, politieke partye, die Afrikaanse Kopieskrywersforum, asook die Federasie van SA Vakbonde met hoofsaaklik Afrikaanssprekende lede het ontstoke gereageer op 'n plan van die SAUK om Afrikaans van TV1 te verwyder" (*Die Burger*, 1994.07.30:1). Volgens die digter en skrywer, prof. Adam Small, het die taalplan van die SAUK aan kulturele barbarisme gegrens. Hy

het gemaan dat as Afrikaanssprekendes nie sou inspring nie, Afrikaans verder doodgedruk sou word (*Die Burger*, 1994.07.25).

Die beoogde taalbeleid het ook kritiek van die FAK, die Nasionale Pers en talle lesers en TV-kykers uitgelok. Volgens die uitvoerende voorsitter van die Nasionale pers mnr. Ton Vosloo, het die SAUK as openbare uitsaaier 'n verpligting teenoor alle TV-lisensiehouers om hulle taal- en kultuurbehoefes in ag te neem (*Die Burger*, 1994.07.25:1). Hy het aangevoer dat die grootste deel van die SAUK se TV-lisensiehouers Afrikaanssprekend is, en dat die voorstelle ook strydig is met die grondwet, wat semi-staatsorganisasies verbied om Afrikaans uit te faseer. Ook die destydse premier van die Wes-Kaap, mnr. Hernus Kriel, het die SAUK oor sy voorgestelde taalbeleid gekritiseer (*Die Burger*, 1994.07.30:1). Volgens hom is die taalkwessie uiters sensitief in die Wes-Kaap waar meer as 60% van die inwoners Afrikaanssprekend is. Die finale voorstelle van die SAUK se taalkomitee om Engels as hooftaal te gebruik, is egter deur die SAUK-raad verwerp as gevolg van botsende bepalinge met die Grondwet. In die Grondwet word vereis dat al elf tale gelyk behandel moet word en 'n taal se bestaande regte nie aangetas mag word nie.

Die SAUK se motivering om Engels as hooftaal te gebruik, berus op 'n steekproef wat gedoen is. Tydens dié steekproef het Afrikaanssprekende respondente aangedui dat Engels hulle tweede uitsaaikouse is. Hierop het 'n leser die standpunt gehuldig dat ongeveer 'n dekade gelede dit vir matrikulante verpligtend was om beide Afrikaans en Engels te slaag om 'n universiteitsvrystelling te bekom. Dit is dus logies dat hulle Engels hulle tweede uitsaaikouse sou maak.

Verder moes die beoogde tydgleuf op CCV die Afrikaanssprekendes dien wat 'hoofsaaklik plattelands met 'n lae opvoedingspeil en 'n laer inkomstegroep' is. Volgens die uitvoerende groephoof van die SAUK, mnr. Wynand Harmse, het Afrikaanssprekendes in 1994, 39 % tot die SAUK se inkomste bygedra, Engelstaliges 29 % en swarttaliges 31 % (*Die Burger*, 1994.07.30:1). Die motivering dat die

afskaling van Afrikaans op praktiese redes berus, was dus ongegrond. Die SAUK se beoordeling van Afrikaanse kykers en hulle taal het nie verband gehou met die ekonomiese bydrae van dié groep nie (*Die Burger*, 1995.05.01:8). Volgens 'n bemarkings- en kommunikasie- koördineerder van TV-lisensies by die SAUK, was sowat 685 000 van die huidige 1 950 000 lisensiehouers op daardie stadium waarskynlik Afrikaanssprekend. 'n Boikot van lisensiegeld sou die SAUK meer as R100 miljoen kos (*Die Burger*, 1995.05.06).

Verder het die stem van die land se geldmag ook teen die afskaling van Afrikaanse kyktyd opgeklank. Sanlam het laat weet dat hy sy reklamebesteding van miljoene rande sou heroorweeg as die SAUK sou voortgaan met sy planne om Afrikaans se posisie op die TV te wysig. Ook Absa, Mercedes-Benz, Pepkor (SA), Toyota (SA) en Volkswagen, het laat blyk dat hulle die taalsituasie op TV voortdurend sou monitor vir besluite oor reklamebesteding.

Weens die skerp reaksie op die SAUK se voorstel om Afrikaanse programme na CCV te skuif, het die SAUK-raad toe besluit om die voorstel op 'n raadsvergadering in Junie 1995 te heroorweeg, waarna 'n gewysigde voorlegging aan die Onafhanklike Uitsaai-owerheid (OUO) gemaak sou word. Sedertdien is Afrikaanse programme na TV2 verskuif. Hiermee is die Afrikaanse kykers ook nie tevrede gestel nie, omdat daar steeds te min Afrikaanse kyktyd is.

2.2.2 Verengelsing van die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL)

Die SAL het in 1995 besluit om veiligheidsaankondigings voortaan net in Engels te doen (*Die Burger*, 1995.05.21:1). Ontstoke Afrikaanse kultuurorganisasies het gewaarsku dat die SAL die Oorgangswet oortree wat die bestaande status van 'n taal beskerm. Die destydse premier van die Wes-Kaap, mnr. Hernus Kriel, het gesê dat

goeie diens en die gasvryheidsbedryf beteken dat mense in hul eie taal bedien moet word (*Die Burger*, 1994.07.26:2).

2.2.3 Verengelsing van Elektrisiteitvoorsieningskommissie (Eskom)

Volgens 'n berig in *Die Burger* van 30 Julie 1994 het Eskom besluit om voortaan net Engels as amptelike interne voertaal te gebruik. Eskom se rede hiervoor word deur 'n woordvoerder, ene mnr. Peter Adams, aan praktiese redes toegeskryf waarvan een van die belangrikste is dat Engels die taal van tegnologie en rekenaars is. (*Die Burger*, 1994.10.04:12).

2.2.4 Verengelsing van die Poskantoor

Op 16 April 1998 het die Poskantoor besluit dat korrespondensie slegs in Engels opgestel sal word. Advertensies vir vakante poste sou vanaf 21 April 1998 ook net in Engels gepubliseer word. Luidens die Poskantoor se beleid sal sekere dokumente voorlopig steeds in Engels, Afrikaans en ander tale versprei word, maar hierdie ander tale sou later uitgefaseer word om plek te maak vir Engels (*Die Burger*, 1998.05.13).

Op 2 Oktober 1998 is 'n interne kennisgewing in Engels en Afrikaans aan die Waarnemende Besturende Direkteur, streekhoofbestuurders, afdelingshoofde en areabestuurders van die poskantoor gestuur, waarin dit bekend gemaak is dat die poskantoor Engels voortaan as die enigste taal vir alle besigheidskommunikasie gebruik sou word en dat Engels geleidelik ingefaseer moes word. (*Die Burger*, 1999.02.02). Dit lui verder dat die afdeling Interne Kommunikasie vanaf 26 Oktober 1998 alle bedryf- en spesiale sirkulêre slegs in Engels sou uitreik. Die argument wat ter regverdiging van hierdie stappe geopper is, is dat dit in ooreenstemming met die algemene transformasieproses is.

2.2.5 Verengelsing van die Suid-Afrikaanse Polisie diens (SAPD)

Die SAPD se beleidsaankondiging in 1998 dat opleiding en keuring voortaan net in Engels gedoen sou word, het eweneens kritiek ontvang (*Die Burger*, 1998.03.21:9). Dié poging om die Polisie diens te verengels is verregaande omdat die SAPD nog nie 'n nasionale taalbeleid het nie.

2.2.6 Verengelsing van die Departement van Arbeid

Engels is tans die amptelike taal van kommunikasie in die Departement van Arbeid. Die Departement se direkteur van kommunikasie, mnr. Jerrie Majatladi, het die taalbeleid bevestig ná gerugte dat personeel in 'n omsendbrief van die eentaligheid in kennis gestel is. 'n Lid van die publiek sal net in sy of haar taalkeuse bedien word as die persoon daarop sou aandring. Majatladi sê dié interne reëling beteken dat alle omsendbriewe, notules van vergaderings, komiteevergaderings en memoranda net in Engels mag wees. Dit is 'n praktiese reëling sodat werknemers mekaar kan verstaan. "Om van tolke gebruik te maak, sal te duur wees", het hy gesê (*Rapport*, 1998.02.22:8)

2.2.7 Verengelsing van die skoolbeleid

Die ANC-regering het onomwonde sy voorkeur vir veeltaligheid en dubbelmediumskole uitgespel. Daar is gewaarsku teen taaleksklusiwiteit om rassevoordele te verbloem.

In Maart 1997 het die ANC 'n konsepbeleidsdokument oor die onderrigtaal in skole bekend gemaak. Die dokument is deur 'n taakspan opgestel wat uit amptenare van die sentrale Departement van Onderwys en lede van die Suid-Afrikaanse Stigting vir Onderwys en Opleiding bestaan het.

Volgens die beleidsdokument kan skole self besluit oor watter taalonderrigmodel hulle gaan implementeer. Leerlinge van minderheidsgroepe sal skriftelik onderneem om nie ná toelating op ander taalregte aanspraak te maak nie. Alhoewel die destydse Minister van Onderwys, mnr. Sifiso Bengu, daarop gewys het dat daar met die nuwe onderwysbeleid voorsiening vir Afrikaanse enkelmediumskole gemaak is, is dit aan hersiening in 1999 onderworpe, omdat daar omstredenheid met die toepassing daarvan sou kon ontstaan (*Die Burger*, 1997.07.16:12). President Thabo Mbeki (toe nog adj.-pres.), het in sy toespraak tydens die parlementêre debat oor 'n voorgenome kommissie vir die beskerming van kultuur-, taal- en godsdienstige regte, die noodsaak beklemtoon om ekonomiese ongelykhede uit te skakel en weg te doen met die erfenis van apartheid. "Met sy byna uitsluitlike pogings om swart armoede te bowe te kom, het die Regering binne enkele jare geslaag om 'n nuwe patroon van ongelykheid te skep: dié van kultuur- en taalmiskening" (*Rapport*, 1998.08.09:14).

Daar bestaan nie grondwetlike strukture wat benodig word om die Afrikaanssprekendes se taalbelange te beskerm nie. Twee jaar gelede het die Konstitusionele Hof beslis dat die staat nie eens Afrikaanse moedertaalskole hoef te onderhou nie. Die wesenlike oorsaak van die nuwe kultuurongelykheid was die versuim om betekenisvolle regte vir minderhede in die Grondwet op te neem. Volgens die Minister van Provinsiale Sake en Staatkundige Ontwikkeling, mnr. Valli Moosa, word die vernietiging van etnisiteit en stamgebondenheid uitgesonder as een van die oogmerke van die voorgenome Kommissie vir die Beskerming en Bevordering van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe (*Rapport*, 1998.08.09). Volgens mnr. Moosa moet die Afrikaanse gemeenskap, as inisieerder van die beoogde liggaam daarna strewende om dit sterk inhoud te gee.

Meer as 'n kwart van alle Afrikaanssprekende kinders woon Engelsmediumskole by en dié syfer neem jaarliks toe. Dit het aan die lig gekom in 'n ondersoek deur die Stigting vir Afrikaans in samewerking met die SA Onderwysunie (SAOU). Die organisasies beoog om 'n veldtog te begin om moedertaalonderrig te beklemtoon.

2.3 Reaksie teen die afskaling van Afrikaans

Afrikaans neem nie genoeë met die verengelsingsbeleid van die nuwe regering nie en is tans besig om, soos tydens Somerset se verengelsingsbeleid, wal te gooi daarteen.

2.3.1 Openbare protes teen die afskaling van Afrikaans

Die afskaling en benadeling van Afrikaans lok heftige teenkanting uit. In baie gevalle het die teenkanting ook finansiële implikasies: uit vernet word radio- en televisielisensies nie betaal nie, en passasiers kies byvoorbeeld 'n lugrederye wat hulle taalvoorkeur respekteer. Op dié wyse dring mense daarop aan om in Afrikaans bedien te word. Die ekonomiese krag van die Afrikaanssprekendes spreek dus duidelik.

Volgens 'n dosent in Afrikaans aan die RAU, dr. Elise van Staden, verdien Afrikaans spesiale behandeling omdat die taal op een na die grootste taalgroep in Suid-Afrika is en die groep met die grootste bestebare inkomste verteenwoordig (*Rapport*, 1998.09.06:11). Afrikaanssprekendes koop die meeste motorradio's en huishoudelike toestelle, besit die meeste nuwe motors en gebruik die meeste finansiële dienste. Giliomee skryf dat Afrikaanssprekendes as taalgroep, 'n groter koopkrag as enige ander een in die land het (*Rapport*, 1999.01.03).

Nadat die SABC3 vanaf Dinsdag, 2 September 1998 na 'n landswye diens (met 'n bykomende 6,3 miljoen kykers) oorgeskakel het, is die uitsaaityd van Engelse programme tot altesame elf uur verleng. Die Afrikaanse nuus het net drie uur per week gebly. Volgens die redakteur van die SABC-nuusdiens, mnr. Alistair Sparks, is dié besluit, ironies genoeg, finansiël.

Volgens een ontstoke Rapportleser kan die eksklusiewe uitsendings van sokker en krieket in Engels nog geregverdig word omdat die ondersteuners oorwegend Engelssprekend is (*Rapport*, 1998.08.09:21). In hierdie opsig moet die SABC

konsekwent optree en minstens die helfte van die rugbywedstryde, waarvan die grootste aantal ondersteuners Afrikaans is, in Afrikaans uitsaai. Die meeste van dié uitsendings word, volgens hierdie leser, egter in Engels uitgesaai. Weens die verengelsing van die uitsaaiwese doen talle Afrikaanssprekendes 'n beroep op hulle taalgenote om die SABC-uitsendings te boikot. Op dié manier sal die SABC geen voordeel vir sy adverteerders kan bied nie en sal die uitsendings onekonomies wees.

Die verengelsing van die poskantoor het ook groot reaksie ontlok. So word berig in *Die Burger* (1998.05.13:7) dat die voorsitter van die Vryheidsfront, dr. Piet Mulder, die vorige dag in die Nasionale Vergadering beswaar gemaak het omdat die poskantoor Engels as enigste taalmedium gebruik. Sy uitgangspunt is dat sulke poste voortaan waarskynlik net in Engelstalige koerante geadverteer sal word en dat die Poskantoor Afrikaans as 'n struikelblok in die pad van hervorming beskou. Gideon Joubert (*Die Burger*, 1999.02.02) verstaan die poskantoor se transformasiebeleid as die verdringing van Afrikaans deur Engels: "Daar het jy dit, uit die perd se bek, vir elkeen wat kan lees en oë het om te sien. Die sogenaamde 'transformasieproses' was nooit wat dit voorgegee het om te wees nie, naamlik om sogenaamde 'agtergeblewenes' ook 'n plekkie in die son te gee nie. Transformasie beteken om die Afrikaanstalige 'n vreemdeling in sy land te maak".

In reaksie op Gideon Joubert se skrywe benadruk die Streekhoofbestuurder van die poskantoor, Leon Dippenaar, in sy skrywe (Menings, 1999.02.04) die internasionale status van Engels en die feit dat nie-Afrikaanssprekende burgers geen probleem met Engels het nie. Hierop reageer 'n erg verontwaardigde leser (*Die Burger*, 1999.02.06/07.) deur te sê dat Afrikaanstaliges die grootste taalgroep in sy streek is. 'n Ander is weer van mening dat Afrikaans die ander inheemse tale wetenskaplik en tegnologies ver vooruit is, maar nou tot 'n randtaal verneder word. Een maak Dippenaar se regverdiging van die verdringing van Afrikaans deur Engels in die poskantoor af as "drogredenasië" om die alleengebruik van Engels te regverdig.

Ook die verengelsing van die SAPD het groot verontwaardiging ontlok. So byvoorbeeld het die Vryheidsfront se woordvoerder oor veiligheid en sekuriteit, mnr. Joseph Chiolé, die SAPD se beleid gekritiseer om voortaan die opleiding en keuring van kandidate net in Engels te doen (*Die Burger*, 1998.03.21:9). Volgens hom probeer die ANC-regering voorhou dat hy ten gunste van veeltaligheid is, maar die realiteit is dat die ANC-bewind al meer na 'n Engelse eentaligheid beweeg, ten koste van Afrikaans en die ander tale (Ferreira, 1998: 9).

Die voorsitter van Pepkor, adv. Christo Wiese, het by 'n dinee ter viering van die Laerskool Jan van Riebeeck se 75ste bestaansjaar die uitdagings vir moedertaalonderrig in Afrikaans beklemtoon (*Die Burger*, 1996.03.21). Die Laerskool Jan van Riebeeck, wat die oudste Afrikaanse skool in Kaapstad is, het juis sy bestaan te danke aan die verset téén Brittanje se verengelsingbeleid in die twintigerjare en die daaropvolgende oprigting van eie Afrikaanse moedertaalskole. Adv. Wiese wou weet wat die nut van Afrikaanse skole gaan wees sonder tersiêre inrigtings waar moedertaalonderrig voortgesit kan word. Hy grond sy gevolgtrekking, dat Afrikaanse moedertaalonderrig in die spervuur is, op uitlatings deur invloedryke ANC-regeringslede. So het die voorsitter van die Portefeuljekomitee oor onderwys, dr. Blade Nzimande, die uitspraak gemaak dat Afrikaanse skole met 'n eie karakter en waardestelsel onaanvaarbaar is. Volgens Wiese moet 'n taal gekoester en ruimte gegee word om te groei. Die ruimte waarin Afrikaans kan gedy, kan net deur Afrikaanse skole en universiteite voorsien word.

Intussen is daar ook 'n brosjure opgestel deur prof. Rassie Malherbe van die regs fakulteit van die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) waarin die taalregte van Afrikaanssprekendes in eenvoudige taal uiteengesit is. Die brosjure beskryf ook maniere waarop die regte uitgeoefen kan word (*Die Burger*, 1999.02.02).

Die heftigste teenkanting teen die afskaling van Afrikaans (en dus die status van sy sprekers), kom uit die wit Afrikanergeleedere. Hulle houding word deur sommige

swartes, soos Sekelo Sello veroordeel. Volgens Sello (*Die Burger*, 1998:15) het Afrikaanssprekendes tot 1994 die staatsmasjien gebruik om hulle sosiale, ekonomiese, politieke en kulturele belange te bevorder. Afrikaans word nie bedreig nie, maar dit sal nooit weer die status kan hê wat dit vóór 1994 gehad het nie.

Die Afrikaners het baie vrese – werklik of denkbeeldig – soos juis die aanvalle op boere, asook die marginalisering van hul taal deur die staatsbeheerde SABC, die afskaling van Afrikaans se status in die Parlement, en die impak van regstellende aksie in die staatsdiens en die private sektor. Alhoewel die Suid-Afrikaanse Grondwet meertaligheid volkome deur onderskryf, is daar heelwat gebruikers wat voel dat Engels bevoordeel word. Die hele regeringstruktuur is verengels. Die topstruktuur is Engels. Talle banke en openbare instellings het begin verengels. Die voorskrifte op medisyne en huishoudelike produkte is net in Engels beskikbaar. Na 1994 is Engels by amptelike geleenthede bó Afrikaans en die ander amptelike tale van Suid-Afrika verkies. Dit is teenstrydig met die taalbepalings van die Grondwet. Afrikaners voel ook dat hulle taal gemarginaliseer en ten alle koste vermy word. Een voorbeeld hiervan is die verengelsing van die TV ná 1994 en die vervanging van die uitsaaikorporasie se Afrikaanse naam 'SAUK' deur die Engelse 'SABC'. Ook het staatsorganisasies soos die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL) Afrikaans prysgegee en slegs Engels as voertaal begin gebruik.

2.3.2 . Die stigting van nuwe taal- en kultuurorganisasies

Die Afrikaanse gemeenskap is landwyd besig om hulleself te mobiliseer in belang van Afrikaans en die Afrikanerkultuur. Midde-in die mobiliseringsproses speel die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), waarby baie van die organisasies geaffilieer is, 'n belangrike rol ten opsigte van bemiddeling en skakeling. Aan die voorpunt staan die uitvoerende hoof van die FAK, mnr. Hennie de Wet. Volgens Freek Swart (*Rapport*, 1998.03.15:4) voer pres. Thabo Mbeki, tans gesprekke met

verteenwoordigers van Afrikaanse instansies. Dié gesprekke fokus op Afrikaners se probleme in die nuwe bedeling, asook die wenslikheid dat Afrikaners betrokke raak by die transformasieproses.

Die eertydse Afrikaanse kultuurorganisasies waarin taal 'n sentrale rol gespeel het, is ook met apartheid geassosieer. Lidmaatskap van hierdie organisasies was lank eksklusief. Sulke liggame was slegs vir blanke Afrikaanssprekendes toeganklik. Die kultuurorganisasies het niks gedoen om Afrikaans ook onder ander sprekers van die taal te bevorder nie. Weens die besef dat die oorlewing van Afrikaans van al die lede van die Afrikaanse taalgemeenskap afhang, word daar tans nuwe, meer inklusiewe taal- en kultuurorganisasies gestig. Voorbeelde hiervan is die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) en die Oorlegplatform.

2.3.2.1 Pansat

Mnr. Hennie Bester, 'n Wes-Kaapse minister en een van die organiseerders van Pansat, het gesê dat die doelwit van Pansat is om vennootskappe tussen Afrikaans en ander inheemse tale te vestig (*Rapport*, 1998.03.15:7).

Pansat gaan ingryp om te verhinder dat Engels tot die enigste verslagtaal in Suid-Afrikaanse howe verklaar word. 'n Lid van Pansat, me. Khethiwa Mboweni-Marais, het gewaarsku dat dié liggaam, wat veeltaligheid in die land moet bevorder, enige poging van die Departement van Justisie sal teenstaan om ander tale in die howe te misken. Die herrie oor die taalbeleid in howe het opnuut opgevlam toe 'n Johannesburgse prokureur, mnr. Harry Barker, 'n pleidooi in die prokureurstydskrif, *De Rebus*, gelewer het dat net Engels as hofverslagtaal erken moet word. Dit sal meebring dat alle getuienis, uitsprake en ander hofverrigtinge in Engels getolk en vertaal sal moet word. Barker voer veral aan dat die gelykberegtiging van al elf amptelike tale onprakties sal wees en dat dit die regsproses sal vertraag. Die Departement van Justisie is tans besig

om die kwessie te oorweeg, maar 'n interne dokument wat in Februarie 1999 tydens 'n werksessie versprei is, het reeds voorbrand vir Engels gemaak.

Pansat gaan later in besonderhede op Barker se artikel reageer en sy argumente weerlê, aldus Mboweni-Marais. Sy stel dit so: “Die strydpunt gaan oor menseregte, menslike waardigheid, gelykheid en geregtigheid. Taal in die howe handel in die eerste plek nie oor praktiese reëlins nie, dis 'n beginselsaak” (*Rapport*, 1998.10.04:19). Sy sê dat die huidige toestand in Afrikaanse howe abnormaal is vanweë die miskenning van veral Afrika-tale. Dit moet reggestel word deur onder meer vertalers en vertalings beskikbaar te stel. Mense moet in hulle eie taal verhoor word. Volgens haar weerspreek die huidige beweging in die rigting van eentaligheid die Grondwet. Die erkenning van 'n taal as ampstaal hou in dat elkeen van die tale gelyke beregtiging moet geniet. Hierdeur sal nie net die taalbalans gehandhaaf kan word nie, maar sal oorheersing en bevoordeling van een taal ten opsigte van die ander ook aan bande gelê word. Een van die funksies van Pansat, is juis om te verseker dat sulke ongeregthede nie plaasvind nie.

Die adjunk-prokureur-generaal van die Witwatersrand, adv. Jan Henning, sê dat dit totaal onprakties sal wees om 'n saak te verhoor waar die landdros, die beskuldigde, dié se regsverteenvoerder en die aanklaer Afrikaanssprekend is, indien Barker se versoek aanvaar word. Volgens Henning (*Rapport*, 1998.10.04) doen dié situasie hom daaglik in talle howe voor. Henning maak beswaar teen Barker se stelling dat “die wil van die meerderheid van Suid-Afrikaners Afrikaans uitsluit vanweë sy sombere rekord as die voertaal van apartheid”. Volgens Henning bestaan geen wetenskaplike grondslag vir dié stelling nie. Henning sê dat die Konstitusionele Hof hom nie laat lei deur die feit dat die meeste Suid-Afrikaners ten gunste van die doodstraf is nie, maar deur die beginsels van die Grondwet. Dieselfde moet vir die tale geld wat deur die hof erken word. Die ondervoorsitter van die Afrikanerbond (AB), Prof. Francois Venter sê: “Afrikaans speel 'n belangrike rol in die regstelsel en dit sal die regstelsel geweldig verarm as Afrikaans nie erken word nie” (*Rapport*, 1998.10.04).

2.3.2.2 Die Oorlegplatform

Die Oorlegplatform is 'n vereniging wat in 1998 tot stand gekom het onder voorsitterskap van mnr. Ton Vosloo. Dié vereniging beywer hom vir “verteenwoordigde oorlegpleging, saambinding, konsensbou en standpuntstelling” deur alle Afrikaanssprekendes oor hulle regte en verantwoordelikhede in die nuwe Suid-Afrika. Dit wil poog om alle Afrikaanssprekendes van alle kleure en klasse by die proses te betrek (*Rapport*, 1998.09.07).

Hoewel die Oorlegplatform edele ideale vir die handhawing en uitbouing van Afrikaans het, staan die werksaamhede van hierdie vereniging onder verdenking. Die rede hiervoor is dat die vereniging konnotasies met gestigmatiseerde politieke organisasies soos die Broederbond het. Ten einde die ideale te verwesenlik, sal die breë Afrikaanssprekende gemeenskap betrek moet word en nie net sekere groeperinge in die gemeenskap soos ‘blanke Afrikaners’ nie.

2.4 Redes vir versaking van Afrikaans en voorkeur aan Engels

Die versaking van Afrikaans moet teen die agtergrond van Afrikanernasionalisme gesien word. Die aanhangers hiervan sien Afrikaans as 'n onaantasbare deel van hulle identiteit en is derhalwe ook taalpuriste. Die band tussen lojaliteit jeens die taal en taalsuiwerheid is baie meer kompleks. So mag sprekers van Kaapse Afrikaans (sg. Kleurlinge) lojaal teenoor Afrikaans wees, ten spyte daarvan dat taalsuiwerheid nie so 'n groot rol in hulle gesprekke speel nie.

'n RGN-ondersoek het in 1997 bevind dat Afrikaanssprekende sogenaamde kleurlinge meer dikwels Engels in openbare funksies (bv. winkels) en hoë status gesprekke gebruik as wat hulle Engelse genote Afrikaans gebruik. Dit blyk dus dat Engels onder hierdie gemeenskap 'n hoër aansien het as Afrikaans. Dit moet egter vermeld word dat die

sogenaamde kleurlinge (veral dié in die Kaap) eintlik sku is om Afrikaans in openbare funksies te gebruik, omdat hul dialek deur puriste as minderwaardig beskou word en hulle dus hulleself die verleentheid wil bespaar.

Verder verkies veral die swartmense, Engels bo Afrikaans weens hulle negatiewe ervarings met blanke gesagsdraers. Vorster en Procter het bv. stereotipes van eerstejaarstudente aan die Universiteit van Fort Hare teenoor Afrikaans- en Engelsprekendes, ondersoek en gevind dat Afrikaanssprekendes as streng outoritêr en onsimpatiek gesien is. Engelssprekendes, daarenteen, is as vriendelik en simpatiek beskryf. (Webb, 1992: 41).

2.5 Verhoogde inklusiwiteit van Afrikaans

Daar het reeds in die tagtigerjare woelinge rondom Afrikaans en sy eksklusiewe karakter ontstaan. Ware vernuwing sou egter eers in die negentigerjare in die taal intree. Afrikaans het na 1994 sy apartheidsjuk en standaardborsrok afgegooi en 'n nuwe baadjie aangetrek. Deesdae word 'n meer loslit- en inklusiewe benadering gevolg. Dit blyk dat die besef ingetree het dat Afrikaans se oorlewing as taal van al sy sprekers oor die kleurgrens afhanklik is. So sê mnr. Ton Vosloo, gewese uitvoerende voorsitter van Naspers: "Ek is 'n Afrikaansprater. In my nuwe omgewing wil ek graag help om die energie in Afrikaanssprekende geledere te ontsluit, maar op 'n basis van insluitendheid" (*Rapport*, 1998.10.11:13). Hy sê verder dat Afrikaans se grootste inspuiting vandag vanuit die geledere van die Moslems kom.

Die Afrikaanssprekendes besef ook dat hulle nou deel van 'n minderheidsgroep is en alleenlik sal oorleef indien hulle die hand van vriendskap na ander minderheidsgroepe in Suid-Afrika reik. Afrikaanssprekendes soos Vosloo doen dan ook 'n beroep op Afrikaanspraters om hulleself ter wille van 'n groter nasie met die gees van 'n vrye Afrikaans te vereenselwig (*Rapport*, 1998.10.11:13).

Daar word tans hard probeer om die kloof tussen Standaardafrikaans en Omgangsafrikaans te vernou en Afrikaans só van sy erg konserwatiewe en onbuigsame beeld te bevry. Deesdae word daar algaande wegbeweeg van die taalpuristiese benadering en word die media en literatuur ingespan om Afrikaans meer ontvanklik vir die breë Afrikaanse publiek te maak.

2.6 Samevatting

Afrikaans het tydens die apartheidsjare 'n hoë status geniet, omdat dit taal van die oorheersende politieke groep was. Vanaf die tagtigerjare het Afrikaans se gewildheid as primêre taal afgeneem, omdat dit bekend geword het as die taal van die onderdrukker. Aan die anderkant het Engels se posisie sterk gegroei weens sy enorme blootstelling deur veral die TV en die voortgesette industriële en ekonomiese aktiwiteite van die Engelssprekende gemeenskap. Die stryd vir Afrikaans is egter nie verlore nie. Wat in gedagte gehou moet word, is dat 'n taal, om te kan oorleef en groei, dinamies moet bly. Daar moet ook daarna gestrewe word om die gaping tussen Standaardafrikaans en veral Kaapse Afrikaans te verklein. “Die Afrikaanse nasionalisme moet weer, en in groter mate as vroeër selfs, 'n taalnasionalisme word - 'n beweging dus waarin getrouheid aan die taal die belangrikste element is. Ook al is daar terugslae in hul strewe, behoort Afrikaanse meningvormers te volhard in die pogings om die verwydering tussen blanke Afrikaanssprekendes en kleurlinge te verklein” (Steyn, J.C. 1980: 437).

Hoofstuk 3

Die invloed van die ANC-verengelsingsbeleid op die ontwikkeling van Afrikaans

3.1 Inleiding.

Die Afrikaner het nog altyd geglo dat institusionalisering van die Afrikanervolk en sy taal belangrik vir die taal se voortbestaan is. Daar is herhaaldelik daarop gewys dat moedertaalsprekers pogings om Afrikaans van sy huidige amptaalstatus te onthef, as vernederend sal ervaar. Daar is ook daarop gewys dat hierdie vernedering 'n direkte oorsaak van konflik of verset in die toekoms sal wees. J.C.Steyn stel dit so: "Afrikaanstaliges kan nie genoeg neem met die verlies van taalregte nie. Hier en in ander lande is so iets die sterkste simbool van neerlaag en vernedering. Die individu word sy menseregte ontnem. Sonder taalregte is daar nie hoop op 'n toekoms as volk nie" (*Beeld*, 1991.10.24).

Die Afrikaanssprekende voel gekrenk oor die wyse waarop sy taal deur die ANC-regering behandel word. Afrikaans is nie meer die magstaal nie, aangesien dit nou net een van die elf amptelike van Suid-Afrika is. Maar net soos die verengelsingsbeleid in die vorige eeu eintlik die groei en ontwikkeling van Afrikaans gestimuleer het, het die ANC-verengelsingsbeleid ook 'n enorme stimulerende effek op Afrikaans.

3.2 Die afbreek van die konserwatiewe beeld van Afrikaans

Gedurende die apartheidsjare was Standaardafrikaans en Afrikanernasionalisme sinoniem. Dit het gedreig om Afrikaans te versmoor. Tans word daar op velerlei wyses gepoog om Afrikaans van die juk van Afrikaansnasionalisme te bevry en sy konserwatiewe beeld af te breek deur loslitafrikaans en Engelse slengtaal-woorde te gebruik. Voorbeelde hiervan op die terrein van die televisie, tydskrifte, koerante, die reklamewese, letterkunde en musieklirieke, word voorts behandel. Daar word onder

meer ook gekyk na die verslapping van sensuurwette, taalfeeste, 'n wilde woordeskat, betreding tot die internet en akkommodering van sy variëteite.

3.2.1. Televisie

'n Hewige debat het rondom die suiwerheid van Afrikaans ontstaan toe taalvermenging sy kop in die media begin uitsteek het. Daar is speels na hierdie verskynsel verwys as die *Antie Stienie-sindroom*. Antie Stienie was 'n karakter in die Afrikaanse televisiereeks *Agter elke man*. Sy was een van die eerste karakters op TV wat haar Afrikaans konstant met Engels gemeng het.

Hierdie vermenging van Afrikaans en Engels is eers as 'n algemene verskynsel onder wit Afrikaanssprekendes in die laer sosio-ekonomiese klasse gesien. Deur die gebruik daarvan in die media, het taalvermenging egter na alle lae van die samelewing begin uitbrei. Hierdie verskynsel het nou ook begin voorkom onder karakters wat in televisieprogramme middel en selfs hoë sosiale klasse uitgebeeld het. Van die eerste voorbeelde hiervan was te sien in programme soos Paul C. Venter se *Arende en Konings*, Franz Marx se *Egoli* en veral Willie Esterhuizen se *Orkney snork nie*. Laasgenoemde was 'n situasiekomedie wat die lewe van 'n gemiddelde Afrikaanse gesin, op die myndorp, Orkney, uitgebeeld het. “Hierdie karakters het nie suiwer Afrikaans gepraat nie, aangesien die skrywer, Esterhuizen, probeer het om die taal weer te gee wat werklik gebruik is” (*De Kat*, 1992. 8 (2): 63).

Die vermenging van Afrikaans met ander tale, soos Hollands en Engels, het reeds vanaf die vroegste tye plaasgevind. Dit was juis hierdie aanpasbaarheid van Afrikaans wat tot die oorlewing van die taal bygedra het. Dít is juis ook wat sal maak dat Afrikaans in die toekoms nog sal oorleef (*De Kat*, 1992. 8 (2): 63).

3.2.2 Tydskrifte

Deesdae tree Afrikaanse tydskrifte soos *De Kat* as voorloper van loslitafrikaans op. Die 1998-uitgawes van dié tydskrif is modern en alle aspekte daarvan weerspieël die status van Afrikaans. Die Mei-uitgawe van die betrokke jaar se voorblad is rewolusionêr. Dit vertoon 'n verleidelike vrou wat in tiervelmotief geklee is. Die voorblad stel die veranderde persepsie van 'n 'mooi' vrou bekend. Artikels word van informeel opskrifte voorsien, soos geadverteer, "*Grrrrr ... Michelle McLean tem die woestyn*" (*De Kat*, 1998.05).

Afrikaans word in tydskrifte soos *De Kat* deur gemaklike taalgebruik en 'n ontspanne styl bevorder en bemagtig. Die verkenning van nuwe Afrikaanse ruimtes en invloedssfeer in die tydskrif dra ook positief tot die bevordering van die taal by. Die Julie-uitgawe van *De Kat* (1998) sluit byvoorbeeld CD-Rom met Internettoegang en speletjies in.

De Kat wat as 'n Afrikaanse glanstydskrif beskou word, is 'n bewys daarvan dat hoë kwaliteit leesstof en knap joernalistiek nie afhanklik is van 'n taalpuritiese benadering en 'korrekte' taalgebruik nie. Die gemaklike en eg Suid-Afrikaanse skryfstyl wat in die publikasie aangetref word, getuig van 'n dinamiese en indrukwekkende Afrikaanse stem wat geensins deur ander taalgroepe, die politiek of die buiteland, gemarginaliseer hoef te word nie.

'n Studie van die vermenging van Afrikaans en Engels in tydskrifte toon ook die veranderinge wat oor die jare in Afrikaans ontstaan het. In 1917 het *De Huisgenoot*, verskyn. Die inhoudsuitgawe daarvan het godsdienstigheid, patriotisme en volksgerigtheid weerspieël en die taalgebruik was suiwer en konserwatief.

In teenstelling hiermee word daar deesdae met loslittaal wegbeweeg van die beeld van Afrikaans as 'n konserwatiewe en eksklusiewe taal. Sonja Loots gee byvoorbeeld in haar rubriek "Die Cool is deur die Kerk" (*De Kat*, 1998.07) 'n pittige oorsig van Afrikaans se *cool* en *uncool* karakters. Die aanwending van die woord *cool* wek die indruk dat Afrikaanssprekendes ook deel van die wêreldgemeente en die hedendaagse slengtaal is. Deur Engelse woorde wel in die publikasie toe te laat, kon die betrokke rubriekskrywer 'n bekende tradisionele Afrikaanse idioom ('die koeël is deur die kerk') opkikker en as 't ware weer in die volksmond laat herlewe. So word daar van die taalpuristiese benadering wegbeweeg, wat die spontane gebruik van Engelse woorde en uitdrukkings as ongemotiveerd bestempel het en die skepping van onkonvensionele naamwoordstukke as gewaagd. Die vermenging van Afrikaans en Engels weerspieël ook Afrikaans se aanpasbaarheid by hedendaagse situasies en begrippe.

3.2.3 Koerante

Die Burger het sedert sy ontstaan as 'n sterk nasionalistiese publikasie groot aanpassings ondergaan. Die koerant het ten opsigte van sy styl, taalgebruik en beriggewing ontwikkel en aangepas om die veranderende behoeftes van 'n uitgebreide groep lesers te akkommodeer. Die resultaat is die hedendaagse *Burger* waarin daar deur middel van 'n lesersvriendelike Afrikaans aan 'n uiteenlopende spektrum van temas aandag verleen word.

Die rubriek *Politieke Brokkies* deur Vryburger is 'n voorbeeld van die lossere taalstyl wat tans in die koerant gebruik word. Dit bevestig ook dat die dae van feitelike afhanklike joernalistiek tot die verlede behoort. So word daar in *Politieke Brokkies* van 16 Julie 1998 aan die lesers meegedeel dat Suid-Afrika se ekonomie 'gaga' geword het. Later in dieselfde berig word die invloed van vakbonde en die Kommunisme in die regering as volg beskryf: "Die Rooies duik nou oral op". Dit is van hierdie pittige Afrikaans wat Emile Joubert praat as hy verwys na "die heerlike plooibare Afrikaans

wat so lekker kan looi” (*Die Burger*, 1998.06.12). Sulke Afrikaans is vir die lesers onweerstaanbaar uitnodigend en die effense gewaagdheid daarvan gee aan die taal ‘n vitaliteit wat sy oorlewing sal verseker.

Die daaglikse Oudtshoornfees-koerantjie, *Krit*, wys Afrikaans se nuwe baadjie duidelik. Die taalgebruik is propvol ontlenings, nuwe samestellings, kras woorde en eerlike uitsprake oor die feesaangeleenthede. Ontlenings soos *rock / Masakane / buzz /* en kreatiewe samestellings en woorde waaronder *Koos Kombuis / Tiekets / gekaktus en geraas / Stoutgatversies op note*, is volop. Dit is beskrywend van die tydges van die huidige Afrikaans waarmee die tendens openbaar word om meer aktueel te skryf, en waarin die spreektaal as skryftaal opgeneem word. Daarom kan van Afrikaans gepraat word as : *Afrikaans - 'n tongtippie smaaksensasie taalgenot*.

3.2.4 Die reklamewese en die Afrikaanse taal

Die reklamewese is een van die gebiede waar al die veranderinge wat binne Afrikaans plaasgevind het, die beste ervaar kan word. Die bemoedigende nuus is dat ‘n nuwe jong stem in die reklamewese woel.

Een van die eerste produkte wat in die nuwe loslitafrikaans geadverteer is, was die tydskrif, *De Kat*. In hierdie radio-advertensie word die luisteraar ernstig deur die kabaretster, Nathaniël, versoek om net die “ blerrie ding” (*De Kat*) te koop voor dit ‘n “collector’s item” word. Hierdie advertensie toon ten minste die veranderinge wat op daardie stadium reeds in die taal ingetree het. Daar is van Engels gebruik gemaak met die frase “collector’s item”, asook van slengtaal (Nathaniël se intonasie het die advertensie redelik “kamp” gemaak) en ‘n kragwoord (blerrie). Hierdie kragwoord het die nuwe tendens van die media weerspieël om al hoe meer vloekwoorde te gebruik om iets aktueel uit te beeld.

Dit is hierin wat die sukses van die Afrikaanse reklamebedryf lê - dat die eiesoortige Afrikaans méér as Engels daarin slaag om die unieke Suid-Afrikaanse ervaring te versinnebeeld. As 'n inheemse taal het Afrikaans 'n ingebore vermoë om ons land en sy mense raak vas te vat. Die groter vryheid wat deesdae deur Afrikaanse kopieskrywers geniet word, het dan ook natuurlik tot 'n paar "stoute" advertensies aanleiding gegee. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die bekende Nando's advertensie wat "Meer Borsies en Dye as Griet skryf 'n Sprokie" beloof (Sarie, 1997.12.03).

Die *Tarentaal-kompetisie*, wat deur die tydskrif, *De Kat*, in samewerking met *Afrikaans Stereo* gehou word, wys maandeliks 'n wenner aan vir die beste tydskrif- en radio-advertensie. 'n Algehele wenner word jaarliks in hierdie kategorieë aangewys. Die jaarlikse *Pendoring-toekennings* is ook so 'n kompetisie, maar op 'n veel groter skaal. In dié kompetisie word die kwaliteit van Afrikaanse advertensies en flitse beoordeel. Daar word onder meer gekyk na slim idiomatiese gebruik en of dit eie aan Afrikaans is. 'n Tikkie humor, met 'n speelse, effens stout aanslag, is alles faktore wat in 'n advertensie se guns kan tel. Die *Pendoring-toekennings* spog met die slagspreuk: "Niks sê dit soos Afrikaans nie". 'n Duidelike bevestiging hiervan is die volgende voorbeelde wat Sarie "Klink lekker kopie" noem:

- . Beesvleis – Dis mos kos.
- . Geniet jou gate uit (Aero-sjokolade)
- . Die helder stem van FM
- . Die Rooi Gevaar (Ook beskikbaar in Blou, Swart en Geel) (BMW).

Volgens kopieskrywer, Johan Roux, is dit 'n groep reklameskrywers wat " maar net wil wees wat hulle is en skryf in die taal wat hulle tone laat krul". (*De Kat*, 1998.06). Hierdie kopieskrywers verlustig hulle in 'n nuutgevonde politieke en skeppende vryheid en het, volgens kopieskrywer, Leon Jacobs, "geen respek vir politieke korrektheid" nie. Dit is juis Jacobs wat onlangs 'n advertensie geskryf het waarin Piet Retief vir Dingaan wegneemhoender aanbied. Oor die rol van Afrikaans in hierdie advertensie sê Jacobs:

“Afrikaans bring nie net woorde saam nie, dis ’n hele denkwyse, dis al hierdie ikone wat deel word van ’n baie nice Suid-Afrikaanse mix”.

Die oorweldigende sukses van Afrikaanse advertensies by die twintigste *Loerietoekennings* in 1998 is ’n klinkklare bewys van die belang van Afrikaans in die Suid-Afrikaanse reklamewêreld. Afrikaans het veral in die vernuf-afdeling van die toekennings uitblink. Johan Roux, wenner van die 1996 Prestige-prys het altesaam 11 vernufpryse ontvang, terwyl Hunt Lascaris se Leon Jacobs vier vernufpryse losgeslaan het, onder meer vir sy wegneemhoender-advertensie.

Die standpunt dat Afrikaans sy reklameboodskap uiters presies kan oordra, word ook buite die kringe van die reklamewese gehuldig. Me. Liz Sangion (*Rapport*, 1998. 11.22), besturende direkteur van MDS.DD&M, ’n agentskap wat deur ’n swart konsortium besit word, glo dat die doeltreffendste reklame in hierdie land in Afrikaans uitgevoer word. Volgens haar is dit juis so omdat Afrikaanse reklame doelgerig vir sy teikenmark geskep word. Tog is dit ongeag die feit dat sy sprekers die sterkste koopkrag het, nie kerngesond nie omdat hy nie tot sy volle potensiaal benut word nie. Dit sal van die Afrikaanse gemeenskap afhang of die Afrikaanse reklamewese sy regmatige plek inneem deur daarop aan te dring dat daar met hulle in Afrikaans gekommunikeer moet word. “In vandag se hoogs mededingende mark kan geeneen dit waag om Afrikaanses se kultuur en koopkrag te minag nie. Hulle sal doodeenvoudig nie die pyp rook nie indien die wonderwerk sou gebeur en Afrikaanssprekendes begin op ’n sinvolle wyse druk toepas” (*Rapport*, 1998.11.22).

Afrikaans het oor ’n paar dekades goeie vordering in die reklamewese gemaak en ’n goeie houvas daarin gekry. Dit het erkenning as ’n plooibare, veelsydige taal verdien wat met die regte hantering reklamemateriaal lewer wat vir geen ander taal hoef terug te staan nie. Nietemin moes reklamebesteding in Afrikaans nog altyd terugstaan vir Engels en was daar van proporsionele verdeling geen sprake nie.

Die Afrikaanssprekende se tradisionele tweetaligheid werk teenproduktief op die gebruik van Afrikaans in die reklamewese in. Veral in tye van resessie aanvaar adverteerders maar te maklik dat sy Engelse advertensie mos in elk geval die Afrikaanssprekende ook gaan bereik. Só meen Roger Garlick media-hoof van Bernstein, Loxton, Golding en Klein (*Finansies & Tegniek*, 1993.05.28). Volgens hom word Afrikaans nie genoeg deur advertensies onderskraag nie en word die taal ook op ander gebiede verwaarloos.

Die hele kwessie oor Afrikaans as reklametaal moet geëvalueer word binne die sosiaal-politieke omstandighede wat tans in die land heers. Taalvoorkeur in reklame is ook ten nouste gekoppel aan die behoefte om óf begrip te bewerkstellig óf om empatie by 'n gehoor te wek. As dit net begrip is wat by 'n teikenmark bewerkstellig moet word, kan dit sekerlik deur 'n Engelstalige advertensie tuisgebring word, maar om empatie by Afrikaanssprekendes te wek, is dit nodig om hulle in hulle eie taal aan te spreek.

Engels domineer grootliks die reklamewese. Die meeste advertensies word deesdae in Engels geskep en dan in Afrikaans vertaal. Dit bied ook aan Afrikaans die grootste uitdaging in die veld van die openbare media. Om die verbruiker se aandag te trek, moet die Afrikaans wat in advertensies gebruik word, modern wees. Moderniteit sluit ook die sleng van 'n taal in. Lesers moet hulle met die taal van die advertensie kan vereenselwig anders kan dit hulle van die produk vervreem word.

Volgens Leon Jacobs, kopiehoof van TBWA Hunt Lascaris in Johannesburg, het Afrikaans sterk as vertaalreklametaal ontwikkel, omdat Engelse advertensies dikwels bloot in Afrikaans vertaal word. Die feit dat die vertaling soms beter as die oorspronklike is, bewys net weereens dat die “nuwe” Afrikaans soepel en dinamies genoeg is om Engels teen te staan. Vandat die taal nie meer so styf en formeel is nie, kan dit meer kreatief aangewend word. In *Die Burger* (1998.05.26) sê die hoofbestuurder van Toyota-promosies tereg: “Sonder Afrikaans in die reklamebedryf sou baie van die kreatiewe pittighede in ons advertensies nooit gekom het nie. Dit bly

'n taal wat jonk en vars is, nommerpas vir die produkte wat die verbeelding aangryp". Die kreatiwiteit behels onder meer dat nuwe woorde en uitdrukkinge geskep word. Die informaliteit en gebruikersvriendelikheid word ook bewerkstellig deur gereeld Engelse woorde en nie-standaardvariëteite van Afrikaans in advertensies te gebruik om meer trefkrag te verleen.

Kommunikasie is die doeltreffendste wanneer dit tot elke teikenmark op 'n toepaslike verrassende wyse gerig word in die taal wat die teikenmark die beste verstaan. As dit nie so aangebied word nie, sal dit nie deur die verbruiker se apatiegrens breek en die geleentheid vir doeltreffende kommunikasie bied nie. Die varsheid en verrassende aard van die boodskap bepaal of die verbruiker van die advertensie sal hou of nie. Leon Jacobs skryf in *Afrikaans Vandag (Rapport, 1998.11.22)* dat Afrikaans 'n reklametaal met 'n geweldige potensiaal is. Volgens hom maak die kragtige uitdrukkinge en kruisbestuwing van ryk streekdialekte dit vir die Afrikaanse kopieskrywer moontlik om adverteerders se produkte doeltreffend te adverteer. As Afrikaans, volgens hom, oorspronklik aangewend word, het die taal nie sy gelyke as effektiewe kommunikasietaal in Suid-Afrika nie (*Rapport, 1998.11.22:13*).

Dit is ongelukkig so dat die mark vir Afrikaanse advertensies verklein word. Die adverteerder kan 'n groter mark bereik deur Engels, wat 'n wêreldtaal is, te gebruik. Talle veldstudies toon dat slegs 12% van Suid-Afrika se advertensies in Afrikaans geskep word. Die regeringsbeleid het moontlik ook iets hiermee te doen. Vrae word byvoorbeeld onder meer gevra oor waarom daar by die nuwe aktualiteitsprogram, *Pasella*, Engelse advertensieflitse gewys word. Die meerderheid van *Pasella* se kykers is definitief Afrikaans.

Politiese kragte wat die blootstelling van Afrikaans op televisie bepaal en ekonomiese kragte, is derhalwe tans belemmerende faktore op die terrein van die advertensiewese.

3.2.5 Musieklirieke

Afrikaanse musiek het modern geword, wat die gewildheid van die lied laat toeneem het en Afrikaans se saak teen Engels versterk het. Wat musiek en lirieke betref, het Afrikaans van 'n bekrompe, stywe taal, na 'n ontspanne, gemaklike en aanpasbare kommunikasiemedium verander.

Die 1937 – *FAK-sangbundel* bied ruim voorbeelde van vroeëre Afrikaanse musiek. Die bundel is in verskillende afdelings verdeel wat die verskillende lewensterreine van Afrikaans weerspieël. Die digter en komponis van elke lied word telkens aangedui. Die musiek van die dertigerjare was hoofsaaklik getoonsette gedigte wat saamsingliedjies was. Liedere soos Eitemal se *Die lied van jong Suid-Afrika*, wat deur Gutsche getoonset is, rym deurgaans. Argaïese vorme soos 'gewin' is nog oorblyfsels uit Nederlands. Dié patriotiese en oorloggerigte lied ('stryd' / 'voorlaaierskote'), is saamgesing om vaderlands- en taalliefde te kweek. Dit blyk duidelik uit die titel van die afdeling *VOLK & VADERLAND* waaronder die lied opgeneem is. Die styf formele taalgebruik, bv. 'Waar glorie van songloed die berge, oor hul fronsende voorhoofde streef', toon 'n skrilte kontras met hedendaagse, moderne Afrikaanse liedere.

Gertjie, is 'n bekende saamsing-liedjie en bevat herhaling en verouderde woorde ('Nonnie' / 'sleptou'). *Oo, die liewe Marthatjie* bevat ook herhalings en woorde wat 'n formele indruk skep, maar dit was saamsing-liedjies wat slegs deur die klavier begelei is. C.F. Visser se *Hier is ons vergaderd*, wat onder die titel *VRIENDSKAP, VAARWEL & WEDERSIEN* opgeneem is, toon 'n formele, Nederlandse invloed met woorde soos 'vrind en 'loflike'. Die rymende woordgebruik is patrioties en volksgerig, maar terselfdertyd ook positief want dit handel oor mooi dinge. *Al die veld is vrolik* met woorde soos 'koggelmannelies' is stywe, formele, "korrekte" Afrikaans. Die gedigvorm word gekenmerk deur rym en alliterasie, en die akkoorde volg gemaklik met geen drastiese spronge in toonhoogte nie.

Langenhoven se bundel *Ou Liedjies* se afdeling *PIEKNIEK-LIEDJIES* verg nie veel musikale inspanning nie, en in *Aai, Aai die Witborskraai* word niksseggende woorde ('Foi' / 'Kepai') vir rymende, dog ongemaklike effek gebruik. Liedjies soos *Jan Pierewiet, Pollie ons gaan Pêrel toe, ens.* volg dieselfde patroon, want dit rym, sing lekker, het herhalende ritmes en woorde en verouderde vorme kom voor. Slegs die klavier word as begeleiding gebruik.

Samevattend is hierdie ou liedjies dus baie formeel, rymend, volksgerig en positief. Die taalvorm is korrek, die melodieë gemaklik en elementêr en die Nederlandse invloed is steeds te bespeur in dié saamsing-liedjies.

Die hedendaagse Afrikaanse musiek verskil nie net taalgewys daarvan nie, maar die saamsing-liedjie is ook deur die luisterliedjie vervang. Wat ligter musiek en lirieke betref, het name soos die Briels weer herleef - veral ná die Houtstokfees naby Pretoria aan die einde van die tagtigerjare. In die *struggle*-jare is daar selfs vanuit die Afrikaanse musiekwêreld protes teen Afrikanernasionalisme aangeteken en die styfheid en formaliteit van Afrikaans wat daarmee gepaard gaan. Hierdie groep blanke Afrikaanse musikante het bekend gestaan as "Alternatiewe Afrikaners" en het gerebelleer teen die Afrikaner-*establishment* en alles wat dit behels het. Volgens Koos Kombuis, alias André Letoit, wou hulle Afrikaans meer gebruikersvriendelik maak en was musiek die vinnigste en beste manier om dit te doen. Hy het lank deur middel van die literatuur aan sy politieke gevoelens probeer uiting gee, maar het nie daarin geslaag nie, aangesien die letterkundiges "... in een dialek van Afrikaans geskryf (het) en nie geweet (het) wat in die veld aangaan nie (*De Kat*, 1994. 10 (6): 80).

Die "Alternatiewe Afrikaners", wat musikante soos Koos Kombuis, Johannes Kerkorrel en Joos Tonteldoos ingesluit het, het die draak gesteek met al die heilige koeie van die Afrikaner. Op dié wyse het hulle gepoog om die ou Afrikanernasionalistiese denke van hulle gehore te vernuwe. Selfs hulle verhoogname het ligweg die spot met die Afrikaner gedryf. Hulle het stoere Boerename as voorname gebruik en die vanne het na dinge

verwys wat sentraal in die Afrikanerkultuur gestaan het. Hierdie speelse verhoogname en die onkonvensionele Afrikaanse lirieke was van die eerste aanduidings dat Afrikaans die potensiaal het om ook kreatief op ander gebiede gebruik te word, wat minder styfheid en formaliteit vereis. Daar het dus reeds in die tagtigerjare woelinge rondom Afrikaans en sy “eksklusiewe” verhouding met die Afrikaner ontstaan, maar daar sou eers in die negentigerjare ware vernuwing in die taal intree.

Johannes Kerkorrel se *Halala-Afrika* is meerstemmig, met meervoudige begeleiding, en handel nie net oor mooi dinge nie. Akkoorde en melodieë is meer uitdagend en woorde word nie oral gesing nie. Volsinne word nie deurgaans aangewend nie en het dikwels ’n a-chronologiese patroon sodat die hoorder dikwels eie afleidings moet maak. Afrika-leenwoorde word gebruik (‘Halala-Afrika’) en die teks is meer Afrika- as Afrikaansgerig. Die bewoording het meer om die lyf en is soms onduidelik. Rym kom minder voor en die taal is meer ontspanne, gemaklik en toeganklik vir die invloed van ander tale.

Die bekende verhoogpersoonlikheid, David Kramer, se *Skipskop* bevestig nie net bogenoemde stellings nie, maar toon ook dat liedjies spesifiek vir optrede/vertoon geskryf is en nie meer net getoonsette gedigte is wat lekker saamsing nie. Woorde soos ‘wanner’/ ‘solong’, ens. is informeel en wyk van die standaardvariëteite af. Woorde soos ‘swaar’ en ‘solong’ is weer pessimisties en negatief, wat van die tradisionele positiewe liedjies afwyk. Alles vorm nie ’n hegte patroon nie sodat ’n storie en chronologie ontbreek. Die musiek bestaan nie uit mooi ritmes, of eenstemmige harmoniese majeurakkoorde nie.

Die bekende kunstenaar, Koos du Plessis, gebruik in *Sprokie vir ’n stadskind* gemaklike, kreatiewe taal, wat tekenend van die tyd is (‘neonboog’ / ‘eenmaal’ / ‘nimmer’). Die hele teks is ’n enkele sin, en die neonboog word ‘hom’ genoem. Die teks is sprokie-agtig maar ook waar. Betekenis is in die woorde opgesluit, wat by saamsing-liedjies nie die geval was nie. Die tydsmaat en klanke is redelik moeilik en

val nie so gemaklik en aaneenlopend op die oor soos die destydse Afrikaanse liedjies nie.

Anton Goosen se *josie-josie* is 'n liefdesliedjie belaaie met beeldspraak en emosie, met minder rymende, en meer kreatiewe woorde ('flenters' / 'trane voor my dans'). Ook *aai-aai* is nie 'n storie nie en bevat beskrywende taal en halfsinne ('langlyfwinde' / 'halfmensplante').

Uit die aangehaalde voorbeelde is dit dus baie duidelik dat Afrikaans 'n meer gemakliker, informele rigting inslaan en dat leenwoorde, Engelse woorde, sleng en selfs halfsinne aanvaar word.

3.2.6 Die Letterkunde

Ook wat die letterkunde betref, is daar nader na Jan Publiek beweeg deur in 'n passende taalvariëteit en/of idioom te skryf. Die doel hiervan was om Afrikaans meer toeganklik vir die gewone leser te maak. Hierdie tendens om in informeler taal, waarin talle Engelse woorde en uitdrukkings voorkom te skryf, het reeds voor 1994 'n aanvang geneem in romans soos *Ons is nie almal so nie* van Jean Goosen (1990) en *Griet skryf 'n sprokie* (1992) van Marita van der Vywer. In S.P. Benjamin se debuutroman, *Die reuk van steenkool* (1998) word die taal en leefwyse van 'n bruin gesin weergegee. Hieruit blyk ook die ingewikkelde verhouding wat Afrikaanssprekendes met die Engelse taal het. Die Afrikaanssprekende is dikwels om instrumentele doeleindes van Engels afhanklik, maar bly emosioneel sterk met Afrikaans verbind. Sulke aanpassings in die styl van Afrikaans en houdings daaromtrent sal op die langtermyn die oorlewing en groei van die taal tot gevolg kan hê.

Gemaklike kommunikatiewe Afrikaans is baie meer toeganklik vir moedertaal- sowel as nie-moedertaalsprekers. Deur die letterkunde word Afrikaans toeganklik gemaak vir moedertaalsprekers van verskillende variëteite. Met die insluiting van dié variëteite in

die letterkunde kan die moedertaalsprekers oor die spektrum heen mekaar se 'taal' beter leer ken.

Om Afrikaans meer toeganklik vir tweedetaalsprekers en veral swart sprekers te maak, is die klem verskuif vanaf "korrekte" Afrikaanse taalgebruik na Afrikaans as kommunikasiemiddel. Afrikaans is nie meer verpligtend in swart skole nie. Daar word al hoe meer begrip getoon vir die probleme wat die swart spreker ondervind om die taal te leer en die materiaal en aanbieding sluit aan by die kulturele agtergrond van die swart leerling. Die situasie is nie meer soos beskryf word in *Taalles* (1989) van J.M. Gilfillan nie. In *Taalles* lewer die spreker kommentaar op die gekykte opstelonderwerpe wat veral in blanke skole gebruik was. Dit was 'n probleem dat die onderwysers hoofsaaklik opgelei is om blanke leerlinge te leer. Die materiaal en aanbieding het nie voorsiening gemaak vir spesifieke kultuurgroepe nie. Daar word tans spesifiek vir die behoeftes van die swart leerling voorsiening gemaak soos die storiebundel *Taxi* (1996), van G.A. Jooste getuig. G.A. Jooste (1996) beskryf hierdie stories as volg: "'n Versameling stories uit en vir Afrika. Met die makorakora-taxi van die storie as voertuigmiddel word daar deur Suid-Afrika gereis: deur herinneringe van vervloë jare...(tot by) 'n nuwe staanplek: boereplaas, straatkafee, township square of sjebien ... leesplezier in 'n taal wat self soos 'n landskap ontplooi'".

Die Afrikaanse poësie beleef 'n versoeningsera waartydens die hele spraakgemeenskap betrek en akkommodeer word. Die verskil tussen eertydse en hedendaagse Afrikaanse gedigte is duidelik. Nuwe Afrikaanse gedigte het min struktuur/reëlgebondenheid, is eerlik en het baie leenwoorde en beeldspraak.

Na die oornam van die ANC-regering in 1994 het Afrikaans 'n era van "vryheid" betree. Daar was nie meer sprake van die eertydse Nasionale Christelike sensuur soos onder die vorige bedeling nie. Skrywers en digters het hulle op terreine begin begewe waarop hulle hul vroeër nie durf waag het nie. Daar was byvoorbeeld oor die afgelope paar jaar 'n opmerklike toename van gay en lesbiese, sowel as feministiese werk en

hygromans in die Afrikaanse letterkunde. Skrywers soos Joan Hambidge en Johann De Lange het in hierdie opsig bydraes gelewer. Die bespreking van homoseksuele temas het volgens Gilfillan (1991:54) vir Hambidge en De Lange die geleentheid gebied om in opstand te kom teen die tradisionele patriargie in die Afrikaanse kultuur en literatuur.

Die taalgebruik en vorme wat in die poësie voorkom, weerspieël ook die vryheid en amperse losbandigheid wat hierdie tydperk kenmerk. Voorbeelde hiervan is die volgende. In 1995 verskyn De Lange se “Coke en Sodomie”, ’n soort kredo van ’n ‘post-vigs generasie’. Informele taalgebruik soos in ‘Ons pelle chop nog kort-kort af’ en talle verwysings na historiese (Jack the Ripper) en kontemporêre (Madonna) figure, is tipies van die era wat tans in die Afrikaanse poësie beleef word. Breyten Breytenbach se “ikoon” se titel is in klein letters, en ‘priet’ / ‘gesuspendeer’ is nuwe woorde. Die gedig is meer beskrywend en minder verstaanbaar (‘koekoeksklokkie’), met vreemde versreëlings en leestekengebruik. Nuwe temas word aangespreek, bv. ‘mossie se hoop op ontbinding’ en ‘marilyn monroe’ dui op die gedig se byderwetsheid.

Theunis Engelbrecht se “heimat-vers vir my lovely” wemel van leenwoorde (‘cuddlesome’/ ‘tokkelossie’), slengtaal en babawoorde (‘doeks’). Leestekens of reëlmatige rym is afwesig, en ’n klomp gedagtes sonder chronologie is in gemaklike taal (‘wolfluitlange’) neergelê. Die gedig toon ’n meer beskrywende taal (‘melkwit’), persoonifikasie en informele trant (‘baljaar’), wat vroeër nie te vinde was nie.

“Ma” van Anjie Krog is belaaie met beeldspraak en emosie ‘breekwater’ waarin die verteller eerlik is en haar moeder direk as ‘jy’ aanspreek. Slengtaal ‘fensie’ kom voor sonder leestekens of reëlmatige rym/verslegtinge, en sommige versreëls is byna onverstaanbaar.

Dit blyk dat Afrikaanse letterkunde opgang maak, terwyl die teenoorgestelde van Engelse letterkunde in Suid-Afrika gesê kan word. Dit kan die gevolg daarvan wees dat

Afrikaanse skrywers nie met ingevoerde boeke moet meeding soos diegene wat in Engels skryf nie.

3.2.7 Seks in Afrikaans

Afrikaans is verder gepopulariseer toe daar openlik oor seks begin skryf is. Die geleidelike verslapping van die sensuurwette het tot gevolg gehad dat al hoe meer eksplisiete materiaal oor dié onderwerp in Afrikaans verskyn het. Marita van der Vywer se eerste volwasse roman, *Griet skryf 'n sprokie* (1992), het 'n storm onder Afrikaners laat losbars omdat dit die eerste boek in Afrikaans was wat die leser blatant by die slaapkamer ingenooi het. Vantevore moes die leser maar tevrede gewees het om by die slaapkamerdeur agtergelaat te word en sy verbeelding te laat oorneem. Van der Vywer beskryf egter haarfyn in haar roman wat tussen die lakens aangaan, en noem elke liggaamsdeel en aksie op sy Afrikaanse naam. Die roman verteenwoordig 'n hoë literêre vlak, en die sukses daarvan het dus nie net op eksplisiete taal en sekstonele berus nie. Die gewildheid van dié boek onder die leserspubliek het egter die besef laat ontstaan dat daar 'n aanvraag was na Afrikaanse boeke wat wél op laasgenoemde twee sake fokus. Hierdie leemte in die mark is gou gevul deur 'n stortvloed sogenaamde hygromans.

In 1994 is die eerste Afrikaanse “seksfilm”, *Lipstiek Dipstiek*, gemaak. Dié volwasse komedie, het 'n ouderdomsbepanking van 18 jaar gestel. Dit was in der waarheid 'n satire van die hedendaagse Afrikaner in die Nuwe Suid-Afrika. Naaktonele, seks, vloekwoorde (wat veral na intieme liggaamsdele en seksuele praktyke verwys het), gemengde en “kamp” taal was volop in die film. Die taal wat gebruik is, al was dit effens oordrewe, is die taal wat die breë publiek werklik in die alledaagse lewe gebruik.

Die taal in dié film was egter nie naastenby so erg soos die taal wat in die eerste Afrikaanse pornografiese tydskrif, *Loslyf*, gebruik is nie. Hierdie tydskrif, wat in 1995

verskyn het, het na seks met terme uit die volksmond verwys. Die taal is saam met eksplisiete foto's van vrouens in seksueel prikkelende posisies gebruik. Die redakteur van *Loslyf*, Ryk Hattingh, het gevoel dat Afrikaners hierdeur bevry word van die jarelange seksuele onderdrukking wat hulle ervaar het. Hy het dit wat hy doen dus as elementêre bevrydingswerk beskou. Hy het wel erken dat die taalgebruik in sy tydskrif "skurf" is, maar het gevoel dat dit nie onvanpas is vir 'n Afrikaanse sekstydskrif nie (*De Kat*, 1995.11 (1): 88).

Danie Botha se debuutbundel, *Die Soft Rock Klub*, wat ook in 1995 verskyn het, het gewys dat Afrikaans ook die taal van die homoseksueel kan wees. Hierdie boek het die pyn en verwerping wat baie homoseksuele daaglik ervaar, in sterk en soms skokkende, Afrikaans weergegee.

Dit is dus duidelik dat sommige Afrikaanssprekendes hulle in Afrikaans bevry het van die boeie van die Calvinisme en met gemak by die meer liberale sienings oor seksualiteit in die Nuwe Suid-Afrika aangepas het. Vandat die taal nie meer so styf en formeel is nie, kan dit baie meer kreatief aangewend word. Vroeër vanjaar is daar byvoorbeeld 'n nuwe reeks kondome met dubbelsinnige Afrikaanse name soos *Bobbejaan klim die berg*, *Klopdisselboom*, *Grootmeneer* en *Piet Pompies*, bekend gestel vir diegene wat patrioties wil wees in die slaapkamer.

3.2.8 Wilde Afrikaanse Woordeskat

In reaksie op die stortvloed Engelse woorde wat voortdurend in Afrikaans opgeneem word om nuwe begrippe mee te benoem, word daar tans op allerlei innoverende puristiese wyses teen Engels wal gegooi.

As voorbeeld hiervan kan die projek van mev. Joey Basson, vakhof van Afrikaans by die Hoërskool Richardsbaai, genoem word. Sy het in 1993 met 'n projek begin om kinders aan te moedig om nuwe woorde in Afrikaans te skep. Dié nuutskappings is in

1997 in 'n *Wilde Woordeboek* opgeneem. Die projek het sedertdien tot 'n landwyse wedstryd gegroei waarin oud en jonk nuwe asem in die taal blaas. So is 587 nuutskeppings in 1998 aangeteken en word daar aan 'n nuwe *Wilde Woordeboek* gewerk. Twee nuwe afdelings word vir vanjaar se wedstryd beoog waarin deelnemers idioome en intensiewe vorme moet uitdink. Basson sê dat idioome soos *agteros kom ook in die kraal* geen betekenis vir vandag se jongmense het nie, en so ook nie intensiewe vorme soos *spierwit* en *potblou* nie. Volgens haar is dit 'n uitdaging om nuwerwetse, eietydse nuutskeppings uit te dink.

Dit is verblydend om kennis te neem dat baie van die nuutskeppings van die vorige wedstryde reeds in die algemene spreektaal gebruik word. So is *vloermoer* die *Wilde Woordeboek* se taalekwivalent van die Engelse “to throw a tantrum”. Voorstelle vir 'n Afrikaanse ekwivalent van die Engelse woord “rave” is 'n *raaswals*, 'n *zombidans*, 'n *maltrap*, 'n *kopspin* of 'n *hottentotsgoddans*. Om die Engelse “longdrop” te beskryf, word gepraat van 'n *besoek aan die plonsput*, *die dieptroon*, *die gemakgat* of *die plaaspardoems*. Vir “spare ribs” is daar *evabeentjies*, *vleiskitaartjie* of *otgenot*. Die woord “stapler” word met *draadjiedrukker* of *papiervampier* vertaal. Van iemand wat “geboard” of ongeskik verklaar word vir werk, sê ons : *hy werk by die suikermyn*, *hy is onklaar verklaar* of *hy is gerak*.

Die volgende tabel verskaf 'n paar nuutskeppings/neologismes met die vertaling van elkeen daarnaas:

Tabel 2 Nuutskeppings en vertalings (*Rapport*, 1998.09.13:22)

Nuutskepping	Vertaling
<i>Perdebui</i>	bad mood
<i>Om jou handvatsels glad te vat</i>	jou rond te shunt
<i>'n sponskind</i>	softy
<i>noedelhare</i>	spiral perm
<i>tannetjie hekel</i>	oulady
<i>druktyd</i>	sweet sixteen
<i>ou loslooitjie</i>	affair

<i>blindederm sal lank genoeg wees</i>	ek sal die guts hê
<i>fundivakie</i>	nerd
<i>sjokoladepoppie</i>	sweetie
<i>skouervlieg</i>	back seat driver
<i>laat ystervarke vang</i>	'n gasket blaas
<i>'n koop sebliefie</i>	rep
<i>'n effense bewerlewertjie</i>	hangover

3.2.9 Afrikaanse Taalfeeste

Hierdie feeste is vertoonvensters van die hele Suid-Afrikaanse leefwêreld en betrek Afrikaanssprekendes dwarsoor die kleurgrense. Deur die kunste kan die oorblywende kunsmatige grense afgebreek word.

3.2.9.1 Die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees

Die hoofdoel van die Oudhoornse fees was aanvanklik om Afrikaans te bevorder. Dit moes as teenvoeter dien vir die Engelse Grahamstadse Nasionale Kunstefees. Die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) vir die eerste maal in 1994 gehou om Afrikaans se bevryding van die ideologiese sisteme waaraan dit verbind was, te vier. Die taal moes ook deeglik verken en getoets word, sodat die Afrikaanssprekendes daardeur verryk kon word. Hierdie fees, wat jaarliks in Oudtshoorn plaasvind, dien as smeltkroes vir die verskillende variëteite van Afrikaans om *een* Afrikaanssprekende taalgemeenskap saam te snoer.

Afrikaanssprekendes kry dus die geleentheid om hulle talente in 'n multi-kulturele opset ten toon te stel, tussen ander wat hulle liefde vir Afrikaans deel. Aangesien die kulturele bydraes wat op hierdie fees gemaak word vanuit die breë taalgemeenskap kom, en nie net vanaf een bepaalde groep nie, kan Afrikaans op dié manier 'n nuwe kultuurerfenis opbou. Afrikaans illustreer hiermee dat dit werklik die kommunikasiemiddel van 'n

wye sprekerspubliek is. Almal wat 'n variëteit van Afrikaans praat, word deur sulke feeste saamgesnoer. As 'n Afrikaanssprekende groep kan hulle hulle regmatige plek in die nuwe staat inneem. So kan Afrikaans dan van die stigma van die apartheidjare bevry word. Dié jare het baie mense 'n weersin in Afrikaans gegee en het hulle na Engels laat keer. Gedurende die apartheidjare is die belange van slegs een deel van die Afrikaanssprekendes deur middel van die Afrikaanse taal bevorder.

Die jaarlikse Klein-Karoo Nasionale Kunstefees is maar in sy babaskoene, maar is duidelik al 'n tradisie wat hier is om te bly. Die hordes mense jaarliks in April na Oudtshoorn stroom, is 'n klinkklare bewys daarvan dat die kunste in Afrikaans nóg floreer en dat Afrikaanssprekendes 'n onlesbare dors vir 'n dosis kuns en kultuur in hulle eie taal het. Met die toenemende marginalisering van Afrikaans by die Nasionale Kunstefees in Grahamstad elke jaar, bied die kunstefees op Oudtshoorn vir Afrikaanse dramaturge, kabaretsangers, akteurs en ander kunstenaars, die geleentheid om groot groepe mense te vermaak, soms te skok, maar altyd ook aan die dink te sit in hulle gemeenskaplike taal.

Deur middel van die fees word beide die uitvoerende en nie-uitvoerende kunste in Afrikaans vir gehore toeganklik gemaak. Feesgangers het die geleentheid om die werk van die “goue oues” van Afrikaanse kuns, soos Breyten Breytenbach en Etienne van Heerden, te waardeer, terwyl die fees ook aan gehore die geleentheid bied om die nuwe gesigte op die Afrikaanse kultuurfront te ondersteun. Hierteenoor bied die fees se boekeparadys ook 'n omvattende uitstalling van beide resente en klassieke Afrikaanse literatuur.

Die fees dien as 'n toetsbord vir Afrikaanse produksies, wat afhangende van hulle sukses by die fees, hierna nasionaal opgevoer word om meer mense te bereik. Daar is dus geen twyfel nie dat Afrikaans deur middel van die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees verryk en uitgebrei word om meer mense in ons land te dien. Die verskeidenheid van Afrikaanse variëteite wat by die fees gepropageer word, getuig

daarvan dat die fees ver van 'n sogenaamde “Boeremakietie” lê. Dit moedig juis die ondersteuning van Afrikaans in al sy vorme aan. Hierin lê die belangrikste rol wat die fees vervul : dat feesgangers in staat gestel word om in Afrikaans te kyk, te kuier, te gesels en om waarlik trots te wees om Afrikaans hulle eie taal te noem.

Die vraag kan gevra word of Afrikaners nie weer besig is om “laer” te trek nie. Dit is immers 'n manier om hulle teen bedreigings te beskerm. In die *Taalgenoot* van Julie 1997 het Marguerite van Wyk hierdie vraag aan 'n paar bekendes oor die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees (as uitspan-area) gevra. Dr. Karel Prinsloo, uitvoerende direkteur van die Stigting vir Afrikaans, beskou die fees as 'n “taalbaken ... 'n fees van hande vat, saam kuier en groei op die pad van Afrikaans”. Amanda Strydom, die kabaretster, beweeg miskien nader aan 'n verdediging vir die “laertrek”-aantying: “die fees is vir almal wat Afrikaanssprekend is”. Die beste antwoord het gekom van Evita Bezuidenhout (Pieter Dirk Uys) by een van haar feesoptredes *Tannie Evita praat Kaktus*. Op die vraag of Afrikaners hier aan 't laer trek is, het Evita geantwoord: “Nee, intendeel, ons trek hoër!”

Die taalgebruik van die produksies op Oudshoorn getuig van 'n kragtige vernuwing, soos die verwerking van C.J Langenhoven se boek *Brolloks en Bittergal: Wonderstories vir die kindertjies* (1925) wat deur Liz Meiring en Hannes Muller as pantomine vir die 1998-KKNK verwerk is. Engelse leenwoorde (*generator / hijack / sexy*) is volop, en die gebruik van woorde soos *El Niño / Baywatch-Nights / gang-related* bewys dat die teks vir die 1990's aangepas is. Met *Hakuna Matata* en *Hercules* word onderskeidelik Swahili en Griekse mitologie ook betrek. Afrikaanse spreektaal is dus gemakliker en minder formeel.

Insiggewende idiomatiese taalgebruik lewer bewys daarvan dat Afrikaans sy sprekers bemagtig om hom op velerlei maniere uit te druk. Idiome, woordspelings en suggesties is volop, bv. *Hy's met die helmet gebore / Raak deur die blare*, ens. Die idiome word in

'n pittige konteks gebruik, en is soms selfs rymend soos wat *Gallie is in 'n penarie*, getuig.

Musiekkomposisies, veral ou en nuwe Afrikaanse komposisies, asook die begeleiding word vermeng, om 'n treffende komiese effek te verkry. Ou Afrikaanse liedjies soos *En hoor jy die magtige dreuning / Een aand op 'n trein na Pretoria*, ens. word met nuwe woorde verwerk. Ook hedendaagse popmusiek word nie ontsien nie. So het *Aqua se Barbie Girl* 'n *Boerepop* geword. Dié kwinksinnige verwerkings veroorsaak 'n komiese trant wat tesame met die gewysigde ritmes en akkoorde die gemaklike informele kant van Afrikaans weerspieël.

Baie Afrikaanse nuutskeppinge word gebruik en met beeldspraak belaaï om die informele spreekafrikaans weer te gee, bv. *tielikiedraai / kens/ mampoer / bliksem*. Hierdie woordgebruik en woordspelings is soms rymend, bv. *mampoer op die vloer / witblits geklits*. Suggestiewe woordspelings soos *Gallie gaan nêrens sonder sy voël* en *'n Man wat met sy voël kan werk* (voël verwys hier na volstruis!) is volop. Ou woorde soos *volkies / blinkvosperd*, tesame met ou Afrikaanse liedjies, toon die kontras tussen vroeëre en huidige Afrikaans.

Meiring en Muller het 'n pragbewys gelewer dat Afrikaans selfs op prettige wyse, gebruik kan word. Dié kombinasies van musiek, komedie, taalverwerking en beeldspraak is beslis 'n bate vir Afrikaans. Afrikaans kán aanpas by veranderde tye en situasies, en stagneer nie. Daarbenewens word mense soos Langenhoven as grondleggers van ons jong, kragtige en dinamiese taal vereer. Hiermee word bewys gelewer dat Afrikaans kragtig groei en naas Engels sal kan stand hou.

3.2.9.2 Aardklop, die Nasionale Kunstefees in Potchefstroom

Dié nuutste Afrikaanse fees, Aardklop, wat jaarliks in September in Potchefstroom gehou word, was reeds in sy eerste jaar 'n groot sukses. Die vooruitsigte lyk belowend

dat dit 'n nasionale instelling sal word. Net soos die KKNK het Aardklop ook aansienlike diepte en verskeidenheid getoon met aanbiedinge van rock-konserte tot kabaret, jazz en klassieke musiek en teateraanbiedings wat tradisionele werk tot aktuele en kontroversiële opvoerings, ingesluit het. Hierbenewens was daar Afrika-teater en dansgroepe, tesame met uitstallings van die beeldende kunste. Die fees het ook stimulerende besprekings oor die kunste en skryfskole en seminare oor ondernemerskap en die kunste aangebied.

Daar is nuwe belangstelling vir die Afrikaanse letterkunde. Aardklop het nie minder nie as twaalf aanbiedinge oor die Afrikaanse poësie aangebied en almal is met merkwaardige entoesiasme ontvang. Digtors waaronder Elizabeth Eybers, Ingrid Jonker, Breyten Breytenbach, Peter Blum en M.M. Walters, is hoog op die skouers gedra. “In die program *Digterlike Erfgoed* was dit verstommend om te sien hoe die mense geboei sit en luister na poësie – daardie stiefkind van die moderne uitgewersmark” (Du Plooy in *Afrikaans Vandag*, 1998. 6 (1):12).

Hierdie feeste lewer bewys daarvan dat Afrikaanssprekendes wal gooi teen die verengelsingsbeleid van die regering en dat hulle alles in hulle vermoë doen om hulle taal te vernuwe, te laat groei en nuwe uitdrukkingskrag te soek.

3.2.10 Afrikaans betree die Internet

Nog 'n bewys daarvan dat Afrikaans nie stagneer en toelaat dat Engels dit verswelg nie, is die feit dat Afrikaans met nuwe tegnologiese ontwikkelings tred hou. N. Van Heerden (*Rapport*, 1998.10.25:15) het dit so gestel: “Afrikaans is volledig tuis in die wêreld van vandag of dit nou slim reklamekopie of inligtingstechnologie of die wetenskap is. Dit is so omdat Afrikaans dinamies is en ontwikkel het om dié wat hom praat in staat te stel om hulself sonder beperkings te kan uitdruk”.

In Augustus 1998 het *Afriklub* die kuberruimte betree. Die klub fokus op die Afrikaanse taalbeleid en taalonderrig. Hierdie projek van die Stigting vir Afrikaans word deur die Internetverskaffer, Interkom, geborg. Die kuberruimte sluit die volgende rubrieke in: 'Wie, wat en waar'; 'In diepte'; 'Afrikaanskalender'; 'Onderrignavorsing'; 'Boekehoek'; 'Ver in die wêreld'; 'Afrikaans wat dans' en 'Die fontein'.

In die 'Wie, wat en waar-rubriek' is volledige adres- en kontakbesonderhede van tersiêre instellings soos universiteite, teknikons en onderwyskolleges landwyd gepubliseer. Daar is ook adresbesonderhede van Afrikaanse leeskringe en die takbesonderhede van die organisasie *Vriende vir Afrikaans*, landwyd. Vorige adresse is in die argief van die webwerf beskikbaar. Die adreslys sal uiteindelik ook voorsiening maak vir die adresse van uitgewers van Afrikaanse boeke, skrywersgildes, media en kultuurorganisasies.

In die 'In diepte-rubriek' is daar 'n artikel deur dr. Theo du Plessis, van die *Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging*, oor die taalbeleid van die land. Die taalbeleid van die Universiteit van Port-Elizabeth verskyn reeds in hierdie rubriek. Dié van verskillende onderriginstellings in die land sal ook mettertyd opgeneem word. Daarbenewens maak die rubriek ook voorsiening vir gestruktureerde reaksie wat met taalbeleidsake saamhang, bv. die SABC se hantering en toepassing van die elftalige beleid of besprekings oor die netelige kwessie van 'n Afrikaanse of Engelse skool vir die leerder.

Die 'Afrikaanskalender'-webwerf het verskeie onderafdelings wat onder meer voorsiening maak vir die kalenders van leeskringe landwyd, kultuurgeleenthede, Afrikaanse musiekgeleenthede, Afrikaanse projekte soos geletterdheid, byvoorbeeld en inligting aangaande kongresse en seminare oor Afrikaans en/of taalonderrig. Onder die opskrif "Onderrig en Opleiding: kies en keur" word opeenvolgend aan verskeie onderriginstansies se (nuwe) kursusse aandag gegee.

Die 'Boekehoek' maak met elke opdatering volledig voorsiening vir die nuwe publikasies van twee of meer uitgewers van Afrikaanse boeke. Dit bied 'n waardevolle bemarkingsgeleentheid vir uitgewers.

Onder 'Onderrignavorsing', word 'n lys van nuwe akademiese publikasies oor taalonderrig, asook die inhoudsopgawes van enkele akademiese tydskrifte op dié gebied verskaf. Opsommings van interessante tydskrifartikels word ook aangebied.

In die dans-webwerf word 'n nuwe taalspeletjie en nuwe of interessante woordskeppinge maandeliks verskaf. Die ou taalspeletjies word in die argief bewaar. 'Die fontein'-webwerf gee gereeld nuwe klikopsies na ander nuttige Afrikaanse webwerwe. Ou fonteine word in die argief bewaar.

Afrikaans maak sy stem dus ook op die tegnologiese gebied dik en lewer sodoende bewys van sy dinamiese karakter en sy vermoë om 'n diensbare taal vir sy sprekers te wees.

3.3 Afrikaans as oorlewingstaal

Afrikaans sal naas Engels kan groei en Afrikaanssprekendes sal verengelsing kan afweer as die sprekers van Afrikaans positief teenoor die taal is. Vervolgens word enkele toonaangewende persone se menings hieromtrent gegee. Die verslaggewer, Johnny Masilela (*Rapport*, 1998.10.18:13) skryf dat Afrikaanssprekendes nie té mismoesdig moet wees oor hulle taal nie, aangesien dit oor 'n wye spektrum deur swart mense gebruik word. So het Afrikaans 'n integrerende deel van die dialek van die Ndebele-werkers uit Mpumalanga geword. 'n Wye reeks gesprekke toon dat Afrikaans inderdaad in die mond van die swart sprekers leef. So word flaaitaal, waarvan die basilek Afrikaans is, deur jong swart stedelinge gebruik om die etniese verskille onder hulle te oorbrug.

Dr. Anneri van der Merwe, bestuurder van Kwela-boeke, het onlangs op die Zimbabwe-boekeskou gesê dat 60 % van Afrikaanssprekendes, swart is. Sy Makaringe, assistent-redakteur van die Sowetan sê: “Dit kan so wees dat Afrikaans die taal van die verdrukker was, maar ’n groot deel van die swart gemeenskap praat die taal. Ek self gebruik baie Afrikaans in my skryfwerk omdat dit die één taal is wat werklik die breër Suid-Afrikaanse woordeskat deurdrenk het” (*Rapport*, 1998.10.18:13).

Thomson Msimango is ’n Afrikaans-onderwyser by die Hoërskool Wallmansthal in Soshanguve naby Pretoria. Hyself was ’n leerder by die skool in 1976. Volgens hom lyk dit nie of leerlinge Afrikaans meer tussen ander tale as ’n gestigmatiseerde taal van die onderdrukker uitsonder nie (bl.13). Hy skryf dit aan ’n meer ontspanne politieke atmosfeer toe.

3.3.1 Afrikaans se voortbestaan berus op krag van sy variëteite

Ten spyte van ’n verengelsingbeleid, sal Afrikaans bly voortbestaan, omdat dit naas Standaardafrikaans ook in ander gedaantes voortleef. As voorbeeld van ’n variëteit van Afrikaans wat die taal se voortbestaan sal verseker, kan flaaitaal genoem word.

Die oorsprong van flaaitaal kan miskien toegeskryf word aan die invloed van die ‘kleurlinge’ en die feit dat daar in Pretoria in die aanvangsjare baie Afrikaanssprekende swartmense was. Marabastad, die eerste bantoe woonbuurt in Pretoria wat uit die sendingstasie Skoolplaas ontwikkel het, was byvoorbeeld ná aan die Asiatebasaar en ‘Kleurling’-woonbuurt geleë en onderverhuring van erfies, deurmekaarwonery en ondertrouery het dikwels voorgekom.

Deesdae kom Flaaitaal in gedrukte vorm in koerante, soos die *Sowetan*, en tydskrifte soos *Drum* voor. In Fatima Dike se gepubliseerde toneelstuk, *The First South African* (1979), word die verhaal vertel van ’n seun wat gebore is uit die verhouding van ’n

swart vrou en wit man. Die seun en sy portuurgroep gebruik flaaitaal. Dié taal blyk hier die versoeningstaal tussen wit en swart te wees. Nog 'n bron waarin flaaitaal voorkom, is die digbundel *Hurry up to it* van Sydney Sepampla. Die gedig *Come Duze Baby* in die bundel verskaf goeie voorbeelde van flaaitaal.

Flaaitaal is volgens navorsing wat die RGN in 1975 onder swartmense uitgevoer het, nie 'n huistaal nie. Resente studies van Msimang (*South African Journal of African languages*, 1987) het egter aangetoon dat daar in lokasies van Pretoria reeds mense is wat die tsotsitaal of flaaitaal as huistaal/moedertaal gebruik.

Flaaitaal word veral by sosiale gesellighede en onder vriende gepraat. Soos mnr. Spaupitz Makopa, dosent in Noord-Sotho aan die RAU, wat self 'n geesdriftige tsotsispreker is, sê: "... vir sommige mense is dit nogal 'n elite-taal, dit is 'n statusding, hoor. En as jy nie daardie taal kan praat nie, *then you are not with-it, then you don't belong here*" (*Afrikaans Vandag*, 1994. 2 (2):10).

Flaaitaal is 'n eksklusiewe taal wat gebruik word om deur sy bepaalde gedragskodes, 'n *townie*-subkultuur binne 'n wyer stedelike swart kultuur te handhaaf. Deur dié taal wil sy sprekers wys dat hulle deel uitmaak van die op-en-wakker (*witty*) groep. In die *townie*-subkultuur word die jongeling geleer hoe om in bepaalde situasies op te tree. Die flaaitaler is 'n taalbewuste persoon wat goed kan *weedi/wietie* (praat) en moet sy taal op so 'n manier besig, dat hy die respek en aandag van sy gespreksgenote afdwing. Sy taal is vir hom 'n dinamiese instrument wat hom in staat stel om te vlieg (*fly*). As hy nie vaardighede aanleer, soos om goed te luister na wat ander sê en om skerp (*sharp*) daarop te reageer nie, is hy nie 'n *bra/bla* nie. Hy moet soos 'n *bra* ('n man wat weet hoe om op te tree) elke probleem kan baasraak wat die buitegroep aan hom stel. Een van die belangrikste vaardighede wat hy moet aanleer, is om die moeilikste probleme as beuselagtig te beskou.

Tsotsitaal of flaaitaal is een van die belangrikste sosiolinguistiese ontwikkelinge van die twintigste eeu in Suid-Afrika. Hierdie dinamiese taal het binne 'n bestek van vyftig jaar tot 'n taal in eie reg ontwikkel. So is daar deur die RGN in sy nasionale taalondersoek onder swartmense bevind dat hierdie taalgemeenskap minstens 'n miljoen gebruikers sterk is. Daar is ook bevind dat flaaitaal-sprekers gewoonlik meer opgevoed as hul nie-flaaitaalsprekende eweknieë is.

Die taal is dinamies en beeldryk a.g.v. die nuwe woorde wat gedurig geskep word. Die sterk metaforiese en simboliese betekenis wat aan die woorde geheg word, dra ook hiertoe by. Dit is nie 'n verbygaande gier nie, want solank as wat daar metropolitaanse gebiede is in Suid-Afrika waar armoede, kinderverwaarlosing en misdade hoogty vier, sal daar flaaitale wees.

Vandag bestaan daar ook ander basilekte van flaaitaal, soos byvoorbeeld verskillende swart tale en Engels. Flaaitaal is dus 'n oorlewingstaal wat verskillende vorms aanneem na gelang van die politieke, sosiale en ekonomiese omstandighede waarin dit gebruik word.

Die taalstryd van Afrikaans teen Engels duur vandag voort, maar dit is anders as vroeër. Die stryd word nie meer oor 'n politiese boeg gegooi nie. Dit word nou met versterkte geleedere gevoer. Afrikaans word meer akkommoderend jeens ander tale en variëteite gemaak wat die taal 'n groter kans gee om teen Engels te oorleef. Deur hierdie verskuiwing, is dit ook moontlik vir die taal en identiteit om te herenig. Vandag is dit nodig om te besef dat ons deel is van 'n meertalige land. Dit is nie noodwendig die oplossing om net een amptelike taal te hê nie.

Hoofstuk 4

'n Vergelyking tussen die twee verengelsingsperiodes

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word punte van ooreenkoms en verskille tussen Somerset se verengelsingsbeleid en die hedendaagse Regering s'n, met mekaar vergelyk. Daar word ook gekyk na die verskil in kontak met Engels en die diglossie tussen die spreektaal en skryftaal.

'n Vergelyking tussen die twee verengelsingsperiodes toon duidelike ooreenkomste en verskille. Tydens 1814 het die Kaap permanent onder Britse beheer gekom en die inwoners moes hulle nuwe regeerders onderdanig wees. Omdat Hollands vir die nuwe Britse regeerders 'n vreemde taal was, was die koloniste akkommoderend in hulle benadering tot die Britse taal. Dié koloniste wie se kinders die staatsdiens wou betree, het hulle kinders eenvoudig na Engelse skole gestuur.

Getuienis dui daarop dat die Hollandse koloniste van die begin af nie net bereid was nie, maar selfs gretig was, om hulle kinders die Engelse taal te laat leer. Dit stem trouens ook heeltemal ooreen met dit wat onder die omstandighede verwag kon word. Die Kaap het onder Britse bewind gestaan; Engels sou binnekort die enigste amptelike taal wees; en dit was in belang van die kinders dat hulle vertrouwd moes raak met die regeringstaal, wat in 'n sekere mate ook reeds die handelstaal van hulle land was (Scholtz, 1966:27).

Op die oog af is daar talle aspekte van Somerset se verengelsingsbeleid wat met dié van die ANC-regering ooreenstem. Die verskil is egter dat die hedendaagse regering Engels nie as bemagtigingstaal gebruik vanweë hulle lojaliteit teenoor die taal en die Britse ryk nie. Prakties gesproke is eentaligheid in 'n land met elf amptelike tale ekonomies

voordeliger. Daarbenewens dra Afrikaans nog swaar aan sy bagasie van apartheidstaal en onderdrukkerstaal van die verlede.

Dit lyk asof dit die beleid van die ANC-regering is om Afrikaans met Engels in die regeringsinstansies te vervang. Die vraag ontstaan nou wat van die Afrikaanstaliges se taalregte geword het wat in die Grondwet verskans is. Volgens Joubert gaan dit nie hier oor Engels nie, maar oor die gebruik van *uitsluitlik* Engels ten koste van die ander inheemse minderheidstale (*Die Burger*, 1999.02.02). Tydens Somerset se bewind het die koloniste ook nie teen Engels te velde getrek nie, maar teen die uitsluitlike gebruik van Engels ten koste van die Hollandse taal.

4.2 Ooreenkomste en verskille tussen die twee verengelsingperiodes

Hier word gefokus op ooreenkomste en verskille op die gebied van die onderwys, die kerk en die regstelsel.

4.2.1 Die onderwys

Na die tweede Britse besetting het goewerneur Lord Charles Somerset (1814-1826) besef dat die onderwys 'n hoofinstrument in die verengelsing van die kolonie kon wees. Nie net het hy Engelse onderwysers vir sy vry skole ingevoer nie, maar het hy die bywoning van die skole ook aantreklik gemaak. Geen skoolfooie was betaalbaar nie en die onderwysers is deur die staat besoldig. Die staat kon dus die skoolbeleid beïnvloed en Engels was die enigste voertaal in hierdie skole. Die ouers het wel hulle kinders na hierdie skole gestuur, omdat dit uitstekende opvoedkundige inrigtings was. Ingevolge die taalproklamasie van 5 Julie 1822 was Engels ook 'n voorvereiste om werk in die staatsdiens te kon kry. Ouers wou uiteraard nie hulle kinders se kanse belemmer nie. As gevolg hiervan het baie vooraanstaande families aan die Kaap verengels.

As bogenoemde situasie met die periode ná 1994 vergelyk word, is dit duidelik dat daar ook gedurende dié periode op velerlei maniere gepoog word om die onderwys te verengels. Na 1814 het die Kaapkolonie 'n permanente Britse besitting geword en kon Somerset na willekeur die onderwys verengels. Die hedendaagse regering probeer sy verengelsingsbeleid op 'n subtieler manier deurvoer deels omdat 'n eentaligheidsbeleid ekonomiese voordeel inhou en deels vanweë Afrikaans se verband met die vorige apartheidsbedeling.

Die voorsitter van die Stigting vir Onderwys en Opleiding (Sasoo), Professor Pierre Theron, het gereageer op die druk wat op sommige Afrikaanse skole uitgeoefen word om na dubbel- of parallelmedium-onderrig oor te skakel. As voorbeeld kan die Afrikaanse skool, die Hoërskool Rob Ferreira op Witrivier, genoem word. Hierdie skool het opdrag van die Onderwysdepartement van Mpumalanga ontvang om 'n parallelmedium-skool te word - dit, ten spyte van die feit dat die skool 'n maksimum leerdertal het. Die jongste gebeure volg op uitgerekte onderhandelinge wat in 1998 deur Sasoo met die destydse Minister van Onderwys, mnr. S. Bengu, gevoer is. Dié onderhandelinge het gekulmineer in 'n beleidsdokument, *Norme en Standaarde oor Taal*. Dié dokument, wat sekere beskermingsmaatreëls vir moedertaalskole uiteensit, was veronderstel om die onstabiele toestand rondom Afrikaanse skole te beëindig. Volgens Theron gaan dit nie oor kleur nie, maar oor 'n kultuurverskuiwing. "As die behoefte dan so dringend is, waarom nie 'n Engelstalige skool tot stand bring nie?" (*Rapport*, 1998.01.18: 6). Theron het ook beklemtoon dat die beleidsdokument oor taal in skole die vorige jaar bepaal het dat die taalkarakter van die skole by die betrokke beheerliggame berus.

'n Bepaalde skool verloor sy karakter as dit na dubbel- of parallelmedium-onderrig oorskakel. 'n Bewys hiervan is die verengelsing van baie inrigtings wat tydens die koloniale tydperk as Hollandse opvoedingsentrums opgerig is. Die dubbelmediumskole loop die gevaar, soos wat wel in die verlede gebeur het, om Engels te word. Theron sê dat die onderwyser byvoorbeeld dan ook in Engels onderrig gee, wat die leerders se

aandag tussen tale verdeel. Hy waarsku dat as die huidige toestand voortduur, Afrikaanssprekendes 'n punt sal bereik waar die onderrig in skole vir hulle só vreemd is dat hulle na private skole as alternatief sal moet kyk. “Suid-Afrika het tans met 'n veel erger verengelsingbeleid te doen as wat Milner ooit kon droom” (Theron in *Rapport*, 1998.01.18).

Omdat Afrikaanssprekendes grotendeels tweetalig is, is hulle, soos tydens Somerset se bewind, akkommoderend teenoor die Engelse taal. Dit blyk uit beskuldigings soos die volgende : “En sê maar wat julle wil: in die breë het die Afrikaners met hierdie toedrag van sake maar vir lief geneem. So is daar byvoorbeeld nogal bra gedweë ingeval by eentalige seëls, eentalige paspoorte, eentalige telefoonrekenings, eentalige staatsdiens...” (*Rapport*, 1998.01.25:14).

Die Grondwetlike bepaling in die Grondwet oor die taalkwessie by skole toon groot leemtes. Die Handves van Regte bepaal onder meer dat elkeen die reg het om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Enkelmedium-instellings is ook onderhewig aan “doenlikheid”.

Daar is geen uitdruklike bepaling in die Grondwet dat 'n kind op moedertaalonderrig geregtig is nie - 'n beginsel wat wêreldwyd erken word. In die praktyk het “doenlikheid” 'n gerieflike vyeblaar geword, soos nou opnuut blyk uit wat by verskeie voorheen Afrikaanse skole gebeur. Leerders wat klaarblyklik nie plek by oorvol Engelsmedium-skole kon kry nie, word nou by een Afrikaanse skool na die ander ingeskryf. En natuurlik mag geen kind die reg tot onderwys ontsê word nie. Daar word van Afrikaansmedium-skole verwag om na dubbelmedium-onderrig oor te skakel, omdat 'n minderheid van die leerders nie in Afrikaans onderrig wil ontvang nie. Volgens 'n berig het 'n senior amptenaar van die Gautengse Onderwysdepartement, mnr. Jeff Makwakwa, gesê dat die dae verby is dat kinders van een taalgroep voorkeur kry om 'n sekere skool by te woon. Dit impliseer dat die Afrikaanse skool se dae getel

is. Die Afrikaanstalige gemeenskappe behoort hierteen in verset te kom (*Rapport*, 1998.02.08 : 14).

Ook van die vyf universiteite wat aanvanklik primêr Afrikaans was, het daar slegs twee oorgebly, naamlik die Universiteit van Stellenbosch (US) en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PUCHO). Hoewel US en PUCHO se taalbeleid nie rigied toegepas word nie, is Afrikaans as voertaal in hulle onderskeie wetsontwerpe verskans. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS) en die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) het tot parallelmedium-universiteite ontwikkel. Daarbenewens het die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) geleidelik sy Afrikaanse karakter afgeskud. Die gewese rektor van die UWK, professor J. Gerwel, het reeds in 1992 te kenne gegee dat Engels om praktiese redes toenemend by dié universiteit as onderrig- en akademiese taal gebruik word (Steyn, 1995:49). Dit lyk asof Engels, wêre soos tydens Somerset se bewindjare, besig is om Afrikaans op alle terreine te verswelg en so word daar nou vir Afrikaans se toekoms in die onderwys gevrees.

4.2.2 Die Kerk

Die koloniste was dankbaar teenoor Somerset wat hulle van meer buitelandse predikante voorsien het, sodat hulle gemeentes in die buitewyke ook bearbei kon word. Daar was egter tekens wat geleidelik vrees by hulle laat ontstaan het dat Somerset al sy hervormings nie net ingevoer het omdat hy hulle belange op die hart gedra het nie. Hy het Skotse predikante laat invoer en die Heidelbergse Kategismus in Engels laat vertaal. In die vry Engelse skole sou godsdiensoonderrig nie meer in Hollands nie, maar in Engels geskied. Die koloniste het besef dat Somerset uiteindelik die Hollandse taal heeltemal wou verdring. Somerset se poging om die kerk te verengels, het die ondergang van sy verengelsingsbeleid beteken. “Baie Afrikaners het mettertyd tweetalig geword. Hulle het die Britse demokrasie (...) aanvaar, die Britse politieke liberalisme en die Britse kroon en Ryksverband aanvaar, maar hulle identiteit nie ingeboet nie.” (Muller, C.F.J. 1968:132).

Dit blyk dat die ANC-regering ag slaan op dit wat in die verlede gebeur het, want alhoewel sy verengelsingbeleid sterk ooreenkomste met dié van Somerset toon, is daar tot dusver geen sigbare pogings aangewend om die kerk te verengels nie.

Wat daar wel van die NG Kerk en sy susterskerke verwag word, is dat hulle voor die Waarheids -en Versoeningskommissie moet bieg oor die euwels wat hulle toegelaat het weens die morele steun wat hulle aan die apartheidsbeleid gegee het. “What can be said is that the Nederduits Gereformeerde (NG) Church, the largest single denomination under Afrikaners (38% of them are nominal NG Church members) and her sister churches, the Hervormde and the Gereformeerde Church, can play a conciliatory role by acknowledging and confessing, as the institutional successors to earlier synods, to the wrongs they had supported by giving moral credence to the apartheid policies of the NP governments since 1948” (Venter, 1998:18). Daar word egter gevrees dat indien die NG Kerk op sy knieë moet gaan vir dit wat hy tydens die apartheidsjare gepropageer het, nl. dat die Afrikaners God se uitverkore volk is wat oor die ander volke moet heers, die Kerk ten gronde sal gaan. Die NG Kerk is die laaste vesting van die Afrikaner se kultuur en soos verengelsing tydens Somerset se bewind gedreig het om die Afrikaner se taal en kultuur uit te wis, so word daar nou gevrees dat belydenis voor die Waarheids- en Versoeningskommissie die Afrikanerkultuur gaan uitwis.

Verblydende nuus is egter dat die Afrikaanse taal hom ook nou in die buiteland laat geld. Daar is talle berigte uit die buiteland van Afrikaanse dienste wat daar gehou word. So word daar uit London berig van Afrikaanse dienste wat elke tweede week in die Suid-Afrika - huis gehou word en wat deur Afrikaanssprekendes oor die kleurgrens bygewoon word. Uit Nederland word berig van ’n Afrikaanse kerk wat gebou is en deur ’n NG predikant gelei word. “Afrikaners in Nieu-Seeland het ook seker gemaak dat hul godsdienstige behoeftes bevredig word. ’n Jaar gelede is ’n Afrikaanse kerk in Auckland gestig”. (*Rapport*, 1999.11.07:1). Op kerklike gebied staar Afrikaans dus nie tans ’n bedreiging in die gesig soos in Lord Charles Somerset se tyd nie.

4.2.3 Die Regstelsel

By oornam van die Kaap aan die begin van die 19de eeu het die Britse moondheid die koloniste belowe om die bestaande wette, voorregte en godsdienste te waarborg. Engeland was dus gebonde om voorlopig geen veranderings van belang in die bestuursvorm van die Kolonie te maak nie en die instellings en gebruike van die ou inwoners onaangestas te laat. Die Kerkorde en die Bataafse administrasie is in die binnelandse distrikte behou, maar die sentrale regeringstelsel is deur 'n outokratiese eenmansbewind vervang. Die goewerneur was hoof van die uitvoerende, wetgewende en regterlike mag aangesien die ou Politieke Raad afgeskaf is.

Die Britte het die Hollandse amptenare in hul betrekkings behou. Die Britse bewind het 'n beleid van versoening teenoor die koloniste gehandhaaf en het aanvanklik nie veel aan die bestaande instellings verander nie. Daar was ook die besef dat die lojale Hollandse burgers wat die vertrouwe van hul landsgenote geniet het, die Engelse sienswyses beter kon oordra en sodoende die geleidelike assimilasie van die Engelse kultuur sou bewerkstellig. Die Romeins-Hollandse reg is as basis vir die regspraak behou.

Die stelsel van landdroste, heemrade en veldkornette is onveranderd in die distrikte behou. Die doeltreffendheid van die plaaslike bestuur is bevorder deur die bestaande ses distrikte in nege kleiner distrikte te omvorm. 'n Ander verbetering was die instelling van die Rondgaande Howe in 1811. "In 1811 a circuit court had been established to visit outlying districts and hear cases outside the jurisdiction of the magistrates ..."
(Selby, J. 1973: 48). Daardeur is regspleging in die binneland bevorder.

Dit was eers na 1828 en na die koms van die Britse settlaars dat die verengelsing van die regspleging deurgevoer is. In hierdie jaar is Hollands as voertaal in die regswese deur Engels vervang. Alhoewel die Romeins-Hollandse reg behoue gebly het, is die kriminele wet op die Engelse model geskoei. "Eventually our constitutional and

administrative law, kriminal and civil procedure, as well as new branches of private law such as company law and the law of negotiable instruments became based on English law” (Du Plessis & Du Plessis in Venter 1998: 86). Hoewel die Engelse juriestelsel goed ontvang is, was die koloniste minder ontvanklik vir die vervanging van onderskeidelik die regtelike en administratiewe pligte van die landdros en heemrade deur magistrate en siviele kommissarisse. Die veldkornette se magte is ook ingekort. “Die Afrikaners, behoudend, gesteld op hul burgerregte, het hierdie veranderings meermale betreur” (Muller, C.F.J. 1968: 127).

Die ANC-regering het die beginsel van parlementêre heerskappy met konstitusionele heerskappy vervang. Alle regeringsliggame insluitende die parlement, is ondergeskik daaraan. “The power to test parliamentary legislation against the provisions of the constitution was conferred on the courts which under parliamentary sovereignty had very limited review powers over parliament” (Venter, 1998: 86).

Die Grondwet van 1994 maak voorsiening dat die nasionale regering en elke provinsiale regering minstens twee amptelike tale moet gebruik. Verder moet die munisipaliteite ag slaan op die taalgebruik en –voorkeure van sy bewoners. So verskyn die Hansard steeds in Afrikaans en Engels en is pogings om die hofverslagtaal te verengels teengestaan op grond van konstitusionele regte.

Vroeg in 1997 het die Randse Hoërhof egter die uitspraak gemaak dat plaaslike owerhede nie die Grondwet oortree deur slegs Engels te gebruik nie. Dit skep ’n presedent vir die verengelsing van al die stadsrade en laat die vrees ontstaan dat die taalregte nie deur die Grondwet gewaarborg kan word nie. “... by die dag word ’n volgehoue aanslag verder gevoer teen die één taal wat op skrikwekkende skaal al hoe meer regte afstaan terwyl ’n ander taal, Engels, uitermate bevoordeel word, ten koste van al die inheemse tale. (*Die Burger*, 1997.07.16:12).

4.3 Die verskil in kontak met Engels tussen die twee periodes

Tans geskied die oornamering en ontlening uit Engels veel meer ongedwonge as in die eerste periode. Daar bestaan reeds jarelange kontak met Engels in die huidige periode en die meeste nuwe konsepte is in die Engelstalige wêreld gebore. Verengelsing geskied daarom meer natuurlik as vroeër. Een van die verskille tussen die periodes is dat tydens die eerste periode die kontak met Engels vreemd was. Ná die Britse besetting in 1795 is Nederlands nie deur *Afrikaans* as kultuur- en skryftaal vervang nie, maar is hierdie funksies deur *Engels* oorgeneem. Afrikaans is steeds slegs as omgangstaal gebruik. Engels het mettertyd die enigste taal van die onderwys, regswees en parlement geword. Omdat Afrikaans tot 1925 nooit as amptelike taal gebruik is nie, was dit as spreektaal makliker beïnvloed. Aangesien Engels 'n dominante taal met yslike primêre en sekondêre taalgemeenskappe is, het Afrikaans se mindere status teenoor Engels selfs ná 1925 nie verander nie.

Periode twee se verengelsing is voorafgegaan deur 'n lang periode van Engelse invloed. Afrikaans se afhanklikheid van Engels word deur sy groot aantal Engelse leenwoorde bevestig. Die Engelse leenwoorde is onvermydelik aangesien die magtige tegnologiese en wetenskaplike wêreld hoofsaaklik in Engels beleef word. Byna alle tegnologiese terme word aan Engels ontleen. Dink maar aan woorde soos *muis*, *video-speletjies* en dies meer. Ons is ook gewoonlik meer bekend met die Engelse benaminge, terwyl die Afrikaanse ekwivalente dikwels nageslaan moet word. As daar byvoorbeeld van 'n motor gepraat word, word die woorde *clutch*, *brakes* en *gear*, byna outomaties herroep, maar moet die Afrikaanse ekwivalente *koppelaar*, *remme* en *ratkas* dikwels eers nageslaan word. Op grond hiervan kan aangevoer word dat die oorgang van Afrikaans van omgangstaal tot kultuurtaal te skielik was, omdat die taal nie met Engels op kulturele vlak kon meeding nie. Ten einde tred te hou met die moderne wêreld en sy behoeftes, moes Afrikaans baie woorde aan Engels ontleen.

Hierdie poreusheid van die Afrikaanse taal is één van die kenmerke van 'n ondergeskikte taal. Die veranderinge weens verstedeliking en modernisering waarmee Afrikaanssprekendes moes tred hou, was te snel en oorweldigend. Daar het dikwels nog nie Afrikaanse terme bestaan vir die dinge wat gebruikers van die taal in hulle alledaagse omgang moes benoem nie. Om aan te pas by die moderne wêreld moes talle ontlenings dus uit die leksikon van die Engelse taal gemaak word. Weens die noue kontak tussen Engels en Afrikaans, het Engels 'n natuurlike invloed op die ontwikkeling van Afrikaans uitgeoefen. Daarom het die gedwonge verengelsing in die Mandela-periode op die oog af nie 'n hewige omwenteling teweeg gebring nie - des te meer omdat die meeste Afrikaanssprekendes, Engels magtig is.

4.3.1 Die diglossie tussen die spreektaal en skryftaal

Die diglossiese situasie van die twee periodes verskil. Tydens die eerste periode was die skryftaal Nederlands en die spreektaal Kaaps Hollands (Afrikaans). Na die tweede Britse besetting in 1806 is Nederlands amptelik met Engels as skryftaal vervang. Sedertdien het Engels Afrikaans geweldig beïnvloed. Die meeste van die sosiale stelsels waarbinne Afrikaanssprekendes funksioneer en waarbinne Standaardafrikaans sedert 1905 aangewend is, het in Engels ontstaan en word in dié taal vergestalt. Volgens Ponelis (1992:85) het Engels die benoeming van hierdie stelsels in Standaardafrikaans baie beïnvloed. Dit geld onder andere vir benoemings in die administrasie, onderwys en sport. Engelse uitdrukkings word dikwels letterlik in Afrikaans vertaal en verloor hierdeur baie van hulle trefkrag. Donaldson (1985) het 1400 sulke gevalle van direkte ontlenings aan Engels opgespoor. Dirven (1987) het egter bevind dat 80 daarvan ook 'n Nederlandse agtergrond het. Die lys is steeds indrukwekkend en verdien nadere ondersoek.

In Afrikaans is daar tans ook 'n diglossiese situasie. Dit is te wyte aan die groot kloof tussen Standaardafrikaans en die omgangsvariëteite van Afrikaans. Dit is in die omgangsvariëteite waar Engels in 'n hoë mate geïnfiltreer het. Ponelis (1992) sê dat

Afrikaans al hoe meer met die Engelse kultuur verstrengel raak. Die groot invloed van Engels op Afrikaans het volgens hom 'n oorweldigende uitwerking op die selfstandigheid van Afrikaans en laat die vraag ontstaan hoe lank dit nog sin gaan hê om 'n Afrikaans wat so sterk deur Engels beïnvloed is, naas Engels te behou. Volgens Dirven (1987) is die impak van die Engelse invloed op die Afrikaanse metaforiek oorweldigend en regverdig dit 'n diepgaande studie. Dirven stel voor dat so 'n studie die hipotese kan ondersoek, dat 25% van die Afrikaanse metaforiese items wél deur Engels beïnvloed word.

Tydens Somerset se bewind was die koloniste gedwing om te verengels om sodoende alle bande met Nederland te verbreek en om bande met Brittanje te versterk. Die koloniste was gedwing om te verengels as hulle 'n plek in die staatsdiens wou hê. Weens die lang blootstelling aan Engels is dit tydens die tweede periode (na 1994) makliker om verengelsing op 'n subtieler manier af te dwing omdat die Afrikaanse spreektaal met Engels deurspek is en ook omdat die ANC-regering die media, wat baie gebrekkig was in Somerset se tyd, baie beter kan inspan. In hoofstuk 3 is genoem hoedat Afrikaans se kyktyd op TV ingekort is en die voorkeur van Engels in die reklamewese.

Engelse beïnvloeding moet myns insiens egter nie as 'n bedreiging vir die Afrikaanse taal gesien word nie. Die indrukwekkende lys van Afrikaanse items wat aan Engels ontleen is, is 'n klinkklare bewys van Engels se rol in die *uitbreiding* van die Afrikaanse verbale repertorium. Volgens Webb (in *Afrikaans Vandag*, 1997. 5 (1):8) moet die 'gevaar' van Engels in Suid-Afrika ook nie oordryf word nie. Die Engelssprekende gemeenskap én Engels het 'n enorme bydrae gelewer tot die land se kultuur, sy ekonomiese groei, sy politieke en opvoedkundige instellings, sy norme, waardes, houdings, ens. (*Afrikaans Vandag*, 1997. 5 (1):8)

Die deursneetaalgebruiker moet terdeë bewus wees van die verskillende registers wat verskillende taalsituasies verg en moet hom daardeur laat lei. Die diglossie wat tussen

die omgangstaal en skryftaal ontstaan het, dien ook 'n positiewe doel in dié opsig dat vreemde invloed tot 'n minimum in Standaardafrikaans beperk word. Ook sal Afrikaans nooit deur Engels verdring word nie. Afrikaans werf al hoe meer tweedetaalsprekers weens die besondere noue kontak wat dié sprekers met Afrikaanssprekendes het. Die afswering van die ideologiese bagasie van Afrikaans dra ook hiertoe by. Verder beleef die Afrikaanse letterkunde 'n enorme bloeitydperk en is die Afrikaanse pers nog magtig.

Hoofstuk 5

5.1 Slotsom

In die 19de eeu het Hollands die aanslag van Engels afgeweer en, ten spyte van 'n verengelsingbeleid, gefloreer. Dieselfde is aan die gebeur as gevolg van die verengelsingbeleid van die ANC. Ten spyte van die afskaling van Afrikaans en 'n poging om Engels as die enigste amptelike taal gevestig te kry, floreer Afrikaans op vele terreine en is die meeste Afrikaanssprekendes meer as ooit tevore gemotiveer om hulle taal te handhaaf en uit te bou.

Dit is duidelik dat Afrikaans toenemend op uiteenlopende terreine gebruik word en dat die taal in 'n verskeidenheid van vorms funksioneel optree. In teenstelling met gerugte dat sy gebruik oor die algemeen afgeskaal word, is sy diversiteit en aanpasbaarheid waarborg vir sy volgehoue uitbreiding in ons land. Dit is opvallend dat Afrikaans al meer daartoe neig om van die algemene spreektaal ook 'n skryftaal te maak. Daar word glad nie meer gekroom om direkte aanhalings te gebruik nie, al sou dit veroorsaak dat selfs vloekwoorde, kras of platvloerse taal en verskillende leenwoorde as geskrewe taal aanvaar word. So word die diglossie tussen Standaardafrikaans en die omgangstaal geleidelik verskraal en word al die Afrikaanssprekendes geakkommodeer. Die Afrikaans van vandag, 'n Afrikaans in sy nuwe baadjie, is sonder twyfel, hier om te bly. Dié 'nuwe' Afrikaans dien as bewys dat die taal dinamies is en wel by veranderende omstandighede kan aanpas. Afrikaans word toegankliker gemaak deur die model vir Standaardafrikaans te wysig en om Afrikaanssprekers dwarsoor die kleurgrens te akkommodeer.

Noudat Afrikaans van sy verbintenis met die apartheidsjare bevry is, sal dit ook baie van die 'vervreemde' moedertaalsprekers terugwen, omdat 'n mens slegs spontaan en vry in jou eie moedertaal kan verkeer. Dit is veelseggend dat, ten spyte van die negatiewe ervarings wat die bruin Afrikaanssprekendes beleef het – diskriminasie

vanuit hulle eie geledere en die Afrikanergemeenskap – hulle liefde vir hulle moedertaal voortduur en dit hulle in staat stel om die Afrikanerideologie van die taal self, te skei. So sê Jakes Gerwel (1988:17) : “Ons kan nie die arme blerrie taal gaan blameer vir wat ons as mense doen nie. Dis sy sprekers wat dit doen. Hy gaan hom net so aanpas by ’n nie-rassige, verenigde, demokratiese Suid-Afrika as wat hy hom gaan aanpas het by ’n apartheid Suid-Afrika”. Breytenbach het reeds in 1985 in die gedig *Taalstryd* sy afkeur vir ’n taalstryd uitgebeeld. In *The true confessions of an Albino Terrorist* (1985) sê hy: ‘I most certainly do not agree with the need to wage a struggle for the survival or imposition of Afrikaans. Those who do so are, to my mind, objectively strengthening the ideology of the White rulers’ (1985: 322).

Afrikaans kan beslis as ’n moderne taal gesien word wat by die hedendaagse lewe, met al sy verskillende terreine, soos die tegnologie en media, aangepas het. Dit is ’n aangepaste, moderne taal wat nie skroom om kwessies aan te spreek en die tydgees en lewens van sy sprekers te weerspieël nie. Hieruit vloei die versekering dat Afrikaans wél ’n dinamiese taal is. Al gaan die Afrikanervolk as eksklusiewe groep ten gronde, sal die taal voortleef in die monde en harte van al die Afrikaanse moedertaalsprekers van die land.

Dit is so dat wanneer ’n taal bedreig word, sy sprekers en ander goedgesindes met nuwe oë daarna kyk. Tans beleef die Afrikaanse letterkunde ’n bloeitydperk soos min en is die belangstelling in die taal groot soos onder andere blyk uit die groot aantal inheemse en buitelandse besoekers aan die taalmonument in die Paarl.

Aangesien Afrikaans nou ’n versoeningsbaadjie dra, val die klem nie meer op ‘ons praat soos ons skryf nie’, maar op die kommunikatiewe waarde van die taal. Dit bring soms teweeg dat daar net soos in die geval van ’n gevestigde taal, soos Nederlands byvoorbeeld, nie meer gekroom word om van direkte ontlenings aan Engels gebruik te maak om die essensie van ’n boodskap te behou nie.

Standaardafrikaans is vanaf 1925 tot 1994 as 'n instrument van Afrikanernasionalisme gesien en het ook die sprekers van Kaapse Afrikaans gestigmatiseer en uitgesluit. Dit was styf en formeel en te ver verwyderd van die taal van die deursneegebruiker. Daar was dus 'n diglossiese situasie, want die omgangstaal was, veral wat Kaapse Afrikaans betref, ver van die geskrewe taal verwyder. Dit het op sy beurt weer leerprobleme veroorsaak. Dit was dus 'n eksklusiewe taal. Baie van sy sprekers het gevolglik verengels omdat die sentrifugale waarde van Engels inklusief, dus nie-etnies Suid-Afrikaans, internasionaal, stedelik, kosmopolities en modern is.

Die kloof tussen die skryftaal en spreektaal is egter tans besig om in baie gevalle te vernou. Die nuwe diversiteit en aanpasbaarheid van Afrikaans is waarborg vir die volgehoue uitbreiding daarvan in ons land. Die Afrikaans van vandag, 'n Afrikaans in sy nuwe baadjie, is sonder twyfel, hier om te bly.

Die vrees wat sommige Afrikaanssprekendes koester ten opsigte van Afrikaans blyk ongegrond te wees. Hulle vrees dat Afrikaans sy status op nasionale vlak as amptelike taal sal verloor en dat dit dan binne enkele jare 'n laefunksietaal sal word. Hulle vrees ook dat as Afrikaans de facto nie meer 'n amptelike taal op nasionale vlak is nie, daar nie meer rede vir die aanleer en gebruik daarvan sal wees nie; dat die poste van taalonderwysers en taaldosente in die gedrang sal kom; en dat daar 'n afname in die aanvraag na Afrikaanse boeke sal wees (*Afrikaans vandag* 1997. 5 (1):8). Hierdie vrese word egter deur statistiek van die 1996 sensusopname besweer. Hiervolgens is daar ongeveer 6000 000 Afrikaanse eerstetaalsprekers wat Afrikaans die derde gewildste taal in die land maak. Daar is ongeveer 10 000 000 tweede- en vreemdetaalsprekers (die vierde meeste). Afrikaans is daarbenewens ook 'n hoogs gestandaardiseerde en gekodifiseerde taal wat in elke openbare domein (parlement, wetgewing, staatsadministrasie, godsdienst, die nasionale media, ens.) gebruik word. Afrikaans is oor die hele Suid-Afrika versprei. Dit is die grootste of naasgrootste taalgroep in ses van die nege provinsies.

Victor Webb (*Afrikaans Vandag*, 1997. 5 (1):8) stem saam dat Afrikanernasionalisme die afgelope vyf jaar 'n onsekerheid en 'n gevoel van vervreemding, dalk selfs trauma beleef. Hy sê ook dat Afrikaans moontlik sy uitgebreide nasionale politieke rol in 'n mate mag verloor. Tóg glo hy dat Afrikaans voortgaan om 'n objek van etniese lojaliteit te wees, 'n instrument van solidariteit, 'n draer van kulturele besit en 'n simbool van kulturele identiteit. Ook moet ons nie die geleentheid miskyk wat daar vir die bevordering van Afrikaans is nie. Webb (*Afrikaans Vandag*, 1997. 5 (1):8) wys op die sterk gees van rekonsiliasie in die land, die eksplisiete aanvaarding van pluralisme in die Grondwet, en die feit dat die program van regstellende aksie Afrikaans 'n geleentheid gee om sy voormalige posisie as nie-rassige taal te herwin.

Elf amptelike tale word in die Grondwet erken en daarvolgens moet al elf tale gelykwaardige status geniet. Een mag nie bo die ander bevoordeel word nie. Afrikaans is dus in die Grondwet verskans en Afrikaanssprekendes moet beseft dat die toekoms van die taal in hulle eie hande is. Die Oorlegplatform het byvoorbeeld 'n spesiale brosjure uitgereik (*Huisgenoot*, 1999.02.04) om Afrikaanssprekendes van hulle regte bewus te maak asook die manier(e) waarop hulle hulle taalregte kan afdwing. Daar word ook tereg daarop gewys dat die gesindhede van die Afrikaanssprekende die toekoms van sy taal sal bepaal. “Die selfvertroue, kreatiwiteit en inklusiwiteit waarmee ons Afrikaans gebruik en ontwikkel en die doelgerigtheid, maar ook die beskeidenheid en nie-opdringerigheid, waarmee ons ons taalregte beskaaf, maar effektief afdwing, sal 'n groot rol speel om die toekoms van Afrikaans te verseker” (*Huisgenoot*, 1999.02.04). Volgens Ton Vosloo, afgetrede uitvoerende beampte van die Naspersgroep en trustee van die Stigting vir Afrikaans, is inklusiwiteit van kern belang in die hantering van Afrikaans se status in 'n heterogene land (*Afrikaans Vandag*, 1997. 5 (1):8).

Afrikaanssprekendes moet as 'n blok opkom vir hulle staanplek en nie voor eksklusiewe verdelingslyne struikel nie. In onderhandelinge met die owerheid moet die blok uit één keel kan praat sodat hy identifiseerbaar is as een van die grootste taalblokke in die land.

Sy verskeidenheid is een van sy mooiste eienskappe en dit moet deur almal wat hulle daarmee identifiseer, gehandhaaf word. (*Afrikaans Vandag*, 1997.5 (1):8).

Volgens Herman Binge (*Afrikaans Vandag*, 1997. 5 (1):6) is die grootste bedreiging vir die voortbestaan van Afrikaans die mense wat die taal praat. So woon Afrikaanssprekendes nie Afrikaanse toneelstukke by nie; hulle is nie geesdriftige lesers nie; hulle is neerhalend oor Afrikaanse rolprente; Afrikaanse radio is nie goed genoeg nie. Afrikaanssprekendes sou die taal op verskeie gebiede kon ondersteun en sodoende nie daadloos bly sit nie. Daar is per slot van rekening in elkeen van ons 'n taal, 'n onvervreembare taal, waarvan Italo Calvino in *The Literature Machine* sê: "Everything can change, but not the language that we carry inside us, like a world more exclusive and final than one's mother's womb" (De Vries in *Afrikaans Vandag*, 1998. 6 (1):1). Omdat die verhouding tussen die spreker en sy taal so intiem is, is gesonde selfrespek die primêre rede waarom 'n mens op eerbied vir jou taal aandring. Volgens ons Grondwet en die Handves van Menseregte is elke mens daarop geregtig.

De Vries (*Afrikaans Vandag*, 1998. 6 (1):1) huldig die volgende standpunt: "Afrikaanssprekendes sal moet help om aan ons staatsvorm, *demokrasie*, 'n menswaardige inhoud te gee. Demokrasie as naam is geen waarborg nie, dit was ook een van die D's in die DDR". Afrikaners moet teenstand teen die afdwing van eentaligheid bied, want demokrasie lê aan elkeen die burgerlike plig op om waaksaam te wees. In die huidige tendens van verengelsing floreer taaldiskriminasie, alhoewel dit teen die wet is.

Afrikaans in sy nuwe baadjie is besig om sy eksklusiewe karakter af te skud en juis daarin lê sy bydrae tot die vorming van 'n meer mensgerigte demokrasie. Die tendens om Afrikaans die taal te maak waarin gehalte en variasie 'n tuiste vind, is reeds aanwesig.

Dat Afrikaans na al sy sprekers uitreik is sigbaar in die groeiende aantal lesers van *Die Burger*, die groeiende aantal publikasies van jong skrywers en digters uit die agtergeblewe groepe deur 'n uitgewery soos Kwela en die groeiende studentegetalle by die Universiteit van Stellenbosch.

Laastens moet onthou word dat respek vir elkeen se taal, ondanks die finansiële koste daarvan, op die lange duur goedkoper is as die gevolge van al die negatiewe en gevaarlike emosies wat diskriminasie teen 'n taal by die mens aanwakker. Taal gaan in die eerste en laaste instansie om mense en moet nooit in 'n eng nasionalistiese of eiendomlike verband beskou word nie. Volgens dr. Hein Willemse (*Afrikaans Vandag*, 1998. 6 (1):14) is Afrikaans 'n skakel tussen mense, hart tot hart. Afrikaanssprekendes was vroeër die gesagvoerders en uitvoerders van die gruwelikste misdade teen die mense van hierdie land. Terselfdertyd het Afrikaanssprekendes egter ook teen daardie misdade en onregte baklei. Daar is uiteenlopende benaderings tot die ontstaan, die gebruik, die verdediging en die plek van Afrikaans in die samelewing. “Daar moet weggebreek word van 'n perspektief wat polities of kultureel georganiseerde Afrikanerbelange gelyk stel aan die belange van alle Afrikaanssprekendes” (*Afrikaans Vandag*, 1998. 6 (1):14). Afrikaans, wat volgens 'n onlangse CNN- nuusuitsending die wêreld se jongste taal is, sal dan tot sy volle reg kan kom! Neil van Heerden skryf (*Rapport* 1998.10.25:15) dat Afrikaans veilig is as hy deel is van 'n groter leefwêreld. Volgens hom het Uys Krige dit só gesien:

*steeds aan my gees, my siel,
my hart verwant,
wees groot en ruim en sterk,
wees vry,
vol lig en stilte, soos dié suiderland!*

Bronnelys

- Adam, Herbert & Giliomee, H. 1979. *The rise and crisis of Afrikaner Power*. Cape Town: David Phillip.
- Barker, E. 1927. *National character and the factors in its formation*. Londen: Methuen.
- Benjamin, S. 1997. *Die reuk van steenkool*. Kaapstad: Queillerie.
- Boerneef. 1977. "Jou woord jou dessit woord". *Pallisandryne*. In: *Versamelde Verse*. Kaapstad: Tafelberg.
- Boezak, A. 1995. "Gee ons" In: *Ons kom van ver af*. Vredenburg: Prog.
- Bradlow, Edna. 1962. *Some aspects of the anglicisation policy of Lord Charles Somerset*. (B.A.(Hons.) Thesis . Cape Town: University of Cape Town.
- Breytenbach, B. 1985. "Taalstryd". *Lewendood. Die eerste bundel van die ongedanste dans*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, B. 1995. *Die hand vol vere*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Combrink, J. 1996. "Vooruitgang in my kop". In: De Vries en Hatting (reds.) *Ons leer Afrikaans*. Kaapstad: Uswe.
- Combrink, J. 1998. "Helder Afrikaans- 'n voorbeeld van rekonstruksie." In: *Kwinksinnig*. Kaapstad: Tafelberg.
- Davenport T.R.H. 1977. *South Africa A Modern History*. Johannesburg: Macmillan.
- Deacon, T. 1993. *Die predikasies van Jacob Oerson*. Kaapstad: Tafelberg.
- Degenaar, J. 1987. Afrikaans, die taal van bevryding. In: Du Plessis & Du Pessis (reds.) *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 Opstelle*. Pretoria: HAUM, 205-209.
- Deist, F. 1996. "Soppie se ampse nageslag". *Pofadder en Peddelfort*. In: Links en Van Zyl (red.). *Syferfonteine*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Lange, J. 1993. *Vleiswond*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- De Vries, A. & M. Hatting. 1996. *Ons leer Afrikaans*. Kaapstad: Uswe.
- Dido, E.M.K. 1996. *Die storie van Monica Peters*. Kaapstad: Kwela.
- Dike, Fatima. 1979. *The First South African*. Johannesburg: Raven Press.

- Dirven, René. 1987. Metaphor and language policy : the English embrace. In Du Plessis, Hans & Theo (reds.) *Afrikaans en Taalpolitiek. Vyftien Opstelle*. Pretoria: HAUM.
- Domer-Cooper, J.D. 1987. *History of Southern Africa*. London: James Curry.
- Donaldson, B. 1991. *The influence of English on Afrikaans*. Pretoria: Academica.
- Du Plessis, I.D. 1957. "Kaalvoet klonkie". *Die Vlammende Fez* (1944). In: *Versamelde verse*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Du Plessis, H. & Edwards, John. 1985. *Language, Society and Identity*. (The language Library). Oxford: Blackwell.
- Du Plessis, H & Du Plessis, T. (reds.) 1987. *Afrikaans en Taalpolitiek. 15 Opstelle*. Pretoria: HAUM.
- Gerwel, Jakes. 1988. Alternatiewe Afrikaans op hoërskool. In: Van den Heever (red.). *Tree na Vryheid*. 1988 : 7-20. Kasselsvlei: KPO.
- Gilfillan, J. 1993. Taalles (1989). In: *Vroue-vertellers 1843-1993*. Kaapstad: Tafelberg.
- Goosen, Anton. 1981. *Liedjieboer: lirieke*. Kaapstad: Tafelberg.
- Goosen, J. 1990. *Ons is nie almal so nie*. Pretoria: HAUM.
- Hanf, T. Weiland, H. & Vierdag, G. 1981. *South Africa The prospects of peaceful change*. Cape Town: David Philip.
- Hough, B. 1992. *Vlerkdans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Hugo, D. 1989. *Verse van die ongeloof*. Pretoria: HAUM-literêr.
- Hugo, D. 1996. "My taal is 'n koppie van die kompanjie". In: De Vries en Hatting (reds.) *Ons leer Afrikaans*. Kaapstad: Uswe.
- Issawi, C. 1981. *The struggle for linguistic hegemony, 1780-1980 American scholar*, 50. 382-7.
- Jan wat versies maak 1879 (1975). *Die eerste Afrikaanse Boeki ver soet kinders*. Kaapstad: Human & Roussouw.
- Jooste, G. (red.) 1996. *Taxi*. Pretoria: Van Schaik.
- Kannemeyer, J.C. 1976. *Die Afrikaanse Bewegings*. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Katzew, H. 1965. *Apartheid and survival*. Cape Town: Simondium Publishers.
- Langenhoven, C.J. 1925. *Brolloks en Bittergal*. Kaapstad: Tafelberg.

- Leach, G. 1989. *The Afrikaners Their Last Great Trek*. Johannesburg: Southern Book Publishers.
- Leatt, James. 1986. *Contending ideologies in South-Africa*. Cape Town: David Phillip.
- Letoit, André. 1988. *Die bar op de Aar: ballades, blues en bevliegings*. Kaapstad: Tafelberg.
- Millar, Anthony Kendal. 1965. *Plantagenet in South Africa: Lord Charles Somerset*. Cape Town: Oxford University Press.
- Morris, C. 1946. *Signs, language and behavior*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.
- Muller, C.F.J. 1968. *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Academica: Kaapstad.
- Nel, G.V. 1981. *Om te lewe is onnatuurlik; Eenvoudige spoorwegstories*. Kaapstad: Tafelberg.
- Oberholster, A.G. 1987. *Paarlvallei 1687-1987*. Pretoria: Raad vir Geestelike Navorsing.
- Ponelis, F.A. 1987. Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap. In: Du Plessis & Du Plessis (reds.) 1987: *Afrikaans en Taalpolitiek*. 15 Opstelle. Pretoria: HAUM, 3-16.
- Ponelis, F.A. 1992. Standaardafrikaans in oorgang. In: Web, V.N. (Red.) *Afrikaans na apartheid*. Pretoria: Van Schaik, 68-89.
- Ponelis, F. 1998. *Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie*. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Prinsloo, K.P. & Van Rensburg, M.C.J. (red.) 1984. *Afrikaans: Stand, Taak, Toekoms*. Pretoria: HAUM.
- Sapir, E. 1991. *Language : An introduction to the study of speech*. New York: Harcourt Brace.
- Selby, J. 1973. *A Short History of South Africa*. London: George Allen & Unwin.
- Scholtz, A.H.M. 1995. *Vatmaar. 'n Lewendagge verhaal van 'n tyd wat nie meer is nie*. Kaapstad: Kwela.

- Scholtz, J. du Plessis. 1966. *Die Afrikaner en sy taal*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, G.D. 1977. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1854-1881*. Johannesburg : Voortrekkerpers.
- Schuring, G. 1991. Language planning for a new South Africa. In: Webb. *Afrikaans na Apartheid*. Pretoria: Van Schaik, 290-309.
- Shibutani, T. & Kwan, K. 1965. *Ethnic Stratification*. New York: Macmillan.
- Sonn, F. 1988. Amptelike opening. In: Van den Heever (red.) *Tree na vryheid*. 3-6. Kasselsvlei : KPO.
- Steiner, G. 1975. *After Babel: Aspects of language and translation*. London : Oxford University Press.
- Steyn, J.C. 1880. *Tuiste in eie Taal*. Kaapstad : Tafelberg.
- Steyn, J.C. 1987. Afrikanernasionalisme en Afrikaans. In: Du Plessis & Du Plessis (reds.) *Afrikaans en Taalpolitiek*. 15 Opstelle. Pretoria: HAUM, 73-96.
- Steyn, J.C. 1993. *Taalideologie en taalbeleid in Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Kaapstad: Acta Academica.
- Steyn, J.C. 1995. Die Taalstryd in die Oorgangstyd. Gesindhede teenoor Afrikaans 1990-1994. *Stilet*. supplement 1.
- Swanepoel, Piet. 1992. Taal emosies en die toekoms van Afrikaans. In: Webb (red.) *Afrikaans na Apartheid*. Pretoria: Van Schaik, 142-149.
- Van Aswegen, H.J 1989. *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*. Pretoria/ Kaapstad : Academica.
- Van den Heever, R. 1988. *Tree na vryheid*. Kasselsvlei: KPO.
- Van der Walt, A.J.H. 1978. *Geskiedenis van Suid- Afrika*. Kaapstad: Nasou Beperk.
- Van der Vywer, M. 1992. *Griet Skryf 'n Sprokie*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Van Rensburg, C. (red.) 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: Van Schaik.
- Venter, A. (red.) 1998. *Government & politics in the new South Africa*. Johannesburg: Van Schaik.
- Webb, V.N. 1992. *Afrikaans na Apartheid*. Pretoria: Van Schaik.

Bladmusiek

Du Plessis, Koos. 1978. *Sprokie vir 'n stadskind*. Johannesburg: ATKV.

Kerkorrel, Johannes. 1992. *Halala Afrika*. Johannesburg: ATKV.

Kramer, David. 1986. *Skipskop*. Johannesburg: ATKV.

Koerante

Beeld, 1991.10.24

Die Burger, 1993.06.29. Afrikaans se status kwyn - hoogleraar.

Die Burger, 1994. 01.25. Meer Afrikaanse skole 'moet saamsmelt'.

Die Burger, 1994.01.26. ANC gee nie méér vir onderwys.

Die Burger, 1994. 04.19. Vryburger: ANC wil nou 'vroom' wees.

Die Burger, 1994.04.27. J.B du Toit: Afskaling van ons taal laat jou oor ANC opnuut twyfel.

Die Burger, 1994.05.21. " Snuffelgids" Dit gons al hoe meer oor Afrikaans se toekoms.

Die Burger, 1994.05.25. Oos-Kaap se eerste keuse lyk na Engels.

Die Burger, 1994.07.25. Woede bars uit oor SAUK plan met Afrikaans.

Die Burger, 1994.07.26. Hernus raps SAUK en SAL op vingers met een slag.

Die Burger, 1994.07.30. SAUK plan teen Afrikaans krap om.

Die Burger, 1994.08.04. W.J. Esterhuizen: Eskom tree nou op soos aap in porseleinkas.

Die Burger, 1994.09.27. B. Beukman: Mandela skok met taalvoorstel.

Die Burger, 1994.10.4. B. Beukman: Groot regstellende aksie by SA universiteite. aan die kom.

Die Burger, 1995.05.01 Tydbom teen nasiebou.

Die Burger, 1995.05.01 SAUK taal.

- Die Burger*, 1995.05.06. Posisie van Afrikaans op TV heroorweeg ná Herrie.
- Die Burger*, 1995.05.18. DG van Werke verkies Engels.
- Die Burger*, 1995.05.21
- Die Burger*, 1995.07.19. J. Steyn: V.W. Louw: Só kan Afrikaans doodloop.
- Die Burger*, 1996.02.16. Mouton se prent oor SABC in kol.
- Die Burger*, 1996.03.21. Almal sal saam by Afrikaanse skole betrokke moet raak.
- Die Burger*, 1997.02.20. T. van der Westhuizen: Politiekery oor taal sal lei tot rassetwis – LUR.
- Die Burger*, 1997.03.11. W. Breytenbach: Taalkeuse straks beskerm.
- Die Burger*, 1997.05.02. Engels, alles Engels.
- Die Burger*, 1997.05.29. Bengu waarsku US oor identiteit.
- Die Burger*, 1997.05.30. Taalimperialisme.
- Die Burger*, 1997.05.31. J. Pienaar: US taal: 'Mandela, Bengu stry nie'.
- Die Burger*, 1997.06.06. F. Kok: Versoening sal so verongeluk word.
- Die Burger*, 1997.06.18. Dawie: Afrikaanse mense sal hul eie toekoms moet skep.
- Die Burger*, 1997.06.19. Dwang nie beoog in tersiêre taalbeleid.
- Die Burger*, 1997.06.31. Bengu moet US Afrikaans uitlos.
- Die Burger*, 1997.07.09. Die prys vir Afrikaans.
- Die Burger*, 1997.07.16. Dawie: 'n Sprankie lig in nuwe taalbeleid, maar pas op.
- Die Burger*, 1997.10.09. Partye protesteer teen taalmagte van minister.
- Die Burger*, 1998.03.21. J. Ferreira: Polisie gekap oor keuring in Engels van kandidate.
- Die Burger*, 1998.05.04. Vetkoek programme skaad Afrikaans.
- Die Burger*, 1998.05.13. Gee Afrikaans se regmatige plek in Poskantoor terug.
- Die Burger*, 1998.05.26.
- Die Burger*, 1998.06.08. W. de Bruin: Reklamegroepe spog met meer Loerie toekennings as verlede jaar.
- Die Burger*, 1998.06.12
- Die Burger*, 1998.06.27. E. Domisse: Die Taalskeppers.
- Die Burger*, 1998.07.20. H.P. Langenhoven: Mbeki bring nou weer nuwe hoop.

- Die Burger*, 1998.09.07. H. Gilomee: Afrikaanse Oorlegplatform moet vasstel of daar nog lewedraende idees is.
- Die Burger*, 1999.02.02. G. Joubert. Poskantoor se taalbeleid.
- Die Burger*, 1999.02.02. F.I.J. van Rensburg: Brosjure gee raad oor die regte waarop Afrikaanssprekendes kan aandring.
- Lantern*, 1998.05:44-45. D. Kotze: Die Afrikaanse taal.
- Rapport*, 1995.08.18. Regering sál Afrikaans beskerm.
- Rapport*, 1997.09.14. I. Erlank: Afrikaner moet besin voor hy kind in Engels laat leer.
- Rapport*, 1998.01.18. Z.B du Toit: Druk op Afrikaanse skole oor Engels net erger.
- Rapport*, 1998.01.22. E. Gunning: Afrikaans ook by Arbeid uit. *Engels, Engels, alles Engels*.
- Rapport*, 1998.01.25. J. Vosloo: Taalveld toe met groot lekkerkry.
- Rapport*, 1998.02.08. Skole en taal.
- Rapport*, 1998.02.15. E. Gunning: Taalraad skop vas oor Engels in parlement.
- Rapport*, 1998.03.08. Afrikaans-stroom nodig.
- Rapport*, 1998.03.15. F. Swart: Nuwe groepe gestig, en oues span nou saam vir Afrikaans.
- Rapport*, 1998.03.22. S. Sello: Moorde op plase, gesprekke met Afrikaners en 'n gemor oor Afrikaans.
- Rapport*, 1998.05.31. A. Boshoff: Volkstaat-mense wéét wie die Afrikaner is.
- Rapport*, 1998.05.31. J. Malan: Vosloo se 'AB'-voorstel in die kol.
- Rapport*, 1998.08.09. Die Groot Debat.
- Rapport*, 1998.08.09. H. Retief: 'Profeet' bly glo in versoening, maar is nie blind vir foute.
- Rapport*, 1998.08.09. D. Röder: Staan op vir sport in Afrikaans.
- Rapport*, 1998.09.06. J. Krüger: SABC gee meer nuus - maar net in Engels.
- Rapport*, 1998.09.13. J. Van Eeden: Jip-Jip vir wilde Afrikaanse woordeskat
- Rapport*, 1998.09.20. E. Gunning: Krisis dreig tussen die regering en Pansat.

- Rapport*, 1998.10.04. Z.B. du Toit: Afrikaans én ander tale sál in Suid-Afrikaanse howe bly, betoog Pansat.
- Rapport*, 1998.10.11. H. Retief: Ton Vosloo deel in die gees van vrye Afrikaans ter wille van groter nasie.
- Rapport*, 1998.10.18. J. Masilela: Afrikaanssprekendes moet dalk nie té mismoedig oor hul taal wees nie. Dit word oor 'n hele spektrum deur swart mense gebruik.
- Rapport*, 1998.10.25. N. van Heerden: Afrikaans is veilig as hy deel is van 'n groter leefwêreld.
- Rapport*, 1998.11.22. L. Jacobs: Afrikaanse reklame neig om van 'n Engelse perd af te val.
- Rapport*, 1999.11.07. N. Odendaal: Stadig skiet Afrikaners wortel in die vreemde. *Perspektief*.

Tydskrifte

- Afrikaans Vandag*, 1994. 2(2):10. S. Slabbert: Die lingo van die manne wat notch.
- Afrikaans Vandag*, 1997. 5 (1):6-7. H. Binge: Hou op kla en doen iets positiefs!
- Afrikaans Vandag*, 1997. 5 (1):9. T. Vosloo: Fase Twee van dié inisiatief lê nog voor.
- Afrikaans Vandag*, 1997. 5 (1):8. V. Webb: Afrikaans in 'n demokratiserende Suid-Afrika.
- Afrikaans Vandag*, 1998. 6 (1):1-3. H. de Vries: Hanteer praktiese taalprobleme menswaardig.
- Afrikaans Vandag*, 1998. 6 (1): 14–15. H. Willemse: Stel die land en sy mense sentraal.
- Afrikaans Vandag*, 1998. 6 (1):12. H. du Plooy: 'n Gees van Fees in die lug.
- Afrikaans Vandag*, 1998. 6 (1): 5. A. van Niekerk: 'n Nuwe Afrikaanse webwerf.
- De Huisgenoot*, 1917. 06
- De Kat*, 1992. 8 (2) : 62-69. E. Rautenbach: Suiwer Afrikaans se dae getel?
- De Kat*, 1994. 10 (5) : 48-53. M. Meiring: Hoor tog net hoe vloek ons!
- De Kat*, 1994. 10 (6) : 78-82. C. Erasmus: Die laaste van die takhare.

- De Kat*, 1994. 10 (6) : 78-82. C. Erasmus: Die laaste van die takhare.
- De Kat*, 1995. 11 (1) : 87-89. E. Rautenbach: Die ghoeroe pornograaf.
- De Kat*, 1996. 11 (8) : 52-54. R. Louw: Afrikaans word plesierig op die draadloos.
- De Kat*, 1998.05 J. Roux: Reklame.
- De Kat*, 1998.06 J. van Rooyen: Om net te leer 'meido' .
- De Kat*, 1998.07 M. Rossouw: Gatskeer in die Klein Karoo.
- Die Matie*, 1998.05.22. Reklametaal: Het Afrikaans Plafon bereik?
- Finansies en tegniek*, 1993.05.28.
- Huisgenoot*, 1999.02.04 G. Meintjies: Postkoloniale (Afrikaanse) Kantaantekeninge.
- Karring*, 1998. (14) 28-33.
- Krit*, 1998.04.05 L. Retief: Niks sê dit soos Afrikaans nie.
- Sarie*, 1997.12.03. C.T. Msimang. Impact of Zulu on Tsotsitaal.
- South African Journal of African languages*, 1987. 7 (3) : 82-86.
- Stilet*, 1991 3:1. P. H. Roodt: Rondom die literatuur en kritiek van die tagtigerjare. Gutenberg Boekdrukkers: Pretoria Wes.
- Stilet*, 1991. 3:1 F.R. Gilfillan: Die Afrikaanse poësie van die tagtigerjare. 'n indruk. Gutenberg Boekdrukkers: Pretoria Wes.
- Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 1990. 30.4: 303-310. J.C Steyn: Taalstatus, taalbeleid en taalregte.